

Die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens in Potchefstroom

L Keynhans

21619247

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister*
in Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van
die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof A. G Herbst

Medestudieleier: Dr O. Janse van Rensburg

November 2015

PLEGTIGE VERKLARING



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

Akademiese Administrasie

PLEGTIGE VERKLARING

Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek, Lucé Kleynhans, die ondergetekende dat die verhandeling getitel,

Die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens in Potchefstroom

wat ek aan die Noordwes-Universiteit ter voldoening aan die vereiste van die Magister In Maatskaplike Werk–graad, hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds aan 'n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student _____ Universiteitsnommer _____

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20....

Verklaar voor my hierdie _____ dag van _____ 20....

Kommissaris van Ede: _____

Plegtige verklaring deur promotor/studieleier

Hiermee verklaar ondergetekende:

1. dat die genoemde student 'n goedgekeurde module vir die betrokke kwalifikasie bygewoon het en die werk van die module uitgevoer het of werk gedoen het wat deur die Senaat goedgekeur is;
2. dat hy/sy derhalwe gemagtig word om sy/haar skripsie verhandeling/proefskrif in te handig;
3. dat die registrasie/wysiging van titel goedgekeur is;
4. dat die aanwysing/wysiging van eksaminatore goedgekeur is en
5. ander voorskrifte soos vervat in die Handleiding vir nagraadse studie nagekom is.

Handtekening studieleier/promotor: _____ Datum: _____

VOORWOORD

Hierdie studie word in verhandelingformaat aangebied. Die NWU Harvard-verwysingsmetode is in die studie benut soos verkry vanuit die 2012 uitgawe van die NWU-verwysingsgids, versprei deur die Biblioteekdienste, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit.

Vir die doel van die studie is daar ook van ouer bronne gebruik gemaak, aangesien min literatuur oor die onderwerp beskikbaar was en die ouer bronne se inligting steeds waardevol en relevant tot die studie is.

DANKBETUIGINGS

'n Opregte dankie vanuit my hart aan al die persone wat tydens my studie betrokke was. Sonder julle sou ek nie hierdie verhandeling kon voltooi nie.

Hemelse Vader	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir die geleentheid om die studie te onderneem en alle deure wat vir my geopen is.
My verloofde, DJ	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir jou volgehoue ondersteuning, motivering, wyskede, offerings en laat-aandmoed inpraat!
My kinders: Madelein, Lee-Ann en Runéle	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir al julle geduld en motivering!• Dankie vir al die kere wat julle verstaan het as ek nie daar kon wees nie!
Prof Alida Herbst (studieleier)	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir al die motivering en dat Prof altyd bereid is om die ekstra myl te loop - voorwaar 'n rolmodel!
Dr Ona Jansen van Rensburg (mede-studieleier)	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir al die motivering en die ontwikkeling van my professionele identiteit!
Bianca Poole	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir die vriendelikheid, motivering en al die ekstra hulp!• Dankie dat jy altyd 'n plan gemaak het om my program te akkommodeer en dit wat soms onmoontlik gelyk het, kon reël!
Die SJGD van die Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir die geleentheid om navorsing binne jul VKOP te doen en al die ondersteuning en bystand.
Ma Tania en Pa Ossie	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir julle emosionele en finansiële ondersteuning en vir al julle bystand! Dankie dat julle altyd net 'n telefoon-oproep ver is.
Pa Thys, Melanie, Maneli en Milarke	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir die emosionele en finansiële ondersteuning!
Ma Annatjie, Ouma Dorie en Boetie Frikkie	<ul style="list-style-type: none">• Dankie vir al die motivering en ondersteuning;• Dankie vir al julle hulp met die kinders!
Adilla en Ingrid	<ul style="list-style-type: none">• 'n Baie groot dankie vir al die ondersteuning en afpak-sessies! Sonder julle sou ek nooit die laaste tydperk oorleef het nie!
Kollegas, familie en vriende	<ul style="list-style-type: none">• Dankie dat julle in my glo en vir volgehoue ondersteuning.

OPGEDRA AAN



DEON KONDOS

(1990 – 2013)

Vriend, SJGD konsultant en studiegenoot

OPSOMMING

Die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens in Potchefstroom

SLEUTELTERME: Vroeë Kinderontwikkeling, Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme (VKOP), Vroeë Kinderontwikkelingsentrum, Crèche, Studente Jool Gemeenskapsdiens (SJGD), Nie-regeringsorganisasies (NRO), Opvoeders, Welstand, Psigososiale omstandighede, Sisteme

AGTERGROND

Die studie handel oor die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens in die Tlokwe distrik en die invloed wat hierdie omstandighede op die implementering van sodanige program in crèches het. Die Studente Jool Gemeenskapsdiens bestaan reeds 30 jaar op die Noordwes- Universiteit se Potchefstroomkampus en word as 'n studentegedrewe welsynsorganisasie bestuur. Die Studente Jool Gemeenskapsdiens het vir die tydperk 2011 – 2014 'n projek waar opvoeders vanuit bron-arm gebiede opleiding deurloop in 'n spesifieke Vroeë Kinderontwikkelingsprogram ten einde dit in hul onderskeie crèches te implementeer, finansier. Hierdie opleiding is egter tot op hede nie formeel geëvalueer nie en die fasiliteerders van hierdie opleiding het die behoefte geïdentifiseer om die psigososiale omstandighede van opvoeders wat hierdie opleiding deurloop, te bepaal.

DOEL

Die primêre doel van die studie was om die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by die Studente Jool Gemeenskapsdiens se Vroeë Kinderontwikkelingsprogram te ondersoek en die invloed van sodanige omstandighede op die implementering van die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram te bepaal.

METODE

Die studie was voorts verkennend en beskrywend van aard. Teikengroep steekproeftrekking is benut om deelnemers by die studie te betrek en 13 deelnemers het hulself bereidwillig verklaar om aan die studie deel te neem. 'n Kombinasie van kwantitatiewe – en kwalitatiewe metodologie is benut ten einde die fenomeen te verstaan. Die kwantitatiewe komponent van die studie het bestaan uit 'n gestandaardiseerde vraelys wat die opvoeders se psigososiale omstandighede meet, terwyl die kwalitatiewe komponent van hierdie studie daarop gefokus het om deur middel van onderhoud vas te stel hoe die opvoeders hul eie psigososiale omstandighede ervaar en tot watter mate die opvoeders se psigososiale omstandighede die implementering van die Studente Jool Gemeenskapsdiens se Vroeë Kinderontwikkelingsprogram, beïnvloed.

RESULTAAT

Daar is bevind dat die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die Studente Jool Gemeenskapsdiens se Vroeë Kinderontwikkelingsprogram 'n invloed op die implementering van die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram in hul créches het. Deelnemers het hulle psigososiale omstandighede as beide positief en negatief beleef en hierdie omstandighede het dan 'n positiewe en negatiewe invloed op hul welstand. Indien hul welstand negatief beïnvloed word, sukkel deelnemers om sodanige programme in hul onderskeie créches te implementeer.

SUMMARY

The psychosocial circumstances of educators involved with the Early Child Development Program (ECDP) of the Student Rag Community Service in Potchefstroom

KEY CONCEPTS: Early Child Development, Early Child Development Program (ECDP), Early Child Development Centre, Crèche, Student Rag Community Service (SRCS), Non-governmental organisations (NGO), Educators, Welfare, Psychosocial circumstances, Systems

BACKGROUND

The study deals with the psychosocial circumstances of the educators involved in the Early Child Development Program of the Student Rag Community Service (SRCS) in the Tlokwe district and the influence these circumstances may have on the implementation of such programs in crèches. The Student Rag Community Service which already exists for 30 years on the Potchefstroom Campus of the North-West University is managed as a student-driven welfare organisation. The Student Rag Community Service has financed a project for the period 2011 – 2014 where educators from the source-impooverished areas underwent training in a specific Early Child Development Program in order to implement it in their various crèches. This training has, however, not been evaluated formally up to now, and the facilitators of this training have identified the need to determine the psychosocial circumstances of the educators who have undergone the training.

PURPOSE

The primary purpose of this study was to investigate the psychosocial circumstances of the educators involved in the Student Rag Community Service's Early Child Development Program and to determine the influence of such circumstances on the implementation of the Early Child Development Program.

METHOD

This study was exploratory and descriptive in nature. Target group sampling was utilised to involve participants in the study and 13 participants declared themselves willing to take part in the study. A combination of quantitative and qualitative methodology was utilised in order to understand the phenomenon. The quantitative component of the study consisted of a standardised questionnaire which measured the psychosocial circumstances of the educators, while the qualitative component of this study focussed on the determination through interviews how the educators experience their own psychosocial circumstances and to what extent the educators' psychosocial circumstances influence the implementation of the Student Rag Community Service's Early Child Development Program.

RESULTS

It was found that the psychosocial circumstances of the educators involved in the Student Rag Community Service's Early Child Development Program have an influence on the implementation of the Early Child Development Program in their crèches. Participants experienced their psychosocial circumstances both positively and negatively and these circumstances have a positive and negative influence on their welfare. If their welfare is influenced negatively, participants struggle to implement the programs in their respective crèches.

INHOUDSOPGAWE

PLEGTIGE VERKLARING	I
VOORWOORD.....	III
DANKBETUIGINGS.....	IV
OPSOMMING	VI
SUMMARY	VIII
HOOFSTUK 1: INLEIDING EN ORIËTERING TOT DIE STUDIE.....	1
1.1 INLEIDING.....	1
1.2. AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE	1
1.3. PROBLEEMSTELLING.....	2
1.4. DOELSTELLING EN DOELWITTE	4
1.4.1 Doelstelling.....	4
1.4.2 Doelwitte.....	5
1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT	5
1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	5
1.6.1 Literatuurstudie.....	5
1.6.2 Empiriese ondersoek.....	6
1.6.3 Data-analise	8
1.6.4 Etiese aspekte.....	9
1.6.5 Teoretiese begroning van die studie.....	10
1.6.6 Begrensing van studie.....	11
1.7 BEPERKING VAN STUDIE.....	11
1.8 KEUSE EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	12
HOOFSTUK 2: VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME EN DIE PSIGOSOSIALE FUNKIONERING VAN OPVOEDERS IN SODANIGE PROGRAMME	14
2.1 INLEIDING.....	14
2.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS.....	15
2.3 VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME.....	20

2.3.1	<i>Die internasionale geskiedenis van vroeë kinderontwikkelingsprogramme</i>	20
2.3.2	<i>Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme in Suid-Afrika</i>	22
2.3.3	<i>Die aard van Vroeë Kinderontwikkeling en Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme</i>	26
2.3.4	<i>Die doel van VKO en VKOP</i>	27
2.4	VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME IN NIE- REGERINGSORGANISASIES EN SUID-AFRIKAANSE SKOLE	28
2.4.1	<i>Die agtergrond van Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme in nie-regeringsorganisasies</i>	28
2.4.2	<i>Die Vroeë kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens</i>	29
2.4.3	<i>Die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens in landelike créches</i>	32
2.5	DIE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE VAN OPVOEDERS IN SUID-AFRIKAANSE VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME	33
2.6	PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDER MET SPESIFIEKE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE IN LANDELIKE GEBIEDE	35
2.7	'N VERKENNING VAN OPVOEDERS SE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE	37
2.7.1	<i>Interne prosesse</i>	37
2.7.2	<i>Eksterne prosesse</i>	38
2.8	SAMEVATTING	43
HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE		45
3.1	INLEIDING	45
3.2	NAVORSINGSONTWERP	45
3.3	POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING	46
3.3.1	<i>Deelnemers</i>	46
3.3.2	<i>Steekproefneming</i>	46
3.4	METODES VAN DATA-INSAMELING	47
3.4.1	<i>Kwantitatiewe meetinstrument</i>	47
3.4.2	<i>Kwalitatiewe metode van data-insameling</i>	56

3.4.3	<i>Opsomming van die prosedure wat gevolg is tydens die data-insamelingsproses</i>	58
3.5	DATA-ANALISE.....	59
3.6	ETIESE ASPEKTE	61
3.6.1	<i>Etiese goedkeuring</i>	61
3.6.2	<i>Spesialiteite, vaardighede en wetlike bevoegdheid om studie te onderneem</i>	61
3.6.3	<i>Waarskynlike ervarings van deelnemers aan hierdie studie</i>	62
3.6.4	<i>Privaatheid en anonimiteit van deelnemers</i>	62
3.6.5	<i>Toegang tot die gemeenskap en ingeligte toestemming</i>	62
3.6.6	<i>Risiko's en voordele verbonde aan hierdie studie</i>	63
3.6.7	<i>Belonings aan deelnemers</i>	64
3.6.8	<i>Vertrouenswaardigheid van ingesamelde data</i>	65
3.6.9	<i>Bestuur van data</i>	69
3.6.10	<i>Bekendmaking van resultate van die studie</i>	69
3.7	GEVOLGTREKKING	70
HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE.....		72
4.1	INLEIDING.....	72
4.2	PROFIEL VAN DIE DEELNEMERS.....	72
4.3	BEVINDINGE VANUIT DIE KWANTITATIEWE DATA	74
4.3.1	<i>Deelnemers se tellings ten opsigte van funksioneringsareas en sub-aspekte</i>	78
4.3.2	<i>Fisiese funksioneringareas</i>	92
4.3.3	<i>Opsomming van alle kwantitatiewe data en toepassing op die studie</i>	93
4.4	BEVINDINGE VANUIT KWALITATIEWE DATA.....	93
4.4.1	<i>Data wat vanuit kwalitatiewe onderhoude verkry is</i>	94
4.4.2	<i>Opsomming van alle kwalitatiewe data en toepassing op die studie</i>	130
4.4.3	<i>Vergelyking tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe data</i>	132
4.5	GEVOLGTREKKING	136

HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.....	138
5.1 INLEIDING.....	138
5.2 SAMEVATTING.....	138
5.3 OPSOMMING VAN NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	139
5.3.1 <i>Literatuurstudie</i>	139
5.3.2 <i>Empiriese ondersoek</i>	140
5.4 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE RESULTATE.....	140
5.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT.....	142
5.6 AANBEVELINGS.....	142
5.6.1 <i>Nasionaal: Aanbevelings aan staatsdepartemente</i>	142
5.6.2 <i>Plaaslik: Aanbevelings aan die Fakulteite Gesondheids- en Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus</i>	143
5.6.3 <i>Plaaslik: Die SJGD van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus</i>	144
5.7 UNIEKE BYDRAE VAN DIE STUDIE.....	144
5.8 GEVOLGTREKKING.....	145
BIBLIOGRAFIE.....	147

LYS VAN BYLAE

BYLAAG A: VOORBEELD VAN DIE PMSI-MEETINSTRUMENT	159
BYLAAG B: ONDERHOUDSKEDULE	170
BYLAAG C: ETIESE GOEDKEURINGCERTIFIKAAT	179
BYLAAG D: INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM	180
BYLAAG E: TOESTEMMINGSDOKUMENT VAN DIE SJGD	181
BYLAAG F: CERTIFIKAAT VAN TAALVERSORGING.....	187

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1:	Proses om sielkundige skade te voorkom	10
Figuur 2.1:	Uiteensetting van Hoofstuk 2	14
Figuur 2.2:	Die ontwikkeling van VKOP in Suid-Afrika.....	25
Figuur 2.3:	Uiteensetting van verskillende sisteme waarin individue funksioneer	39
Figuur 3.1:	Proses van data-insameling.....	59
Figuur 4.1:	Sub-aspekte van positiewe psigososiale funksionerings-areas.....	78
Figuur 4.2:	Kernaspekte van negatiewe psigososiale funksioneringsareas	80
Figuur 4.3:	Kernaspekte van emosionele funksioneringsareas.....	82
Figuur 4.4:	Kernaspekte van selfpersepsie funksioneringsareas	88
Figuur 4.5:	Kernaspekte van interpersoonlike funksioneringsareas.....	90
Figuur 4.6:	Kernaspekte van geestelike funksioneringsareas.....	91
Figuur 4.7:	Kernaspekte van fisiese funksioneringsareas	92
Figuur 4.8:	Sisteme waarbinne die individu funksioneer	94

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1:	’n Geskiedkundige oorsig van vroeë kinderontwikkelings- programme	20
Tabel 2.2:	Verwagtinge wat aan opvoeders gestel word	Error! Bookmark not defined.
Tabel 3.1	Beskrywing van funksioneringsareas wat gemeet word	48
Tabel 3.2:	Betroubaarheid van kwalitatiewe data	66
Tabel 4.1:	Profiel van deelnemers aan die studie	73
Tabel 4.2:	Beskrywing van tellings van die PMSI se funksioneringsareas	75
Tabel 4.3:	Sub-aspekte van emosionele funksionering wat die potensiaal het om welstand negatief te beïnvloed	85
Tabel 4.4:	Biografiese en demografiese inligting vanuit deelnemers se kinderjare	95
Tabel 4.5:	Ervarings en herinneringe uit kinderjare	97
Tabel 4.6:	Deelnemers se selfpersepsie	98
Tabel 4.7:	Biografiese en demografiese inligting van deelnemers se huis	101
Tabel 4.8:	Verantwoordelikhede in die huis:	104
Tabel 4.9:	Bsiese behoeftes by deelnemers se huis	106
Tabel 4.10:	Biografiese en demografiese inligting van deelnemers se skool ..	107
Tabel 4.11:	Verwagtings by deelnemers se skool:	109
Tabel 4.12:	Basiese behoeftes by die skool	113
Tabel 4.13:	Uitdagings by die skool	115

Tabel 4.14:	Motivering om 'n opvoeder te wees	117
Tabel 4.15:	Deelnemers se ondersteuningsnetwerk.....	118
Tabel 4.16:	Deelnemers se ervaring van die VKOP opleiding:	120
Tabel 4.17:	Maklik implementeerbare aspekte van die VKOP opleiding	121
Tabel 4.18:	Moeilik implementeerbare aspekte van die VKOP opleiding	123
Tabel 4.19:	Verwagtings ten opsigte van die VKOP opleiding	125
Tabel 4.20:	Die VKOP opleiding se invloed op deelnemers se funksionering ..	128

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN ORIËTERING TOT DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk dien as 'n inleiding tot die studie. Daar word gefokus op die rasionaal vir die studie, die probleemstelling waaruit die navorsingsvrae ontstaan, die doelstelling en doelwitte van die studie, 'n kort oorsig van die navorsingsmetodologie, asook 'n opsommende beskrywing van die spesifieke hoofstukke wat in die verhandeling voorkom.

1.2. AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

Die Studente Jool Gemeenskapsdiens (hierna verwys as SJGD) is die geregistreerde studente-gedrewe welsynsorganisasie van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Alle deelnemers is vrywillig by SJGD se welsynsaktiwiteite, gemeenskapsdiens en gemeenskapsontwikkeling in die Tlokwe-distrik betrokke (SJGD, 2004). Die SJGD het vanaf 2011 – 2014 'n projek gefinansier waar opvoeders vanuit bron-arm gemeenskappe 'n spesifieke Vroeë Kinderontwikkelingsprogram (hierna verwys as VKOP) deurloop ten einde dit in hul crèches te implementeer.

Volgens die *Children's Act* (38 van 2005) en die *National Development Plan 2030* in Suid-Afrika, is Vroeë Kinderontwikkeling (hierna verwys as VKO) 'n nasionale prioriteit. VKOP behels sosio-opvoedkundige programme wat beoog om die gaping tussen huishoudelike omstandighede en die primêre skool te vul. Wanneer hierdie gaping gevul word, word kinders se skoolgereedheid bevorder, pas kinders beter aan by die skool en bereik hulle groter akademiese sukses.

Die navorser was vir 'n tydperk van vier jaar betrokke by die SJGD van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus en het verskeie rolle binne dié organisasie vervul. Gedurende hierdie tydperk het die navorser waargeneem dat opvoeders wat die VKOP opleiding deurloop het, nie die VKOP noodwendig effektief in hul onderskeie crèches implementeer nie. Die navorser het begin nalees aangaande die invloed van psigososiale omstandighede op opvoeders, maar kon slegs beperkte literatuur in die breër veld van VKO en VKOP vind. Hieruit is 'n behoefte geïdentifiseer om verdere navorsing aangaande die onderwerp te doen.

1.3. PROBLEEMSTELLING

Volgens Pence (2004:15) is VKO in Afrika begin beklemtoon gedurende die 1990's en is dit steeds 'n nasionale prioriteit. VKO verwys na die eerste agt jaar van 'n kind se lewe (Nyeko, 2011:3). Literatuur verwys na die positiewe impak wat VKO op 'n kind se welstand het (Reynolds, Temple & White, 2010:36). Volgens Anderson, Shinn, Fullilove, Scrimshaw, Fielding, Normand en Carande-Kulis (2003:32) word daar gedurende die vroeë kinderontwikkelingsfase fundamentele fasette van 'n kind se akademiese suksesse, gesondheid en algehele welstand gevorm en ontwikkel. Kinders wat gedurende hierdie fase in stresvolle huishoudings grootword waar afwesigheid van een of beide ouers en siektes soos MIV en Vigs aan die orde van die dag is, het die risiko om nie betyds by die skool in te skryf nie en hul algehele welstand word dan benadeel (Nyeko, 2011:4).

Die opvoeder self speel 'n prominente rol in VKO en die uiteindelijke implementering van VKOP en die sukses daarvan hou grootliks verband met die effektiwiteit van die opvoeder. Effektiewe opvoeders word beskryf as opvoeders met goeie psigososiale omstandighede, ondervinding en kennis in hul vakgebied, opvoeders wat intrinsiek gemotiveer word en ondersteuning van hul vriende en familie ontvang (Dan, 2002:3; Rakumako & Laugksch, 2010:140; Saban, 2003:829; Ward & Henschel, 2009:397).

Psigososiale omstandighede van die opvoeder is ook verwant die effektiwiteit van die opvoeder. Die term psigososiale omstandighede reflekteer die verhouding tussen die psigologiese en sosiale omstandighede van die opvoeder. Psigologiese omstandighede verwys na die interne prosesse wat denke, gevoelens, emosies en persepsies insluit (Weiten, 2007:632). Hierteenoor is sosiale omstandighede eksterne prosesse wat fokus op die verhoudings tussen individue, gesinne, gemeenskappe en die omgewing. Dit impliseer dat inkomste, behuising, opvoeding, gesondheidsorg en persoonlike veiligheid ook 'n beduidende rol vervul (Du Bois & Miley, 2008:18). Die psigologiese en sosiale omstandighede het 'n dinamiese verhouding en verandering in een area bring verandering in 'n ander area mee.

Fredriksen en Rhodes (2004:47) beskryf onderwys as een van die mees stresvolle professies in die beroepswêreld. Persone wat hoë vlakke van stres ervaar, word vinniger moeg, is meer geneig om siek te word en sukkel om te konsentreer (Anon,

2008). Negatiewe psigososiale omstandighede kan die streslading van opvoeders verder verhoog (Gu & Day, 2007:1038). Volgens Gu en Day (2007:1307) kan 'n tekort aan ondersteuning van ouers en die beheerliggame van skole, tesame met die opvoeders se psigososiale omstandighede die opvoeder se effektiwiteit verlaag. Sosiale omstandighede soos bron-arm gemeenskappe in veral landelike gebiede, tekort aan vervoermiddels, swak opvoedkundige fasiliteite en 'n tekort aan kulturele hulpbronne beïnvloed ook die opvoeder se werkslewe (Sargent & Hannum, 2005:177). Skole in bron-arm gemeenskappe word met verskeie uitdagings gekonfronteer, insluitend: swak besoldiging; beperkte kanse vir bevordering en kulturele en fisiese isolasie. Hierdie uitdagings kan weer die effektiwiteit van die opvoeder beïnvloed (Boylan & McSwan, 1998:10; Feistritzer, 2008:23).

Weens hierdie omstandighede glo opvoeders in landelike gebiede dikwels dat hulle nie in leerders se akademiese behoeftes kan voorsien nie en soms het hulle ook nie voldoende selfvertroue om gemeenskapsprogramme te ontwikkel of te implementeer nie (Boyer & Bandy, 2010:2). Van der Westhuizen (2009:3) verduidelik dat indien 'n land kinders akademies wil ondersteun, die proses moet begin deur opvoeders met hul eie psigososiale omstandighede te ondersteun en aan hulle inligting te verskaf aangaande sosio-ekonomiese probleme en hoe om dit te hanteer.

Van der Westhuizen (2009:21) verwys na Theron van die NWU se Vaaldriekhoek-kampus se navorsingstudie wat in 2005 onderneem is en die impak van MIV en VIGS op opvoeders se welstand en veerkragtigheid gemeet het. Die resultate van hierdie studie het daartoe gelei dat 'n program, naamlik *Resilient Educators* (hierna verwys as die REds program) ontwerp is, wat opvoeders wat deur die MIV-epidemie geraak word, ondersteun. Hierdie program is in drie provinsies in Suid-Afrika, naamlik Noordwes, Gauteng en die Vrystaat geïmplementeer en het daaruit bestaan om basiese inligting rakende MIV en Vigs aan opvoeders te verskaf ten einde hul te ondersteun en te bemagtig (Van der Westhuizen, 2009:21). Joubert (2010:147) het ook die REds program geëvalueer en 'n aanbeveling gemaak dat deelnemers aan die REds program ook moontlik baat kan vind by ander vaardighede soos aandag gee, refleksie, opsomming en basiese empatie ten einde hul persoonlike lewens, sowel as die lewens van die kinders in hul crèche te verbeter.

Die SJGD se VKOP is vanaf 2011 - 2014 aangebied aan opvoeders uit bron-arm gemeenskappe wat swak psigososiale omstandighede het. Die doel van die SJGD se VKOP is om aan onopgeleide persone uit die gemeenskap wat 'n crèche, dagsorgsentrum of kleuterskool bedryf, opleiding te gee. Onderwerpe soos vloeiagramme, weekbeplanning, kuns, taal, musiek en beweging, spel, observasie en assessering is aangespreek, ten einde die opvoeders se kennis te verbreed en hul nuwe vaardighede aan te leer wat hulle in hul onderskeie crèches kan toepas. Van der Westhuizen (2009:82) verduidelik dat kinders die toekoms van 'n land is en ten einde kinders te help om 'n sukses van hul toekoms en die land te maak, moet opvoeders ondersteun word in hul professionele lewe, asook alle ander aspekte wat 'n invloed op hul welstand kan hê. Die VKOP van die SJGD maak egter nie voorsiening vir die psigososiale omstandighede van die opvoeder nie.

Geen faset van die effektiwiteit van SJGD se VKOP en die implementering daarvan in crèches is al geëvalueer nie. Inteendeel, navorsing rakende die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by VKO is beperk en feitlik onbekend in die veld van onderrig en maatskaplike werk. Gu en Day (2007:1304) verduidelik dat dit moeilik is om enige navorsingsartikel wat die impak van omgewings- en lewensfaktore op die effektiwiteit van opvoeders meet, op te spoor. Daar is gevolglik 'n leemte en 'n behoefte aan navorsing en die verdieping van kennis oor hierdie onderwerp in beide die sosiale en opvoedkundige wetenskappe.

Vanuit die voorafgaande probleemstelling ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by SJGD se VKO opleidingsprogram?
- Hoe ervaar opvoeders hul eie psigososiale omstandighede?
- Hoe beïnvloed die opvoeders se psigososiale omstandighede die implementering van die SJGD se VKOP by hul crechés?

1.4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.4.1 Doelstelling

Om die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP te ondersoek en die invloed van sodanige omstandighede op die

implementering van die VKOP te bepaal.

1.4.2 Doelwitte

- Om die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP te bepaal;
- Om die opvoeders se ervaring van hul eie psigososiale omstandighede te ondersoek en te beskryf;
- Om die mate waartoe die opvoeders se psigososiale omstandighede die implementering van die VKOP by hul crechés beïnvloed, te bepaal.

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die implementering van die SJGD se VKOP deur opvoeders by crèches in die Tlokwe distrik word beïnvloed deur die opvoeders se psigososiale omstandighede.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Ten einde die doelwitte van hierdie studie te bereik en sodoende die navorsingsvrae te beantwoord, is 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologie benut wat vervolgens meer breedvoerig bespreek sal word.

1.6.1 Literatuurstudie

Volgens Nel (2011:13) word navorsing nie bloot gedoen om konstrunkte te meet nie, maar ook om inligting aan die navorsingsgemeenskap oor te dra. 'n Literatuurstudie is onderneem ten einde 'n beter begrip van die aard en betekenis van die onderwerp te verkry (Fouché & Delport, 2011:134). Deur middel van die bestudering van bestaande en beskikbare literatuur aangaande VKO, VKOP en die effektiwiteit en welstand van opvoeders, kon die navorser dieper insig ontwikkel rakende die navorsingsprobleem. Die volgende temas is verken deur middel van die literatuurstudie:

- Agtergrond rakende bestaande VKOP en die belangrikheid daarvan;
- Agtergrond aangaande die SJGD wat die VKOP opleiding aan opvoeders aanbied;
- Die werkswyse wat die SJGD in die aanbieding van die VKOP volg;

- Algemene psigososiale omstandighede van opvoeders binne die Suid-Afrikaanse konteks;
- 'n Algemene profiel van die opvoeder wie se psigososiale omstandighede vol uitdagings is;
- Die impak wat hierdie omstandighede op opvoeders het en hul ervaring van spesifieke psigososiale omstandighede;
- Die impak wat spesifieke psigososiale omstandighede binne 'n Suid-Afrikaanse konteks op die implementering van programme soos die VKOP, kan hê.

In die literatuurstudie is daar van nasionale, sowel as internasionale literatuur gebruik gemaak. Die navorser het verskeie handboeke, vaktydskrifte, proefskrifte, navorsingsverslae, VKO, VKOP-, sowel as SJGD dokumentasie bestudeer ten einde 'n in-diepte literatuurstudie te onderneem. Soos voorheen bespreek, is navorsingsbronne in hierdie area nie gereedelik beskikbaar nie en navorsingsbronne wat beskikbaar was, is verouderd. Databasisse soos EBSCO HOST, Academic Search Premier, Eric, SA Publications, ProQuest en LexisNexis is geraadpleeg in die soeke na literatuur oor die onderwerp.

1.6.2 Empiriese ondersoek

Om die empiriese ondersoek van hierdie studie op te som sal die volgende aspekte vervolgens bespreek word: die navorsingsontwerp, deelnemers, data-insamelingsmetodes, prosedures, etiese aspekte en dataverwerking.

1.6.2.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die aksieplan wat voorstel hoe daar te werk gegaan moet word om die navorsing te doen (Alston & Bowles, 2007:66). Die triangulerende gemengde ontwerp is in hierdie studie gebruik ten einde geldige en betroubare data te versamel. Hierdie ontwerp het kwantitatiewe, sowel as die kwalitatiewe elemente ingesluit om die fenomeen, naamlik die psigososiale omstandighede van opvoeders en die mate waarop hierdie omstandighede die implementering van die VKOP in hul crèches, beïnvloed, beter te verstaan (Ivankova, Cresswell & Clark, 2007:266). Die studie was verkennend en beskrywend van aard. Die verkennende ontwerp is benut

weens die feit dat die studie 'n onbekende terrein in maatskaplike werk is. Swanepoel (2003:23) beskryf dat die verkennende ontwerp juis ten doel het om nuwe insigte aangaande 'n verskynsel in te win. Die beskrywende ontwerp gee 'n illustrasie van die spesifieke aard van 'n situasie, omstandighede en verhoudings ten einde die “hoe” en “waarom” vrae in die navorsing te beantwoord (Kreuger & Neuman, 2006:23). Hierdie navorsingsontwerpe is gekombineer in die ondersoek, sodat die opvoeders se psigososiale omstandighede ondersoek kon word en die beïnvloeding van hierdie omstandighede en die wyse waarop hulle VKOP implementeer beskryf kon word (Fouché & De Vos, 2011: 96).

Die kwantitatiewe komponent van die studie het uit 'n gestandaardiseerde vraelys wat die opvoeders se psigososiale omstandighede meet bestaan. Hierdie meetinstrument sal in Hoofstuk 3 meer breedvoerig bespreek word.

Die kwalitatiewe komponent van hierdie studie het daarop gefokus om deur middel van onderhoude vas te stel hoe die opvoeders hul eie psigososiale omstandighede ervaar en om te eksploreer hoe die opvoeders se psigososiale omstandighede die implementering van die VKOP moontlik kon beïnvloed. Daar was veral van fenomenologiese in-diepte onderhoude, sowel as visuele voorstellings, gebruik gemaak om hierdie data te versamel. Uiteindelik kon die gemengde triangulering strategieë soos in Creswell (2014:213) uiteengesit, gebruik word om die uitkoms van die ondersoek voor te stel. Hierdie meetinstrument sal volledig in Hoofstuk 3 bespreek word.

1.6.2.2 Deelnemers

Die deelnemers aan die navorsing het bestaan uit crèche opvoeders in die Tlokwe distrik wat deelgeneem het aan die VKOP opleiding van die SJGD. Die totale populasie van opvoeders wat by die VKOP opleiding ingeskryf is (n=93), is tydens hierdie navorsing gebruik.

1.6.2.3 Data-insamelingsmetodes

In hierdie studie is daar van kwantitatiewe vraelyste, sowel as kwalitatiewe in-diepte onderhoude gebruik gemaak om data in te samel. Vir die kwantitatiewe gedeelte is daar van die Psigososiale Multifunksionering inventaris (PMSI) (Faul & Hanekom,

2006:2) gebruik gemaak. Die doel met die benutting van die PMSI is om deelnemers se psigososiale omstandighede te meet en aanbevelings vir die toekoms te maak.

Konstrukte wat deur hierdie instrument gemeet word, sluit in:

- Psigososiale omstandighede;
- Emosionele omstandighede;
- Selfpersepsie;
- Interpersoonlike omstandighede;
- Geestelike omstandighede;
- Fisiese omstandighede.

Die geldigheid en betroubaarheid van hierdie meetinstrument, word in hoofstuk 3 beskryf en 'n voorbeeld van hierdie meetinstrument word aangeheg as Bylaag A.

Volgens Nieuwenhuis (2010:87) is die doel van 'n onderhoud om beskrywende data te bekom rakende die idees, perspektiewe, ervarings en gedrag van die deelnemers. Vir die kwalitatiewe gedeelte van die studie is daar van in-diepte onderhoude gebruik gemaak ten einde die deelnemers se psigososiale realiteit (Nieuwenhuis, 2010:87) te verken, om uiteindelik die psigososiale omstandighede van die deelnemers en die mate waartoe dit die implementering van die VKOP beïnvloed, te beskryf. Die onderhoude het die fenomenologiese benadering gevolg (Greeff, 2011: 342). Die metode waarvolgens die navorser teweerk gegaan het om vertrouenswaardigheid, geldigheid, betroubaarheid en onpartydigheid in hierdie onderhoude te verseker, word in Hoofstuk 3 breedvoerig bespreek. Die onderhoudskedule wat gebruik is tydens die kwalitatiewe data-insamelingsproses word as Bylaag B aangeheg.

1.6.3 Data-analise

Data-analise is die proses wat gebruik word om die ingesamelde data te struktureer en interpreteer (Marshall & Rossman, 1999:152). In hierdie studie is daar van die PASWIN program (PASWIN, 2000-2005), wat spesifiek ontwerp is om data vanuit die PMSI-meetinstrument te analiseer, gebruik gemaak ten einde die geldigheid en betroubaarheid van die data te verseker. Tesch se benadering tot die tematiese analise van kwalitatiewe data behels die analisering en interpretering van die data

binne temas, in agt basiese stappe (Poggenpoel, 1998:343). Die navorser het Tesch en Creswell (Creswell, 2014:191) se benaderings gebruik om temas en subtemas in die data te identifiseer en te interpreteer om uiteindelik die navorsingsvrae van die studie te beantwoord.

1.6.4 Etiese aspekte

Hierdie studie is deur die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus goedgekeur en die goedkeuringsnommer, NWU-00003-11-A1 is toegeken. Die etiekertifikaat word as Bylaag C aangeheg. Die navorser het deurgaans gepoog om etiese beginsels soos vertroulikheid, ingeligte toestemming en vrywillige deelname toe te pas (Strydom, 2011a:115).

Elke deelnemer betrokke by die studie het vrywillig deelgeneem nadat hul ingelig is aangaande die aard en omvang van hierdie studie. Deelnemers is ingelig dat hulle op enige stadium kon onttrek van die studie en dat dit nie teen hulle gehou sal word nie. Die volgende voordele en moontlike risiko's van die studie is identifiseer en aan deelnemers verduidelik:

- Voordele van die studie
 - Deelnemers sal bewus gemaak word van hulpbronne in hul eie gemeenskappe;
 - Deelnemers kon innerlike tevredenheid ervaar weens die feit dat hulle bydra tot die verbreding van kennis in die VKO veld.
- Moontlike risiko's
 - Deelnemers kon bewus raak van hul eie psigososiale omstandighede wat negatiewe emosies by hul kon ontlok;
 - Deelnemers kon aan hul eie effektiwiteit begin twyfel, wat 'n invloed op hul opvoedingswyse of – tegnieke kon hê.

Navorsingsrespondente kan blootgestel word aan allerlei emosionele skade soos herinneringe vanuit hul eie kinderjare wat hul welstand kan beïnvloed, selfvertroue wat verminder of verhoogde stres (Neuman, 2006:132). Sou dit aan die lig kom dat enige deelnemer aan hierdie studie se psigososiale welstand 'n negatiewe invloed op hom / haar het, of dat die studie enige negatiewe emosies by die deelnemers ontlok,

is die volgende proses in plek gestel.



Figuur 1.1: Proses om sielkundige skade te voorkom

Die voorafgaande voordele, risiko's en prosesse is aan deelnemers verduidelik. Alle deelnemers het 'n ingeligte toestemmingsvorm onderteken wat as Bylaag D aangeheg is en geen misleiding van die deelnemers het 'n rol in hierdie studie gespeel nie. Daar is ook toestemming vanaf die bestuur van die SJGD verkry om hierdie studie uit te voer (Sien Bylaag E).

1.6.5 Teoretiese begroning van die studie

Volgens De Vos en Strydom (2011:37) is 'n teorie 'n poging om 'n spesifieke fenomeen te verduidelik of te voorspel. In hierdie studie word die sisteemteorie in maatskaplike werk as die teoretiese begroning gebruik. Poulin (2000:4) beskryf die sisteemteorie as 'n "*person-in-environment*" perspektief waar individue en hul omgewings as 'n interverwante geheel gesien word. Daar bestaan 'n wedersydse verhouding tussen die individu en die omgewing waarbinne die individu leef en

verandering in een sisteem bring verandering in 'n ander sisteem mee.

1.6.6 Begrensing van studie

Die navorsing is in die Tlokwe-distrik onderneem. Die totale populasie (n=93) van opvoeders wat betrokke is by die VKOP opleiding van die SJGD is betrek.

1.7 BEPERKING VAN STUDIE

Die volgende beperkings en uitdagings is in hierdie studie ervaar:

- Internasionale, sowel as nasionale literatuur ten opsigte van die onderwerp van hierdie studie is beperk;
- Veranderinge aan die navorsingprotokol, etiese goedkeuring en die proses van titelregistrasie het lank geneem;
- Daar was dikwels botsings in die programme van die navorser, die SJGD, die fasiliteerder van die opleiding en van die deelnemers;
- Alhoewel die deelnemers Afrikaans en Engels magtig was, kon hulle deelname in 'n ander taal as hul moedertaal 'n invloed hê op die voltooiing van vraelyste en op response tydens die onderhoud;
- Veranderlikes soos ouderdom, geslag, onderrig ervaring en kwalifikasies van deelnemers, kon resultate beïnvloed weens die feit dat ouer deelnemers met meer onderrig ervaring of deelnemers met hoër kwalifikasies 'n breër spektrum kennis en ervaring het waaruit hulle inligting kon weergee;
- Subjektiviteit van deelnemers kan as 'n verdere beperking gesien word, weens die feit dat sommige deelnemers dalk selfbewus kon wees en vrae aangaande hul werklike psigososiale omstandighede nie eerlik kon beantwoord nie;
- Die kontakbesonderhede van die eerste groep opvoeders wat die opleiding deurloop het, was nie beskikbaar nie, weens die feit dat dit op geen databasis aangebring is nie. Die kontakbesonderhede wat wel beskikbaar was, is benut om opvoeders uit te nooi om deel te neem aan die studie. Sommige opvoeders het egter intussen verhuis en kon nie opgespoor word nie. Gevolglik was daar 'n lae respons;
- Weens die feit dat net 13 deelnemers hulself bereidwillig verklaar het om aan die studie deel te neem, kan die resultate nie veralgemeen word om die totale

populasie van opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP te verteenwoordig nie.

1.8 KEUSE EN STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag is die finale terugvoer wat alle aspekte vanaf die aanvang tot die afhandeling van die navorsing saamvat (Babbie, 2004:485). Die navorsingsverslag word in verhandelingformaat aangebied en inligting wat weergegee word, is 'n integrasie van teoretiese kennis, sowel as die empiriese ondersoek en die uiteindelijke resultate wat verkry is. Die verhandeling bestaan uit vyf hoofstukke wat soos volg opgesom kan word:

- Die inleiding en oriëntering tot die studie word in Hoofstuk 1 vervat. Hier is gefokus op die konteks van die studie deur die rasionaal van die studie, doelstellings en doelwitte en die metode van ondersoek te verduidelik. Hierdie hoofstuk is afgesluit deur die beperkings wat gedurende die tydperk van die studie ervaar is, op te som.
- **Hoofstuk 2** handel oor die agtergrond en die aard van die opvoeders se psigososiale omstandighede deur middel van 'n literatuurstudie waar bestaande literatuur wat van toepassing op die studie is, bespreek word.
- **Hoofstuk 3** gee 'n uiteensetting van die navorsingsmetodologie waar die navorsingsontwerp en die metodologie wat gevolg was, volledig bespreek word. Hier word gefokus op die sentrale teoretiese argument, die populasie en steekproefneming, beskrywing van meetinstrumente en hul betroubaarheid en 'n volledige uiteensetting van die data-insamelingsproses (hoe toegang tot deelnemers verkry is, tegnieke en prosedures wat gebruik was, ens).
- Die resultate van die studie word in **Hoofstuk 4** aangebied. Die resultate vanuit die kwanitatiewe data word beskryf en opgesom deur middel van tabelle en figure, terwyl die temas en patrone wat vanuit die kwalitatiewe data verkry is, tematies opgesom en beskryf word.
- **Hoofstuk 5** vorm die laaste hoofstuk van die verhandeling. Hier word 'n samevatting van elke hoofstuk gegee en die navorsingsmetodologie word kortliks weergegee. Verder sal die gevolgtrekkings wat vanuit die data gemaak kon word bespreek word waarna data met die sentrale teoretiese argument vergelyk word. Hierdie hoofstuk word afgesluit deur aanbevelings

wat die navorser vanuit die bevindinge maak en die bydrae van hierdie studie te bespreek.

- Na die inleiding en rasionaal uiteengesit en verduidelik is en 'n opsomming van die hoofstukke gegee is, is dit belangrik om die beskikbare literatuur te gebruik ten einde die agtergrond en die aard van die opvoeders se psigososiale omstandighede te verduidelik.

HOOFSTUK 2: VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME EN DIE PSIGOSOSIALE FUNSKIONERING VAN OPVOEDERS IN SODANIGE PROGRAMME

2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk fokus hoofsaaklik op die inligting bekom vanuit die literatuurstudie met betrekking tot die psigososiale omstandighede van opvoeders binne die Suid-Afrikaanse konteks asook die toepassing van VKOP binne Suid-Afrikaanse créches. Die uitgangspunt van hierdie navorsing is die implementering van die SJGD se VKOP deur opvoeders by crechés in die Tlokwe-distrik. Daar word gefokus op die opvoeders se psigososiale omstandighede deur hierdie faktore holisties te bespreek. Die hoofstuk word in twee afdelings verdeel. Afdeling A beskryf VKOP met 'n spesifieke fokus op sodanige programme wat deur nie-regerings organisasies (hierna verwys as NRO) aangebied word en die spesifieke program wat deur die SJGD geïmplementeer word, terwyl die psigososiale omstandighede van opvoeders in Suid-Afrika in Afdeling B aandag geniet.

In figuur 2.1 word 'n kort oorsig van die inhoud van hierdie hoofstuk weergegee.



Figuur 2.1: Uiteensetting van Hoofstuk 2

2.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Die volgende definisies van sleutelbegrippe en kernkonsepte is belangrik ten einde hierdie hoofstuk en die konteks van die algehele studie beter te verstaan.

- **Vroeë Kinderontwikkeling (hierna verwys as VKO)**

Die Children's Act (38 van 2005), Artikel 91, definieer VKO soos volg: "Early childhood development, for the purposes of this Act, means the process of emotional, cognitive, sensory, spiritual, moral, physical, social and communication development of children from birth to school-going age".

In hierdie studie word VKO gebruik om te verwys na die ontwikkeling wat plaasvind by kinders tussen die ouderdom van 0 – 8 jaar.

- **Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme (hierna verwys as VKOP)**

"Early Child Development Programs are currently defined as programs which focus on the provision of physical, emotional, social, spiritual and moral development for children between zero and eight years" (Williams, Samuels, Mouton, Ratele, Shabalala, Shefer & Strebel, 2001:13). Die Children's Act (38 van 2005) beskryf in Artikel 91(b)(3) VKOP soos volg: "An early childhood development programme means a programme structured within an early childhood development service to provide learning and support appropriate to the child's developmental age and stage."

Hierdie konsep vorm 'n integrale deel van die studie weens die feit dat die omstandighede van die opvoeders wat betrokke by die opleiding van die VKOP is, ondersoek word.

- **Vroeë Kinderontwikkelingsentrum (hierna verwys as VKO-sentrum)**

"An Early Childhood Development Centre means any building or premises maintained or used for the care of children. It includes a playgroup, crèche, aftercare centre, pre-school and nursery school or similar" (Lidz, 2003:2).

In hierdie studie word daar verwys na 'n crèche as 'n VKO-sentrum aangesien al die sentrums nie as formele kleuterskole geregistreer is nie en die betrokke opvoeders nie almal 'n formele graad of diploma in onderwys het nie.

- **Crèche**

“A place where babies and young children are looked after and educated while their parents are at work” (Oxford Mini School Dictionary, 2007:143).

In hierdie studie word 'n crèche gesien as die plek waar voorskoolse kinders in die dag bly terwyl hul ouers werk. Opvoeders hou toesig oor hierdie kinders en probeer hul akademie opvoed en skoolgereed maak. Die crèche in die konteks van hierdie studie is die plek waar die implementering van programme soos die SJGD se VKOP, plaasvind. Die term “crèche” word afwisselend in hierdie studie met die term “skool” en “VKO-sentrum” benut, weens die feit dat sommige literatuur na verskillende terme verwys en deelnemers na hulle crèche as “skool” verwys.

- **Studente Jool Gemeenskapsdiens (hierna verwys as SJGD)**

Die SJGD is 'n organisasie wat eie is aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit in Suid-Afrika, waaraan studente vrywillig deelneem en kan soos volg omskryf word:

Die SJGD is 'n geregistreerde, studente-gedrewe welsynsorganisasie van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus wat betrokke is by sosio-en ekonomiese ontwikkelingsprojekte in die Tlokwe-distrik (Kondos, 2012:2; Simeon, Herbst & Nienaber, 2014:5).

- **Nie-regeringsorganisasie (hierna verwys as NRO)**

“A non-government organisation is an organization that is neither a part of government, nor a conventional for-profit business” (Department of Social Development, 2011:1).

In hierdie studie verwys nie-regeringsorganisasies na nie-winsgewende organisasies soos die SJGD van die Noordwes-Universiteit, wat gemeenskapsdienste in die Tlokwe-distrik lewer.

- **Opvoeder**

Van Der Walt, Swart en De Beer (2014:7) definieer 'n opvoeder soos volg:

“In general usage, this term refers to persons looking after children and educating children in their own houses for payment, or to persons caring for the children of other people in the latter’s homes or a crèche”.

In hierdie studie word die woord “opvoeder” gebruik as 'n plaasvervanger vir die woord “onderwyser”. Deelnemers aan hierdie studie het nie noodwendig 'n formele kwalifikasie in onderwys nie en kan gevolglik nie as onderwysers gedefinieer word nie. Hierdie deelnemers is wel betrokke by die opvoeding en leer van die kinders wat deur die dag in hul sorg is.

- **Welstand**

Huppert, Baylis en Keiverwe (2007:3) definieer welstand soos volg: “Well-being is a positive and sustainable condition that allows individuals, groups or nations to thrive and flourish... there will always be setbacks inherent in the process of living, and the ability to develop and thrive in the face of such adversity is the key element of well-being.” Robertson en Cooper (2011:3) beklemtoon dat welstand uit drie aspekte, naamlik fisiese-, sosiale- en sielkundige welstand bestaan.

In hierdie studie word daar veral gekyk na opvoeders se psigososiale omstandighede wat hul welstand beïnvloed. Welstand kan daarom in hierdie studie gedefinieer word as die aspekte wat daartoe lei dat opvoeders welstand in hul persoonlike-, sowel as werksomgewing en gesondheid ervaar, al dan nie.

- **Tlokwe-distrik**

Die Tlokwe-distrik vorm deel van vier verskillende distrikte in die Dr Kenneth Kaunda Distrik in die Noordwes Provinsie van Suid-Afrika. Die Tlokwe distrik bestaan uit 26 uitbreidings en word verdeel in areas soos Ikageng, Mohadin, Potchefstroom, Promosa, Matlwang, Leliespan/Baitshoke en die omliggende landelike gebiede. Die Tlokwe-distrik word as 'n landelike gebied beskou weens die feit dat die areas waaruit die distrik bestaan oorwegend ontwikkelend en landelik is (Tlokwe City Council, 2012:5).

Die titel van hierdie studie verwys spesifiek na Potchefstroom om erkenning te gee aan SJGD se bestaan by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, maar dienste word gelewer in die breër en, oorwegend landelike, Tlokwe distrik.

- **Psigososiale omstandighede**

Die begrip psigososiale omstandighede kan verdeel word in psigologiese en sosiale omstandighede. Psigologiese omstandighede word beskryf as interne prosesse binne die individu wat 'n spesifieke manier waarop die individu dink, voel en reageer op daaglikse uitdagings en stres, beïnvloed (Weiten, 2007:2). Sosiale, oftewel die maatskaplike omstandighede word in Miley, O'Melia en DuBois (2009:10) beskryf as:

“... the interplay of personal and collective issues in societies, communities, neighbourhoods, complex organisations, formal groups, families and individuals”.

In die konteks van hierdie studie kan daar gevolglik gesê word dat psigososiale omstandighede beskryf kan word as interne en eksterne prosesse wat 'n invloed op individue se algemene funksionering het. Interne prosesse in hierdie studie beskryf individue se denke, gevoelens, emosies en persepsies aangaande daaglikse gebeure en hul reaksies daarop, terwyl eksterne prosesse beskryf word as enige eksterne omstandighede, waaroor die individu nie beheer het nie, wat die individu se welstand kan beïnvloed. Voorbeelde hiervan sluit aspekte soos gesondheid, behuising, inkomste, opvoeding, veiligheid en verhoudings in.

Sosiale, oftewel maatskaplike omstandighede, sluit alle eksterne omstandighede in wat in die individu se omgewing is en wat 'n invloed op die individu se funksionering het. Maatskaplike omstandighede is aspekte waaroor die individu nie beheer het nie, soos die omgewing waarbinne die individu woon, die ekonomie of die politiek. Dit kan ook in verskillende sisteme verdeel word.

- **Sisteme**

Zastrow en Kirst-Ashman (2010: 21) beskryf sisteme soos volg:

“A set of elements that are orderly and interrelated to each other to form a functional whole”. Sisteme in die samelewing kan in drie kategorieë verdeel word, (1) mikro sisteme, (2) meso sisteme en (3) makro sisteme.

Mikro sisteme bestaan uit individue en gesinne of klein groepe wat die individu se welstand beïnvloed. Individuele faktore word beïnvloed deur die individu se verhoudings met ander persone, die individu se gesondheid, lewensstyl, hantering van uitdagings, lewenservaring, kognitiewe vlak, persoonlikheid en selfbeeld (DuBois en Miley, 2008:70). Mikro sisteme waarbinne families en groepe funksioneer sluit die samestellings van die familie of groepe, die rolle van elke lid, die gemeenskaplikheid of gehegtheid van die familie en groep en die kommunikasie in hierdie familie of groep in (DuBois en Miley, 2008:70).

Meso sisteme bestaan uit interaksies met formele groepe of organisatoriese groepe wat die individu se welstand beïnvloed. Aspekte wat interaksies met formele groepe beïnvloed is die grootte van die groep, die geskiedenis van die groep, leierskapsrolle sowel as norme en waardes binne die groep. Interaksies met organisasies word weer beïnvloed deur die bestuur van die organisasie, besluitnemingsprosesse, dissiplinêre maatreëls, doelwitte van die organisasie en sosialisering en ondersteuning binne die organisasie (DuBois en Miley, 2008:71).

Op sy beurt verteenwoordig makro sisteme interaksie wat die individu het met die gemeenskap en samelewing, wat 'n positiewe of negatiewe uitwerking op die individu se welstand kan hê. Dit bestaan dus uit aspekte waaroor die individu dikwels nie beheer kan uitoefen nie, byvoorbeeld globalisering, modernisering, die land se ekonomie en politieke klimaat, die beskikbaarheid van behuising, water en elektrisiteit en die beskikbaarheid van hulpbronne in die individu se direkte omgewing (DuBois en Miley, 2008:73).

In hierdie studie verwys sisteme na interverwante psigososiale omgewings waarbinne individue funksioneer wat 'n invloed op hul welstand kan hê.

Nadat die vernaamste sleutelbegrippe beskryf is, word die literatuur aangaande vroeë kinderontwikkeling, psigososiale omstandighede van opvoeders en die implementering van VKOP in verskillende afdelings beskryf.

2.3 VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME

2.3.1 Die internasionale geskiedenis van vroeë kinderontwikkelingsprogramme

Volgens Pence (2004:15) het VKO en VKOP soos dit vandag bekend is formeel gedurende die 1990's in Afrika begin aandag geniet. Dit beteken egter nie dat daar nie reeds baie vroeër studies en intervensies hieroor bestaan het nie. Brewer (2007:40) verduidelik dat idees rakende VKO al gedurende die 14e eeu deur filosowe en teoretici bestudeer is, maar dat dit eers in Afrika meer relevant begin raak het sedert die 1990's. In tabel 2.1 word die werk van Brewer (2007:40) opgesom om 'n uiteensetting te bied van die geskiedenis van VKOP, die filosowe en teoretici wat daarby betrokke was en die belangrikste bydrae wat deur elkeen gelewer is.

Tabel 2.1: 'n Geskiedkundige oorsig van vroeë kinderontwikkelingsprogramme

Filosoof / Teoretikus	Datum	Belangrikste bydrae tot ontwikkeling
Martin Luther	1483 – 1546	Luther het geglo dat alle seuns opvoeding moet ontvang en het aangedring dat musiek en fisiese aktiwiteite 'n integrale deel van die kurrikulum moet vorm.
John Comenius	1592 – 1670	Comenius het geglo dat alle kinders skool moet bywoon en het 'n "aktiewe" kurrikulum begin ontwikkel. Hy het geglo dat kinders slegs leer om te praat deur te praat, leer om te skryf deur te skryf en leer redeneer deur redenering.

Jean-Jaques Rosseau	1712 – 1778	Rosseau het begin met die idee dat kurrikulum besluite geneem moet word deur kinders se aard en ontwikkeling in ag te neem.
Johann Pestalozzi	1746 – 1827	Pestalozzi wou ontslae raak van wrede strafmetodes in die skoolsisteem. Hy het ook geglo dat kinders slegs leer wanneer hul deelneem aan werklike, betekenisvolle aktiwiteite.
Friederich Froebel	1782 – 1852	Froebel is die eerste wetenskaplike / filosoof wat met die idee van 'n "creché" vorendag kom. Hy verduidelik dat die creché as 'n brug gebruik word tussen kinders se huislike omgewing en die latere skool omgewing.
Patty Smith Hill	1868 – 1946	Hill se bydrae sluit haar toewyding aan die wetenskaplike bestudering van kinders, die feit dat sy geglo het dat speel die beste manier om te leer is, haar kreatiewe benaderings tot kuns en musiek en haar verbintenis tot die doel van 'n individualistiese kurrikulum, in.
John Dewey	1857 – 1952	Dewey het ook geglo ook dat die kurrikulum gebaseer moet word op kinders se ontwikkelingsvlak en die spesifieke behoeftes wat hulle op daardie vlak ervaar. Dewey kom met die idee van groepwerk vorendag en stel voor dat kinders meer in groepe werk ten einde die interverwantheid en kollektiwisme binne 'n gemeenskap te verstaan.

Lucy Sprague Mitchell	1878 – 1967	Mitchell is die stigter van die <i>Bureau of Educational Experiments</i> in 1916, wat later bekend geword het as die <i>Bank Street College of Education</i> . Hierdie instelling was een van die vernaamstes om kinders, speel en die ontwikkeling van kurrikulum materiale wetenskaplik te bestudeer.
-----------------------	----------------	---

Vanuit die voorafgaande tabel word daar afgelei dat VKO reeds gedurende die 14e eeu deur filosowe en teoretici bestudeer is en dat die bydrae wat deur elkeen gelewer is deel gevorm het van die ontwikkeling van VKO en VKOP soos dit vandag bekend staan.

2.3.2 Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme in Suid-Afrika

Die Departement van Onderwys in Suid-Afrika was aanvanklik nie verantwoordelik vir die stigting van kleuterskole en voorskoolse versorging- of opvoedingsentrums nie. Tot omstreeks 1969 was die oprigting en instandhouding van sulke fasiliteite beskou as die verantwoordelikheid van die privaatsektor indien daar 'n behoefte daarvoor was. Tog was daar munisipaliteite wat voor 1969 inisiatief geneem het om voorsiening te maak vir die versorging en opvoeding van voorskoolse kleuters. Die eerste munisipale kleuterskool en versorgingsentrum is in 1930 in Johannesburg en in 1931 in Pretoria gestig (Janse van Rensburg, 2006:128).

Sedert die 1970's het daar meer sulke inisiatiewe gekom, maar volgens Rule (2005:125) het daar eers vanaf die 1990's beweging gekom om beleide en wetgewing aangaande VKO in Suid-Afrika daar te stel. Die apartheidsregering in Suid-Afrika het geen voorsiening gemaak vir die opvoeding van swart kleuters nie. Volgens Padayachee, Atmore, Biersteker en Evans (1994:31) is daar in 1992 'n Suid-Afrikaanse studie onderneem wat bevind het dat slegs 6% swart kleuters in Suid-Afrika toegang tot voorskoolse versorging en opvoeding gehad het.

In 1994 het die regerende party in Suid-Afrika die *Reconstruction and Development Program* (RDP) (African National Congress, 1994) bekend gestel ten einde die sosio-ekonomiese probleme wat deur apartheid veroorsaak was, te probeer regstel.

Hierdie program het verskeie doelwitte gestipuleer waarvan een doelwit was om meer befondsing vir VKOP te skep. Die RDP het verder beklemtoon dat die regering volle verantwoordelikheid neem om VKOP beleide op te stel en dit te implementeer in Suid-Afrika (African National Congress, 1994). Volgens Rule (2005:126) was hierdie doelwitte baie wyd en het dit min of geen impak op VKOP of VKO-sentrums gemaak nie.

Die Grondwet van Suid-Afrika (South Africa, 1996) verwys nie spesifiek daarna dat kinders die reg op VKO het nie, maar beklemtoon tog die belangrikheid van die kleuter se vroeë lewensfasies en ontwikkelingsvlakke. Artikel 28(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996 (South Africa, 1996) stel dat elke kind die reg het tot basiese voeding, skooling, gesondheidsdienste, maatskaplike dienste en stel dit duidelik dat kinders die reg het om beskerm te word teen verwaarlosing en mishandeling. Volgens Van der Walt *et al* (2014:3) is VKOP wat by kleuterskole, crechés en opvoedkundige- of versorgingsentrums aangebied word, die ideale manier om hierdie aspekte van die grondwet te implementeer en te verseker dat kinders se regte beskerm word. Tydens 1996 het die regerende party wegbeweeg van die RDP en die *Growth, Equality and Redistribution* (GEAR) plan, daargestel. GEAR het produktiwiteit en deelname in die internasionale ekonomie beklemtoon, wat veroorsaak het dat vorige beleide verander het en die opvoedingsbeleide van Suid-Afrika se doelwitte hersien is ten einde die doelwitte in makro-ekonomiese doelwitte te omskep. Hierdie makro-ekonomiese doelwitte sou daarop fokus dat Suid-Afrika se opvoeding en onderwys ook aan internasionale standaarde moet voldoen (Rule, 2005:126).

In 2001 het die Suid-Afrikaanse regering die *Education White Paper 5 on Early Childhood Education* bekend gestel. Volgens Letseka (2010:62) is hierdie Witskrif 'n verbintenis tot die reg van kleuters om opvoeding te ontvang, sowel as die feit dat die kleuters se moeders ekstra tyd het om 'n beroep te volg en sodoende ook 'n inkomste te genereer. Hierdie beleid het voorgestel dat 'n nasionale skoolsisteem in Suid-Afrika geïmplementeer word waar voorskoolse kleuters opleiding ontvang by 'n kleuterskool, crèche of VKO-sentrum alvorens hul aanbeweeg na primêre opleiding by 'n Laerskool (Department of Education, 2001). Hierdie beleid beklemtoon voorts

dat 'n transisie jaar (Graad R) 'n belangrike grondslag vorm en dat leerders Graad R moet slaag, alvorens hul primêre opleiding kan ontvang (Valley, 2005:31).

Volgens Rule (2005:134) het die *Education White Paper 5 on Early Childhood Education* vroeë kinderontwikkeling as 'n fase van 0 – 9 jaar beskryf, maar aanvanklik nie aandag gegee aan kleuters jonger as 5 jaar wat ook voorskoolse opvoeding moet ontvang nie. Die verantwoordelikheid om toe te sien dat jonger kinders ook voorskoolse opleiding ontvang is verskuif na die Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling en Gesondheid. Hierdie beleid is hersien en die *Education White Paper 6 on Early Childhood Education* is vrygestel.

Volgens Berry en Guthri (2003:124) is daar egter baie kostes daaraan verbonde om die *Education White Paper 6 on Early Childhood Education* te implementeer. Hierdie beleid kan eers ten volle geïmplementeer word indien alle voorskoolse kleuters by 'n kleuterskool, crèche of VKO-sentrum inskakel; hierdie sentrums volhoubaar is en sodanige sentrums die nodige materiële hulpbronne en professionele personeel, versorgers of opvoeders het om die beleid te implementeer. Vanweë hierdie uitdagings het die Departement van Onderwys 'n tydsraamwerk gestel om hierdie doelwitte teen 2021 te bereik (Vally, 2005:36).

Die Children's Act (38 van 2005) definieer 'n VKOP as "...a programme structured within an early childhood development service to provide learning and support appropriate to the child's developmental age and stage." Artikel 93 van die genoemde wet stipuleer dat die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, in samewerking met die Ministers van Opvoeding, Finansies, Gesondheid en Provinsiale en Plaaslike Regeringsisteme die departementele strategieë moet implementeer ten einde 'n vroeë kinderontwikkelingsstelsel daar te stel wat genoegsaam befonds word, die nodige hulpbronne tot hul beskikking het en toepaslik bestuur word (South Africa, 2005).

Die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (NDP) wat in 2011 deur die Nasionale Beplanningskommissie (South Africa, 2011) daargestel is, is die mees resente strategie waarin die noodsaaklikheid van VKOP uiteengesit word. Die NDP beklemtoon dat dit belangrik is vir kleuters om voorskoolse opvoeding te ontvang ten einde hul volle potensiaal later in hul lewens te bereik, maar dat alle kleuters slegs

daartoe toegang kan hê indien die kwaliteit van opvoeding in Suid-Afrika as prioriteit gesien word (South Africa, 2011:300).

Gedurende 2015 het die Departement van Basiese Onderwys 'n kurrikulum vir kinders van 0 – 4 jaar, bekend gestel. In die lig hiervan is verskeie vakadviseurs deur die Departement opgelei om opleiding aangaande hierdie kurrikulum in verskillende provinsies en distrikte te doen. Hierdie kurrikulum staan bekend as die *Early Learning Development Assessment (ELDAS)* kurrikulum.

Die voorafgaande inligting word in figuur 2.2 opgesom ten einde die geskiedenis en ontwikkeling van wetgewing, beleide en strategieë ten opsigte van VKO en VKOP in Suid-Afrika, saam te vat.



Figuur 2.2: Die ontwikkeling van VKOP in Suid-Afrika

2.3.3 Die aard van Vroeë Kinderontwikkeling en Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme

Vroeë kinderontwikkeling (VKO) verwys na die eerste agt jaar van 'n kind se ontwikkeling en word as die tydperk beskou waartydens die meeste ontwikkeling en groei plaasvind en 'n kind se potensiaal en talente ontdek word. Die eerste agt jaar word dus as die grondslag van 'n kind se welstand, gesondheid, manier van leer en verdere suksesse in die lewe beskou (Nyeko, 2011:3; Tayler, 2015:160). Kinders wat gedurende hierdie fase in stresvolle huishoudings grootword waar afwesigheid van een of beide ouers en siektes soos MIV en Vigs aan die orde van die dag is, lei die risiko om nie betyds by die skool in te skryf nie en hul algehele welstand word benadeel (Nyeko, 2011:4). Volgens Currie (2001:213) kan VKOP juis meer voordele op die langtermyn hê vir kinders wat in stresvolle huishoudings leef.

Verskeie studies verwys na die positiewe impak wat VKO op 'n kind se welstand het aangesien fundamentele fasette soos 'n kind se akademiese suksesse, gesondheid en algehele welstand in hierdie ontwikkelingsfase gevorm word (Anderson *et al* 2003:32; Reynolds, Temple & White, 2010:36). Geïntegreerde VKO fokus op kinders se basiese behoeftes, soos gesondheid, voeding, water en sanitasie, basiese sorg, stimulasie, leer, emosionele sorg en gesinsbemagtiging (Nyeko, 2011:4). Hierdie programme poog verder om die fisiese, kognitiewe en emosionele beperkings van kinders uit swak sosio-ekonomiese omstandighede te verminder en te elimineer (Anderson *et al.*, 2003:33). Die *Education White Paper 5 on Early Childhood Education* identifiseer tien punte waaraan VKOP moet voldoen (Letseka, 2010:61):

- VKOP moet die beginsels van die Handves van Kinderregte inkorporeer, ten einde toe te sien dat daar geen diskriminasie binne VKOP plaasvind nie en dat daar gestreef word om op te tree in die beste belang van die kind;
- VKOP moet alle vorme van diskriminasie teen vrouens verhoed;
- VKOP moet die bestaande sterktes en hulpbronne binne die gemeenskap, gesinne en maatskaplike strukture gebruik ten einde suksesvol te funksioneer;
- VKOP moet multi-dimensioneel wees en aan die kind se gesondheids- en voedingsbehoefte voldoen, terwyl die kind se psigososiale – en kognitiewe ontwikkeling bevoordeel word;

- VKOP moet vir en in samewerking met die families ontwikkel word, sodat die kind se reg op opvoeding gerespekteer word, terwyl behoeftes wat aangespreek moet word, geïdentifiseer word;
- VKOP moet vir, en in samewerking met, die gemeenskap ontwikkel word sodat die gemeenskap se kulturele waardes gerespekteer word; eienaarskap en verantwoordbaarheid geskep kan word en kapasiteitsbou in die gemeenskap kan plaasvind;
- VKOP moet van so 'n aard wees dat alle kleuters gelyke toegang daartoe het en daar mag nie gediskrimineer word teen kleuters met ontwikkelingsagterstande of gestremdhede nie;
- VKOP moet buigbaar wees en diversiteit reflekteer;
- VKOP moet van 'n hoë kwaliteit wees wat aan internasionale standaarde voldoen;
- VKOP moet koste-effektief en volhoubaar wees.

2.3.4 Die doel van VKO en VKOP

Volgens die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se VKO beleid, is die hoofdoel van 'n VKOP om aanvullende opvoedkundige sorg aan voorskoolse leerders te bied (Planning and Environment Directorate, 2003:1). Meier en Marais (2012:43) sluit hierby aan en verduidelik dat daar verskillende VKOP beskikbaar is, maar dat almal bepaalde doelwitte soos die volgende deel:

Om voorskoolse kinders holisties te ontwikkel deur te fokus op fisiese-, intellektuele- emosionele-, sosiale-, morele- en estetiese ontwikkeling;

Om die gesondheid- en voedingsbehoefte van jong kinders aan te spreek;

Om positiewe rolmodelle vir ouers te wees ten einde hulle ouerskapsvaardighede te verbeter;

Om samewerking tussen ouers, die skool en die gemeenskap te verbeter;

Om voorskoolse leerders skoolgereed te maak en akademiese suksesse by leerders te bevorder.

Teen die agtergrond van die internasionale en nasionale geskiedenis en ontwikkeling van VKOP en die gepaardgaande wetgewing, beleid en strategieë in die verband sal die toepassing van VKOP in die domein van nie-regeringsorganisasies (NROs) vervolgens bespreek word.

2.4 VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME IN NIE-REGERINGSORGANISASIES EN SUID-AFRIKAANSE SKOLE

2.4.1 Die agtergrond van Vroeë Kinderontwikkelingsprogramme in nie-regeringsorganisasies

Volgens Rule (2005:121) het NROs 'n prominente rol gespeel om VKOP aan swart kleuters te verskaf gedurende die apartheidsera in Suid-Afrika. Die rol van NROs in die aanbieding van VKOP het in die post-apartheidsera verskuif na 'n vennootskap tussen NROs en nasionale regeringstelsels. Rule (2005:123) verduidelik verder dat die meeste NROs wat VKOP aangebied het dit gestaak het weens die feit dat befondsing daarvoor nie meer geredelik beskikbaar is nie. Letseka (2010:66) verduidelik verder dat NROs ook uitdagings ervaar om VKOP te implementeer as gevolg van 'n gebrek aan opleiding aan en ontwikkeling van opvoeders. Ten einde die agtergrond en dinamika van VKOP in die NRO sektor beter te verstaan is die bevindinge van 'n regeringstudie, deur die NRO, Ilifa Labantwana, (South Africa, 2014:1) baie relevant. Ilifa Labantwana is 'n groep mense wat hulle beywer om crèches in Suid-Afrika te vestig en dan ook daarvoor navorsing doen. Van die vernaamste bevindinge sluit die volgende in:

- Crèches wat VKOP implementeer is 'n klein sektor wat meestal in landelike gebiede geleë is;
- Hierdie crèches het meestal agt of minder opvoeders;
- Meer as die helfte van die opvoeders beskik oor 'n Vlak 5 NKR kwalifikasie;
- 'n Groot aantal NROs in Suid-Afrika bied opleiding, werkswinkels en leermateriaal aan crèches wat VKOP implementeer.

Alhoewel VKOP as 'n prioriteit beskou word, is daar ook uitdagings in die implementering daarvan in Suid-Afrika. Een van die grootste uitdagings is daarin opgesluit dat verskillende Departemente en instansies in Suid-Afrika verskillende

doelwitte en riglyne vir hierdie programme bied, dat wetgewing en beleide rakende VKOP in Suid-Afrika mekaar soms weerspreek en sommige taamlik verouderd is (Letseka, 2010:66). Die SJGD is reeds vir 'n geruime tyd een van die instansies wat op VKOP fokus en sal vervolgens meer breedvoerig bespreek word.

2.4.2 Die Vroeë kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens

Die SJGD is 'n geregistreerde, studente-gedrewe welsynsorganisasie van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus wat betrokke is by sosio-en ekonomiese ontwikkelingsprojekte in die Tlokwe-distrik (Simeon, Herbst & Nienaber (2014:5). Alle welsynsaktiwiteite, gemeenskapsdiens en gemeenskapsontwikkeling van die SJGD geskied op 'n vrywillige basis (SJGD, 2004). Volgens Weyers en Herbst (2014:3) bestuur hierdie nie-regerings welsynsorganisasie 92 sosiale – en ekonomiese ontwikkelingsprojekte met 'n totale jaarlikse begroting wat R 1 000 000 oorskry. Hierdie projekte kan oorhoofs in vier kategorieë verdeel word te wete: vroeë kinderontwikkelingsprogramme; kinder- en jeugontwikkelingsprogramme; bemagtigingsprogramme vir kwesbare volwassenes en gemeenskap uitreikprogramme. Vir doeleindes van hierdie studie sal daar slegs op die VKOP van die SJGD gefokus word.

Die SJGD het vanaf 2011-2014 'n proses waar opvoeders vanuit bron-arm gemeenskappe opleiding in 'n spesifieke VKOP ontvang het, finansier. Opvoeders het dan in crèches waar hierdie organisasie ander dienste lewer, hul kennis en vaardighede van die VKOP geïmplementeer. Die SJGD se VKOP het die volgende drie oorhoofse doelwitte ten opsigte van die crèches waar studente vrywilligers betrokke is: 1) die verbetering van die infrastruktuur van crèches tot op 'n vlak waar aansoek gedoen kan word vir amptelike registrasie by die Department van Maatskaplike Ontwikkeling wat uiteindelik lei tot subsidie; 2) die opleiding van opvoeders werksaam by die crèches en 3) die verbetering van die vlak van skoolgereedheid by leerders in die crèches deur die ontwikkeling en implementering van 'n gepaste kurrikulum. Aangesien hierdie studie fokus op die psigososiale funksionering van die opvoeders, sal daar net op die doelwit wat betrekking het op die opleiding van opvoeders verder uitgebrei word.

Die SJGD se opleiding vir opvoeders word die afgelope vier jaar vanuit die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die NWU se Potchefstroomkampus aangebied en word gedeeltelik deur SJGD gefinansier. Die opleidingsprogram het ten doel om die opvoeders te bemagtig met kennis en vaardighede vir die werk wat hulle daaglik doen. Daar is 1 opleidingsessies per maand aangebied en tot op hede is 93 opvoeders in hierdie program opgelei. Die fasiliteerder van die opleiding is 'n ervare dosent in VKO onderrig en opvoeders word bemagtig rondom die volgende temas:

- Die ontwikkeling van die jong kind;
- Weekbeplanning;
- Die dagprogram;
- Vloeiogramme en die beplanning van temas;
- Kuns;
- Taal;
- Musiek en beweging;
- Spel;
- Observasie;
- Assessering;
- Ouerbetrokkenheid;
- Die bestuur van 'n VKO-sentrum.

Vanuit die skriftelike terugvoer wat na afloop van een van die opleidingsessies in 2011 van opvoeders ontvang is, was dit duidelik dat die opvoeders baat gevind het by hierdie opleiding. Vanuit die terugvoer, het die volgende temas na vore gekom:

Tema 1: Verstaan die voorskoolse kind

Opvoeders dui aan dat hul geleer het hoe om die kind as individu te sien en te verstaan waar die kinders vandaan kom. Hul dui verder dat hul geleer het aangaande die fisiese-, emosionele en –kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind en dat dit daartoe lei dat hulle die voorskoolse kind beter verstaan. Een van die opvoeders het die volgende gesê: *“I have learnt how to work with the children and to handle the babies. I feel that I understand the children better after I have undergone the training.”*

Tema 2: Verstaan hoe die voorskoolse kind op sy/ haar ontwikkelingsvlak leer

Opvoeders wat die opleidingsessies bygewoon het, het aangedui dat hulle geleer het hoe om met die kind op sy/haar ontwikkelingsvlak te praat en hoe om kennis aan die kind oor te dra. Hulle dui aan dat hulle geleer het dat kinders effektief leer deur bid, sing, stories, musiek en veral deur spel. Een van die opvoeders dui aan dat sy geleer het dat kinders ook hul sintuie gebruik om te leer: *“I did not know that children can also learn by touching, hearing, seeing, smelling and tasting. I would definitely implement these in my lessons.”*

Tema 3: Verstaan effektiewe opvoeding binne klasverband

Die opvoeders dui in hul terugvoer aan dat hulle die volgende geleer het aangaande opvoeding binne klasverband:

- Leer hoe om weksbeplanning te doen;
- Leer wat die verskillende komponente van 'n dagprogram behels;
- Leer hoe om temas in lesse te integreer;
- Leer hoe om die kinders in verskillende ouderdomsgroepe te verdeel ten einde ouderdomsgepaste opvoeding te gee;
- Leer hoe om 'n groot klas te beheer en ouderdomsgepaste dissipline toe te pas.

Tema 4: Kapasiteitsbou en bemagtiging van opvoeders

Opvoeders dui aan dat die opleidingsessies hul bemagtig het deur vir hulle kennis en vaardighede aan te leer wat hulle in die klaskamers, sowel as in hul eie lewens kan toepas. Opvoeders dui ook aan dat hulle die belangrikheid van opvoeding verstaan en dat hul na die opleidingsessies meer selfvertroue het. Van die skriftelike terugvoer wat ontvang is, lees soos volg:

- “I have learnt not to bring problems which I experience at home to the school environment”;
- “I have learnt how to communicate with others”;
- “The training sessions helped me to understand how important it is to look after children and to be an educator”;

- “I feel a lot more confident to do my work”;
- “I feel like a new practitioner who is going to implement the right thing”.
- Na die bestudering van hierdie terugvoer het bepaalde psigososiale behoeftes van hierdie opvoeders na vore gekom. Die fasiliteerder van die opleidingsprogram het dit onder die aandag van die SJGD se bestuur gebring dat die psigososiale omstandighede van die opvoeders ondersoek behoort te word. Dit het dan ook die rasionaal van hierdie studie, soos bespreek in Hoofstuk 1, geword.

2.4.3 Die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram van die Studente Jool Gemeenskapsdiens in landelike crèches

Volgens Boyer en Bandy (2010:2) het opvoeders in landelike gebiede dikwels 'n tekort aan selfvertroue en kennis wat daartoe lei dat hul sukkel om hul eie opvoedkundige programme te ontwerp, en gevolglik inskakel by 'n VKOP om toegerus te word. Dit gebeur egter dat opvoeders nie net VKOP bywoon om te leer en onderrig wenke te ontvang nie, maar ook om hul professionele en persoonlike frustrasies met ander te deel (Shulman & Sato, 2006:179). Shulman en Sato verduidelik dat die VKOP program nie korrek in crèches geïmplementeer word nie weens die feit dat die opvoeder nie die program verstaan nie. Die teenoorgestelde is ook waar. Opvoeders wat gedetermineerd en aktief aan die VKOP deelneem en inligting wat deurgegee word internaliseer, kan die VKOP sinvol in sy of haar crèche implementeer (Boylan & McSwan, 1998:18). Englebright, Fox en Schirmacher (2012:206) bevestig dit en voeg hierby dat opvoeders wat ekstra moeite doen met die VKOP opleiding en glo dat hul iets kan leer uit die opleiding, uiteindelik langtermyn positiewe uitkomstes van die VKOP beleef.

Rakumako en Laugksch (2010:149) beklemtoon egter dat, indien die basiese behoeftes van opvoeders en die toestand van hul psigososiale welstand nie aangespreek word nie, selfs die beste ontwerpte VKOP nie effektief in crèches geïmplementeer sal kan word nie. Volgens Ramkumaku en Laugkschi (2010:141) is opvoeders, wie se behoeftes en werksomgewings nie in ag geneem word tydens opleiding nie, ook meer geneig om nie die opleiding getrou by te woon nie en word hulle prestasie geaffekteer en die uiteindelige implementering van die VKOP word benadeel. Reynolds (2010:26) en Bergh (2004:440) beklemtoon verder dat

organisasoriese effektiwiteit, sowel as die werknemer se fisiese en psigologiese welstand, 'n gelyke hoeveelheid aandag in opleidingsprogramme moet geniet. Die SJGD se VKOP maak egter tot op hede nie voorsiening vir die psigososiale omstandighede van die opvoeder nie en hierdie feit het aanleiding gegee tot die behoefte aan navorsing in hierdie veld.

Noudat die agtergrond en aard van VKO en VKOP en die organisasies wat dit implementeer in Afdeling A bespreek is, fokus Afdeling B van hierdie hoofstuk pertinent op die opvoeders wat hierdie programme in Suid-Afrika implementeer, hulle psigososiale welstand en faktore wat hierdie welstand kan beïnvloed.

AFDELING B

2.5 DIE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDEN VAN OPVOEDERS IN SUID-AFRIKAANSE VROEË KINDERONTWIKKELINGSPROGRAMME

Volgens Maclean (1992:8) en Bobek (2002:202) hang die aard en funksionering van die oorhoofse skoolsisteem in 'n land grootliks af van die karaktertrekke van opvoeders wat by die betrokke skool werksaam is en die opvoedkundige omstandighede van die land. Volgens die *White Paper on Education Development and Policy 2009-2019* (Suid-Afrika, 2009:18) is daar drie kernpunte wat beskryf waarom dit belangrik is om klem op opvoeders se psigososiale omstandighede en welstand te plaas:

- Die manier waarop kleuters leer

Die opvoeder se moraal kan 'n positiewe effek op 'n leerder se houding ten opsigte van onderrig uitoefen. Wanneer opvoeders 'n positiewe ervaring van hul psigososiale omstandighede het, veroorsaak dit nie net dat opvoeders dit meer geniet om onderrig aan leerders te gee nie, maar dit lei ook daartoe dat leerders die onderrig meer positief ervaar. Daar kan gevolglik gesê word dat opvoeders met positiewe psigososiale omstandighede 'n konstruktiewe leeromgewing skep wat 'n positiewe impak op die leerproses het.

- Prestasies van kleuters

Die welstand van opvoeders toon 'n sterk korrelasie met die akademiese prestasie van kleuters. Kleuters wie se onderwysers 'n positiewe ervaring van hul eie psigososiale omstandighede het, dra 'n positiewe beeld van die samelewing aan kleuters oor wat kleuters aanmoedig om harder te werk en beter te presteer op 'n akademiese gebied.

- Welstand van opvoeders

'n Negatiewe ervaring van hul psigososiale omstandighede en ontevredenheid dra by tot 'n afname in onderwysers se produktiwiteit, uitbranding en onttrekking van kollegas. Hierdie faktore kan veroorsaak dat onderwysers onttrek van hul kollegas en depressief voel. Sulke opvoeders wend ook dikwels pogings aan om die onderwys te verlaat of gebruik meer van hul siekverlof. Wanneer opvoeders 'n negatiewe ervaring van hul eie psigososiale omstandighede het, kan dit veroorsaak dat hulle sinies raak en nie die nodige aandag aan kleuters in hul crèches of die leerproses van hierdie kleuters skenk nie.

Die Suid-Afrikaanse regering se nuwe Nasionale Kurrikulum vermeld dat die kennis en vaardighede waarvoor opvoeders beskik hul effektiwiteit en prestasie beïnvloed (Rakumaku & Laugksch, 2010:140). Opvoeders stem hiermee saam en dui aan dat 40% van hul professionele behoeftes uit opvoedingsvaardighede bestaan, 24% kennis van die vakgebied noodsaaklik is, terwyl slegs 2% kennis van klasdisipline en 12% vir die assessering van leerders, benodig word (Rakumaku & Laugksch, 2010:145).

Volgens Sikes (1999:108) is die kwaliteit van 'n opvoeder se werk egter verwant aan die manier waarop hul as mense en professionele persone ontwikkel. Dit wil sê dat opvoeders opvoeding gee en optree op grond van hul eie biografie, hul eie agtergrond en ervarings. Slegs 3% van die samestelling van 'n suksesvolle opvoeder word met ervaring in die onderwys, die vlak van opleiding wat die opvoeder behaal het en ander waarneembare karaktertrekke geassosieer. Die oorblywende 97% bestaan uit die omstandighede van opvoeders en ander ongeïdentifiseerde gedrag wat nie geïsoleer kan word nie (Dan, 2002:3). Navorsing bewys dat 76% van opvoeders onderwys as 'n loopbaan gekies het as gevolg van die psigiese

tevredenheid wat dit aan hul verskaf wanneer hul 'n verskil aan leerders se lewens maak; 12% as gevolg van ekstrinsieke voordele soos die salaris en 12% vir die diensbaarheid waarde daarvan (Hargreaves, Atlatis 2004:32; 1999:87; Maclean, 1992:40 & Bobek, 2002:202).

Nadat die wetgewing en algemene psigososiale omstandighede van opvoeders in Suid-Afrika bespreek is, word daar in die volgende paragrawe gekyk na die profiel van die Suid-Afrikaanse opvoeder wat spesifieke psigososiale omstandighede in landelike gebiede.

2.6 PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE OPVOEDER MET SPESIFIEKE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDE IN LANDELIKE GEBIEDE

Wanneer die profiel van die Suid-Afrikaanse opvoeder met sy of haar spesifieke psigososiale omstandighede oorweeg word, kan daar duidelike aspekte geïdentifiseer word wat die opvoeder se welstand beide positief of negatief kan beïnvloed. Die psigososiale welstand van die opvoeder het op sy beurt 'n invloed op die opvoeder se effektiwiteit en gevolglik die implementering van VKOP.

In landelike gebiede word ervaar dat opvoeders nie baie lank in die onderwys werksaam is nie en Boylan en McSwan (1998:3) en Olivares en Arnold (2007:703) het reeds geruime tyd gelede vasgestel dat swak salarisse, beperkte bevorderingsgeleenthede en werkloosheid van die opvoeder se lewensmaat enkele van die redes hiervoor is. Saban (2003:838) beweer dat die meeste hedendaagse opvoeders in landelike gebiede, soos in en om die Tlokwe distrik, se biologiese moeders ongeletterd is of na laerskool die skool verlaat het en dat landelike opvoeders hul eie kinders afraai om onderwys as 'n loopbaan te kies as gevolg van die omstandighede en kwaliteit van onderwys in hierdie gebiede.

Volgens Robertson en Cooper (2011:20) kan die volgende aspekte die opvoeder se psigososiale welstand positief beïnvloed:

- Opvoeders wat deel is van besluitneming in skole/crèches;
- Opvoeders wat voel dat hulle beheer het oor hul eie werkswyses;
- Opvoeders wat 'n mate van outonomie ervaar;
- Opvoeders wat produktief voel;

- Opvoeders wat 'n passie vir hul beroep het.

Aspekte wat die Suid-Afrikaanse opvoeder se psigososiale welstand negatief kan beïnvloed, soos deur verskeie kundiges soos Boylan en McSwan (1998:11); Robertson en Cooper (2011:20 & 86) en Shulman en Sato (2006:179) geïdentifiseer, sluit die volgende in:

- Hoë werksdruk en onrealistiese eise;
- Administratiewe werk wat die leerproses strem;
- Opvoeders wat nie toepaslike opleiding het nie en self sukkel om te lees en skryf;
- Lang werksure, veral tyd wat spandeer word aan voorbereiding, nasien en buitemuurse aktiwiteite soos sport en kultuur.

Volgens Pauen (2012:1) het Sigmund Freud deur middel van psigoanalitiese onderhoudstegnieke bevind dat die basiese deel van 'n individu se persoonlikheid en effektiwiteit as volwassene gegrond is op sy of haar vroeë ervarings en omstandighede in die kinderjare. Dit wil sê dat vorige opvoedkundige ervarings, persoonlike welstand en vooropgestelde idees van die beroep wat 'n individu beoefen, sy of haar effektiwiteit tydens die uitoefening van die beroep bepaal (Saban, 2003:830). Die herkoms, kinderdae en persoonlike ervarings van opvoeders sal dus ook 'n invloed hê op hulle algemene psigososiale welstand en funksionering as opvoeders.

In hierdie studie word daar spesifiek gefokus op opvoeders in en om die Tlokwe distrik, wat meestal uit landelike gebiede bestaan. Soos reeds genoem vorm hierdie opvoeders se kinderjare ervarings 'n integrale deel van hul beroepslewe. Boylan en McSwan (1998:5) en Roberts (2005:10) verduidelik dat opvoeders in landelike gebiede, wat opvoeding in 'n landelike gebied verskaf, ook tydens hul kinderjare onderrig in 'n landelike gebied ontvang het en waarskynlik min blootstelling en ervaring het buite hierdie konteks en omgewing. Hulle verduidelik verder dat opvoeders in landelike gebiede dit verkies om in hierdie gebiede te werk aangesien hul aan die landelike leefstyl gewoond is en reeds ingeskakel is by die gemeenskap. Hierdie faktore kan bydra tot die effektiwiteit van die opvoeder by die landelike skool, maar opvoeders se psigologiese welstand en sosiale omstandighede kan ook

stremmings veroorsaak en hul effektiwiteit laat afneem.

2.7 'N VERKENNING VAN OPVOEDERS SE PSIGOSOSIALE OMSTANDIGHEDDE

Wanneer opvoeders se ervaring van hul psigososiale omstandighede ondersoek word, behoort daar onderskei te word tussen interne prosesse (psigologiese) en eksterne prosesse (sosiale omstandighede).

2.7.1 Interne prosesse

Wanneer psigologiese welstand (oftewel interne prosesse) ondersoek word, beskryf Robertson en Cooper (2011:3) en Compton (2005:220) dat welstand bevorder word wanneer opvoeders hul werk as belonend ervaar en wanneer hulle 'n sin van prestasie ervaar. Wanneer Saban (2003:83) se argument dat die meeste opvoeders onderwys as 'n loopbaan kies as gevolg van altruïstiese en intrinsieke redes in ag geneem word, kan hierdie argument tesame met bogenoemde stelling beteken dat opvoeders met altruïstiese en intrinsieke motivering, 'n hoër vlak van psigologiese welstand mag ervaar.

Fredriksen en Rhodes (2004:47) beskryf onderwys egter as een van die mees stresvolle professies in die beroepswêreld. Inteenstelling met psigologiese welstand kan oormatige stres die teenoorgestelde effek hê. Pearce (2011:48) en Maclean (1992:40) verduidelik dat stres en uitbranding 'n groot tekort aan opvoeders in Suid-Afrika veroorsaak. Reynolds (2010:26) stem hiermee saam en meen dat werksverwante stres 'n negatiewe invloed op prestasie by die werk het en Fredrikson en Rhodes (2004:47) verduidelik dat stres negatiewe effek en ongelukkigheid kan veroorsaak. Stres dra verder ook by tot angstigheid, swak opvoedingsvaardighede, swak besluitnemingsvaardighede, afwesigheid, lae produktiwiteit en lae vlakke van werkstevredenheid (Van der Westhuizen, 2009:37).


Opvoeders se denke aangaande spesifieke sake speel 'n prominente rol in die belewenis van hulle psigologiese omstandighede. Opvoeders se beeld van hulself en hul persepsie aangaande hul effektiwiteit as opvoeders beïnvloed hulle interaksie met hul leerders (Fredriksen & Rhodes, 2004:47) en hulle persepsie of hul goed genoeg is beïnvloed weer hul effektiwiteit in die klaskamer (Troman, 1999:39, Jeffrey

& Troman, 2004: 537). Wanneer ander kollegas nie 'n opvoeder se persepsie aangaande opvoeding en die waarde van die kurrikulum met hulle deel nie, voel opvoeders dikwels alleen en geïsoleerd in skole (Pearce, 2011:52). Volgens Compton (2005:41) veroorsaak konflik tussen kollegas dikwels 'n afname in psigologiese welstand.

Wanneer opvoeders 'n goeie fokus en hoë vlak van selfmotivering het, selde kla en altyd maniere probeer vind om take beter te doen, word hulle as goeie opvoeders beskryf (Ward & Henschel, 2009:397). Hanushek, Kain, Brien en Rivkin (2005:30) meen dat opvoeders wie se gesinne gelukkig in die gemeenskap is, ook gelukkig sal wees in die gemeenskap waarin hul werk.

2.7.2 Eksterne prosesse

Volgens Miley, O'Melia en DuBois (2009:11) ontstaan sosiale welstand (oftewel eksterne prosesse) vanuit die interaksie tussen 'n persoon en sy/ haar omgewing. Compton (2005:230) bevestig hierdie stelling en verduidelik dat die persoon en sy of haar omgewing nooit as geïsoleerde entiteite gesien kan word nie. Wanneer hierdie interaksie ondersoek word, kan eksterne prosesse tussen 'n persoon en sy/haar omgewing verdeel word in interaksies tussen verskillende sisteme, naamlik mikro sisteme, meso sisteme en makro sisteme, wat interafhanklik van mekaar op 'n kontinuum voorkom (DuBois & Miley, 2008:69). Figuur 2.3 verduidelik die verskillende sisteme waaruit eksterne prosesse ontstaan (Miley, O'Melia & DuBois, 2009:12).



Figuur 2.3: Uiteensetting van verskillende sisteme waarin individue funksioneer

Miley, O'Melia en DuBois (2009:11) verduidelik dat mikrosisteme op individue, gesinne en families of klein groepe fokus. Aspekte soos gesondheid, inkomste, ras, klas, ouderdom en kultuur kan individue se funksionering in hierdie sisteem beïnvloed, terwyl aspekte soos grootte van groepe, rolle van familielede, en verhoudingspatrone, gesinne, families en klein groepe se funksionering beïnvloed (DuBois & Miley, 2008:70). Boylan en McSwan (1998:18), asook Robertson en Cooper (2011:77) verduidelik dat persoonlike verhoudings met ander individue, asook familie verwante sake die interaksie in die mikro sisteem beïnvloed. Teoretici verduidelik dat hierdie verhoudings en huishoudelike omstandighede, 'n bepalende faktor in opvoeders se effektiwiteit kan wees (Reynolds, 2010:27; Gibson, Ivancevich, Donnelly & Konopaske, 2006:200).

Verdere individuele faktore wat in die mikrosisteem verdeel word, sluit ekstrasiekie motivering, ontspanning en gesondheid in. Volgens Saban (2003:831), asook MaClean (1992:93) dien skoolvakansies, waar opvoeders kan ontspan en van oortollige stres ontslae raak, as 'n uitstekende eksterne proses wat die effektiwiteit van 'n opvoeder kan beïnvloed. Robertson en Cooper (2011:3) voeg hierby dat ontspanning en belangstellings buite werksure, oefening en tyd wat saam met

gesinne of familieledede spandeer word, ook positiewe welstand by opvoeders bevorder. 'n Goeie gesondheid, asook die gesondheid van die individu se gesin en familie kan ook die opvoeder se effektiwiteit beïnvloed.

Mesosisteme fokus op formele groepe en organisasies, soos die skoolsisteem (Miley, O'Melia & DuBois 2009:12) Aspekte soos groepskohesie, organisatoriese gedrag, hulpbronne in die organisatoriese omgewing, demokrasie en vooruitgang in organisasies, beïnvloed die funksionering van die mesosisteem (DuBois & Miley, 2008:71). Dan (2002:5), asook Boylan en McSwan (1998:15), verduidelik dat die skool waar die opvoeder onderrig gee, se standaard van opvoeding en leerervarings direk geassosieer kan word met die effektiwiteit van die opvoeder in hierdie mesosisteem. 'n Tekort aan hulpbronne wat onderrig strem lei op sy beurt weer tot laer effektiwiteit (Boyer & Bandy, 2010:11; Robertson & Cooper, 2011:3).

Compton (2005:229) verduidelik dat kohesie en sosiale integrasie binne skole ook 'n integrale deel van die effektiwiteit van die opvoeder vorm. Opvoeders wat deel van die skool voel, by aktiwiteite inskakel en ondersteuning van ander opvoeders ontvang, is geneig om meer effektief te wees. Compton (2005:236) verduidelik verder dat opvoeders wat demokratiese prosesse in hul leerplan kan implementeer wat die leerproses bevorder ook hoër vlakke van welstand en effektiwiteit sal ervaar. Verwagtinge en eise wat die skoolsisteem en betrokkenes aan opvoeders stel vorm deel van mesosisteme en die ervaring van opvoeders se psigososiale omstandighede beïnvloed dikwels opvoeders se reaksie op hierdie verwagtinge en eise.

Tabel 2.2 illustreer voorbeelde van verwagtinge wat aan opvoeders wat programme soos VKOP implementeer, gestel word.

Tipes verwagtinge uit verskillende sisteme		Omskrywing van die verskillende verwagtinge
MAKROSISTEEM	Verwagtinge van die breër samelewing	Die samelewing verwag toenemend dat opvoeders van kleuters 'n onderwysgraad of naskoolse opleiding in VKO moet hê ten einde effektiewe onderwysers te wees en programme soos die VKOP effektief te kan implementeer (Early, Maxwell, Burchinal, Bender, Ebanks, Henry, Iriondo-Perez, Mashburn, Pianta, Alva, Bryart, Cai, Clifford, Griffin, Howes, Jeon, Peisner-Feinberg, Vandergrift & Zill, 2007:559). Opvoeders by Suid-Afrikaanse landelike crèches het dikwels nie die geleentheid of finansiële vermoë om 'n formele kwalifikasie te verwerf nie.

MESOSISTEEM	Verwagtinge van ouers	<p>Ouers wie se moedertaal nie Engels is nie, skryf dikwels hul kleuters by crèches in waar Engels as primêre onderrigtaal gebruik word. Hierdie ouers verwag van opvoeders om hul kleuters in Engels te onderrig sodat hul kleuters vlot Engels kan praat wanneer die kleuters laerskool toe moet gaan. Die rol van 'n opvoeder by 'n crèche is egter om met kleuters te kommunikeer in hul moedertaal en kleuters holisties te ontwikkel en nie om 'n addisionele taal vir die kleuters aan te leer nie.</p>
MIKROSISTEEM	Opvoeders se verwagtinge van hulself	<p>Opvoeders in landelike crèches, waar swak sosio-ekonomiese omstandighede aan die orde van die dag is, verwag dikwels van hulself om te midde van lewensbedreigende stressore soos geweld, haweloosheid, armoede, substansmisbruik en negatiewe rolmodelle, 'n positiewe effek op die welstand van hul leerders te hê en VKOP effektief te implementeer. Indien opvoeders dan nie aan hierdie verwagting kan voldoen nie of ervaar dat hulle nie aan hierdie verwagtinge voldoen nie, het dit 'n negatiewe effek op hul eie welstand (McLoyd, 1998:185 & Bradley & Corwyn, 2002:373).</p>

Miley, O'Melia en DuBois (2009:12) beskryf makrosisteme as sisteme in die plaaslike gemeenskap en die wyer samelewing. Aspekte soos behuising, vervoer en die ekonomie kan hieronder klassifiseer word (DuBois & Miley, 2008:72). Omgewings waar die misdaadsyfer laag is en waar min sosiale probleme soos misbruik van substansie ervaar word, dra by tot 'n opvoeder se sosiale welstand (Boylan & McSwan, 1998:15; Compton, 2005:225). MaClean (1992:93) en Bobek (2002:203) meen op hul beurt dat die geografiese omgewing ook 'n invloed op welstand het en dat opvoeders wat naby aan die crèche woon, neig om meer effektief te wees. Opvoeders in geografiese areas wat ekonomies meer welvarend as ander is, ekonomiese stabiliteit ervaar, genoeg voedsel het, gesonde drinkwater het en goeie gesondheidsorg bied, ervaar ook meer sosiale welstand en is gevolglik ook meer effektief in die klaskamers (Compton, 2005:235).

Die mikrosisteem, mesosisteem en makrosisteem kan nie geïsoleer word nie en vorm 'n holistiese geheel van sosiale of eksterne prosesse wat ervaar kan word. Hierdie prosesse kan 'n opvoeder en sy of haar effektiwiteit positief of negatief beïnvloed. Uit Afdeling B is dit duidelik dat opvoeders se ervaring van hul eie psigososiale omstandighede (interne prosesse en eksterne prosesse) tot 'n groot mate hul effektiwiteit in die werksomgewing bepaal.

2.8 SAMEVATTING

Vroeë Kinderontwikkeling het gedurende 1990 in Afrika begin aandag geniet. VKOP is voorskoolse sosio-opvoedkundige programme wat by skole geïmplementeer word ten einde die gaping tussen leerders se huislike omstandighede en skolastiese omstandighede te vul en uiteindelik skoolgereedheid te bevorder. Suksesvolle VKO bring akademiese-, psigologiese- en sosiale suksesse vir leerders mee. Die sukses van die VKOP hang egter grootliks af van die manier waarop dit in die crèche geïmplementeer word en die effektiwiteit van die opvoeder wat dit fasiliteer.

Die effektiwiteit van 'n opvoeder kan volgens die literatuur beïnvloed word deur sy of haar psigososiale omstandighede. Die opvoeder se psigologiese omstandighede is interne prosesse wat op hom of haar inwerk en die manier waarop sy of hy op uitdagings reageer, beïnvloed. Interne prosesse sluit denke, gevoelens, emosies en persepsies wat opvoeders het, in. Opvoeders se sosiale omstandighede verwys na

die eksterne prosesse, oftewel interaksie tussen die sisteme waarbinne die individu beweeg, naamlik mikro-, meso- en makro sisteem en hoe sy of hy daaruit reageer. Beide interne, sowel as eksterne prosesse beïnvloed uiteindelik die opvoeder se algemene funksionering en effektiwiteit binne die opvoedingskonteks.

Opvoeders wat by die VKOP van die Noordwes-Universiteit se SJGD, inskakel, is hoofsaaklik landelike opvoeders wat self ook vanuit landelike gebiede en landelike onderrig kom. Literatuur bewys dat opvoeders wat opvoed by crèches in landelike gebiede, waarskynlik ook in 'n landelike gebied hul eie opvoeding ontvang het. Hierdie opvoeders in landelike gebiede het dikwels 'n tekort aan selfvertroue wat daartoe lei dat hul sukkel om hul eie opvoedkundige programme te ontwerp, en gevolglik inskakel by 'n VKOP om toegerus te word. Dit gebeur egter dat opvoeders nie net VKOP bywoon om hul kennis te verbreed en onderrig wenke te ontvang nie, maar om bloot hul professionele en persoonlike frustrasies met ander te deel. Vanuit die bogenoemde inligting is dit duidelik dat die aard van opvoeders se psigososiale omstandighede binne 'n Suid-Afrikaanse konteks (spesifiek 'n landelike gebied), die implementering van die SJGD se VKOP deur opvoeders by crèches in die Tlokwe-distrik beïnvloed.

Vanuit die literatuur blyk dit voorts dat opvoeders se ervaring van hul eie psigososiale omstandighede, die implementering van programme soos die SJGD se VKOP kan beïnvloed. Na die literatuur aangaande die agtergrond en aard van die opvoeders se psigososiale omstandighede bespreek is, is dit belangrik om die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie toegepas is, te beskryf.

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSMETODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Nadat 'n literatuurstudie onderneem is en die antwoorde op die navorsingsvrae vanuit die literatuur oorweeg is, moet die proses wat gevolg is om nuwe inligting in te win, verduidelik word. Hoofstuk 3 beskryf die navorsingsmetodologie wat gevolg is. Hier word gefokus op die navorsingsontwerp, die populasie, die steekproefneming en die beskrywing van meetinstrumente wat gebruik is, 'n volledige uiteensetting van die data-insamelingsproses, die verduideliking van die van data-analise proses en die etiese aspekte wat gedurende die studie ter sprake was.

3.2 NAVORSINGSONTWERP

Die Navorsingsontwerp is die aksieplan wat voorstel waarvolgens daar te werk gegaan moet word om die navorsing te doen ten einde die navorsingsvrae te beantwoord (Alston & Bowles, 2007:66). Hierdie studie was verkennend en beskrywend van aard en is gekombineer in die ondersoek sodat die opvoeders se psigososiale omstandighede ondersoek kon word en die beïnvloeding van hierdie omstandighede op hul beroepe beskryf kon word (Fouché & De Vos, 2011: 96).

In die studie is kwantitatiewe sowel as die kwalitatiewe navorsingsbenaderings gebruik ten einde die fenomeen, naamlik die psigososiale omstandighede en die mate waarop hierdie omstandighede die implementering van die VKOP in hul créches, beïnvloed, te verstaan. Die kwantitatiewe benadering het bestaan uit 'n gestandaardiseerde vraelys wat die onderwysers se psigososiale omstandighede meet, terwyl die kwalitatiewe benadering gebruik is om te bepaal hoe die opvoeders hul eie psigososiale omstandighede ervaar en tot watter mate sodanige omstandighede die implementering van die VKOP beïnvloed. Hierdie benaderings en die meetinstrumente word later in die hoofstuk meer breedvoerig bespreek.

3.3 POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING

3.3.1 Deelnemers

Volgens Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013:24) is daar 17 crèches in die Tlokwe-distrik by die Tlokwe munisipaliteit geregistreer. Daar is 'n totaal van 1505 kleuters in hierdie geregistreeerde crèches. Die deelnemers aan die navorsing bestaan egter net uit opvoeders by crèches in die Tlokwe distrik wat deelneem aan die VKOP van die SJGD. Al die crèches waar die SJGD dienste lewer, is nog nie geregistreeer by die Tlokwe munisipaliteit nie of is tans in die proses van registrasie.

Ten einde die navorsingsvrae van hierdie studie te beantwoord kon slegs die populasie opvoeders wat betrokke is by die VKOP van die SJGD gebruik word. Die rasionaal hiervan is dat die SJGD en die fasiliteerder van die VKOP die behoefte geïdentifiseer het om die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP beter te verstaan. Die potensiële deelnemers aan hierdie studie het uit n = 93 deelnemers van die SJGD se VKOP bestaan.

3.3.2 Steekproefneming

In hierdie studie is daar van teikengroep steekproefneming gebruik gemaak, ten einde so veel as moontlik van die populasie opvoeders wat aan die SJGD se VKOP deelgeneem het, in te sluit. Teikengroep steekproefneming word gebruik om te verseker dat mense of groepe met spesifieke eienskappe, karaktertrekke, kwalifikasies of mense of groepe binne 'n spesifieke geografiese area, deel van die steekproef vorm (Monette, Sullivan & De Jong, 2005:149). Soos deur Strydom (2011b:233) verduidelik, het die navorser 'n naamlys en kontakbesonderhede van die groep opvoeders wat aan die 2013/2014 opleidingsessies van die SJGD se VKOP deelgeneem het, van die fasiliteerder van die opleiding ontvang. Daar was egter geen kontakbesonderhede van die groep wat die opleiding in 2011/2012 deurloop het, beskikbaar nie. Die navorser en die fasiliteerder het deur middel van die terugvoer wat hierdie groep in 2011/2012 aangaande die opleiding gegee het, hulle identifiserende besonderhede saamgestel. Die crèches waar hulle in daardie tydperk werksaam was, is gekontak ten einde hierdie groep se huidige kontakbesonderhede te kry. Al hierdie opvoeders is gekontak en uitgenooi om deel te neem aan die

studie. Sommige opvoeders kon nie opgespoor word nie weens veranderde kontakbesonderhede of die feit dat hulle verhuis het. Ander kon weens 'n tekort aan mannekrag by die crèches waar hul werkzaam is, of botsende tydskedules, nie aan die studie deelneem nie. Uiteindelik het 13 deelnemers hulself beskikbaar gestel om aan die studie deel te neem.

3.4 METODES VAN DATA-INSAMELING

3.4.1 Kwantitatiewe meetinstrument

Vir die kwantitatiewe gedeelte van die data-insameling was daar van die Psigososiale Multifunksionering Inventaris (PMSI) gebruik gemaak (Faul & Hanekom, 2006:2). Die kwantitatiewe meetinstrument word bespreek deur die beskrywing van die meetinstrument, die proses van meting en die interpretasie van die ingesamelde data te verduidelik.

3.4.1.1 Beskrywing van die meetinstrument

Die PMSI is 'n geskrewe vraelys wat deelnemers se sterktes en uitdagings in 33 verskillende areas van persoonlike-, emosionele-, interpersoonlike-, geestelike- en fisiese funksionering meet. Die PMSI sluit in totaal 256 aspekte van funksionering in. Elke primêre funksioneringsarea, asook sub-aspekte van die primêre funksioneringsarea word in hierdie meetinstrument gemeet. Geen meting van die primêre funksioneringsareas of sub-aspekte hiervan bied egter inligting aangaande die oorsaak van die resultate van die deelnemers se funksionering nie. Tabel 3.1 bied 'n opsomming van elke primêre funksioneringsarea, die sub-aspekte van hierdie area asook die beskrywing van die area (Faul & Hanekom, 2006:2).

Tabel 3.1 Beskrywing van funksioneringsareas wat gemeet word

Afdeling van PMSI en primêre funksioneringsarea wat gemeet word	Sub-aspekte van elke primêre funksioneringsarea	Beskrywing van die sub-aspek
Afdeling A: Positiewe psigo-sosiale funksionering	Prestasiegerigheid – IIS	Die innerlike ervaring van prestasiegerigheid-IIS wat deelnemers het, is verwant aan die bewustheid van die individu aangaande sy/haar eie behoeftes en potensiaal. Hierdie aspekte beïnvloed die ervaring wat die individu aangaande sy/haar effektiwiteit en doelgerigheid het en die mate waartoe die individu homself/haarself as suksesvol beskou.
	Prestasiegerigheid – GBS	Prestasiegerige gedrag korreleer met die pogings wat individue aanwend om sy/haar doelwitte te bereik. Hierdie pogings word dus in prestasiegerigheid – GBS gemeet.
	Tevredenheid – IIS	Die innerlike ervaring van tevredenheid word gemeet deur die manier waarop die individu tevrede is met sy/haar lewe, te bestudeer. Hierdie tevredenheid kan veroorsaak word deur die individu se ervaring van blydschap, vriendelikheid en innerlike vrede. Tevredenheid- IIS verwys verder na die manier waarop die individu sy/haar omstandighede kan aanvaar, al dan nie, en die interaksie tussen die individu en die omgewing waarin hy/sy leef.

Afdeling B: Negatiewe psigo- sosiale funksionering	Tevredenheid – GBS	Gedrag wat tot tevredenheid-GBS lei, is die manier waarop die individu 'n balans tussen werk en plesier kan vind en word in hierdie sub-aspek gemeet. Tevredenheid-GBS sluit aspekte soos sinvolle gebruik van vrye tyd, humor en interaksie met ander mense, in.
	Verwagting – IIS	Die innerlike ervaring van die individu tot 'n positiewe sienswyse van sy/haar toekoms, word deur verwagting-IIS gemeet. Hoopvolheid, kalmte en optimisme word in hierdie aspek oorweeg.
	Verwagting - GBS	Verwagting-GBS is die manier waarop die individu sy/haar oriëntasie tot die daaglikse lewe, uitbeeld. Gedragstrekke soos om oplossings in moeilike omstandighede te vind, om ander te beskerm en te ondersteun, om na ander te luister asook om ander te bemoedig, word hier ingesluit.
	Frustrasie – IIS	Frustrasie – IIS verwys na die innerlike ervaring van frustrasie deur die individu. Die oorsprong van hierdie frustrasie is dikwels uitdagings in die omgewing en in die individu se welstand, wat hom/haar verhoed om sy/haar doelwitte te bereik. Gevoelens van woede, frustrasie, irritasie, ongeduld en bitterheid vorm deel van die individu se ervarings.
	Frustrasie –GBS	Gedrag wat vanuit frustrasie spruit, word met frustrasie-GBS gemeet. Gedrag soos om persone terug te kry vir wat hul aan die individu gedoen het, om ander bang te maak deur middel van negatiewe gedrag, om ander se gevoelens seer te maak, om graag te kritiseer en om betrokke te raak in argumente, vorm deel

		van die aspekte wat gemeet word.
	Spanning – IIS	Die innerlike gevoel van spanning kom voor wanneer die individu ervaar dat hy/sy nie aan die omgewings-eise kan voldoen nie. Gevoelens soos stres, angstigtheid, paniekerig, oorwerktheid, bekommernis en uitbranding, vorm deel van die individu se ervarings en word in die sub-aspek spanning-IIS, gemeet.
	Spanning – GBS	Spanning-GBS meet die gedrag wat die individu toon as gevolg van hy/haar ervaring dat hy/sy nie aan die omgewings-eise kan voldoen nie. Gedragstrekke soos onsekerheid, gemoedsveranderinge, paniek en angs vorm deel van die individu se gedragpatroon. Spanningsvolle gedrag kan ook fisiese simptome soos kopseer, spierpyne en slaaploosheid, voortbring.
	Hulpeloosheid – IIS	Die innerlike gevoel van hulpeloosheid word ervaar wanneer die individu 'n punt bereik waar hy/sy voel dat enige poging wat hy/sy aanwend om sy/haar omstandighede te verbeter, faal en dat sy/hy op geen manier die omgewingsfaktore in sy/haar lewe kan beheer nie. Hierdie ervaring gaan gepaard met negatiwiteit, doelloosheid, magteloosheid, alleenheid en verwerping. Hulpeloosheid-IIS meet die graad waartoe die individu hierdie gevoelens ervaar.
	Hulpeloosheid - GBS	Hulpeloosheid – GBS meet die gedrag wat die individu toon wat lei tot die disintegrasie van sy/haar doelgerigtheid en positiewe hanteringsmeganismes. Gedrag soos om nie meer te lag nie, om maklik moed op te gee, om te onttrek

		van die samelewing en 'n depressiewe atmosfeer te skep, vorm deel van hierdie individu se gedragspatroon. Die graad van hierdie gevoelens wat ervaar word, word in hulpeloosheid-GBS sub-aspek, gemeet.
Afdeling C: Emosionele funksionering	Afhanklikheid	Hierdie sub-aspek meet die mate waartoe 'n individu op iemand anders of op materiële aspekte staatmaak vir hulp en ondersteuning.
	Ontstellende	Ontstellende gedagtes beskryf die mate waartoe die persoon obsessiewe gedagtes en denke ervaar. In erge gevalle kan ontstellende gedagtes 'n verlamme effek op die individu hê.
	Geheueverlies	Hierdie geheueverlies meet basiese aspekte wat die individu op 'n daaglikse basis vergeet. Dit meet verder die graad van geheueverlies, asook die ervaring wat die individu hiervan het.
	Paranoia	Hierdie sub-aspek is op so 'n manier ontwerp dat 'n assessering van die persoon se paranoiese gedrag en paranoiese denke, gemeet kan word.
	Angstigheid	Angstigheid hou verband met die individu se gevoel van onveiligheid, onstabiliteit en vrese wat die individu mag ervaar.
	Selfmoordgedagtes	Hierdie sub-aspek meet die erns en graad van selmoordgedagtes wat die individu ervaar.
	Sinneloosheid van bestaan	Sinneloosheid van bestaan korreleer met die mate waartoe die individu 'n verlies van sin vir die lewe, die betekenis van die lewe en die individu se ervaring van sy/haar doel in die lewe, ervaar.

Afdeling D: Selfpersepsie	Innerlike onsekerheid	Innerlike onsekerheid word ervaar wanneer die individu bang is om emosioneel seer te kry, verwerp te word en van opinie is dat hy/sy in alle lewensaspekte sal faal. 'n Individu wat 'n hoë telling op hierdie sub-aspek het, glo dat hy/sy nie op sy/haar eie vaardighede kan staatmaak nie, dat sy/haar omgewing geen veiligheid vir hom/haar bied nie en dat die toekoms donker lyk.
	Skuldgevoelens	In hierdie sub-aspek dui skuldgevoelens die reaksie op 'n individu se ervaring dat hy/sy nie sy/haar eie lewe kan bestuur nie, aan. 'n Individu wat 'n hoë telling hier kry, aanvaar skuld vir alles wat verkeerd loop en voel dat hy/sy straf daarvoor verdien. So 'n persoon sukkel om homself/haarself te vergewe en blameer homself/haarself aanhoudend.
	Nutteloosheid	'n Gevoel van nutteloosheid is die persepsie van 'n individu dat hy/sy onbelangrik is en niks vir die samelewing beteken nie. 'n Persoon wat nutteloosheid ervaar voel volgens hierdie sub-aspek dat hy/sy niks werd is nie, dat hy/sy nie spesiaal is nie en dat hy/sy nie verdien om met respek behandel te word nie.
Afdeling E: Interpersoonlike funksionering	Verhouding met vriende	Hierdie sub-aspek meet die ervaring wat die individu het van sy/haar verhoudings met sy/haar vriende. Aspekte soos vertroue en respek, asook die hoeveelheid ondersteuning wat die individu en sy/haar vriende aan mekaar bied, word hier gemeet.
	Verhouding met gesin	Hierdie sub-aspek meet die ervaring wat die individu van sy/haar verhouding met sy/haar gesin het. Effektiewe kommunikasie en gesonde grense in families

		word verder ook hiermee gemeet.
	Verhouding met ma	Verhouding met ma sub-aspek meet die ervarings van die individu in sy/haar verhouding met sy/haar moeder. Gevoelens soos liefde, respek en 'n gevoel dat sy/haar moeder hom/haar verstaan, speel 'n rol hier.
	Verhouding met pa	Verhouding met pa sub-aspek meet die ervarings van die individu in sy/haar verhouding met sy/haar vader. Gevoelens soos liefde, respek en 'n gevoel dat sy/haar vader hom/haar verstaan, speel 'n rol hier.
	Verhouding met maat	Hierdie sub-aspek meet die ervaring van die individu ten opsigte van sy/haar romantiese maat.
	Verhouding met kind	Hierdie sub-aspek neem aspekte soos liefde en respek wat 'n individu vir sy/haar kinders het, die tyd wat hy/sy saam met die kinders spandeer en die vereistes wat sy/haar kinders aan hom/haar stel, ten eindelik die ervaring wat die individu in sy verhouding met sy kinders het, te beskryf.
	Verhouding met kollegas	Hierdie sub-aspek meet die mate waartoe die individu 'n positiewe verhouding met sy/haar werkskollegas het. Dit fokus op aspekte soos 1) die mate waartoe die individu sy/haar kollegas vertrou, 2) die mate wat die individu deel van die span is en 3) die respek wat hy/sy vir sy/haar kollegas het.
	Sosiale ondersteuning	Sosiale ondersteuning meet die mate waartoe die persoon 'n ervaring van ondersteuning en aanvaarding vanaf enige spesiale persoon in sy/haar lewe, ervaar.

Afdeling F: Geestelike funksionering	Verhouding met God	Hierdie sub-aspek meet die kwaliteit van die individu se verhouding met God.
Afdeling G: Fisiese funksionering	Ligaamsbeeld	Hierdie sub-aspek meet die individu se kognitiewe ervaring van sy/haar ligaamsbeeld.
	Seksuele tevredenheid	Seksuele tevredenheid meet die mate, erns en grootte van tevredenheid wat die individu in die seksuele komponent van sy/haar verhouding, ervaar.

Dit neem ongeveer 30 – 45 minute om hierdie skaal te voltooi (Faul & Hanekom, 2006:7). In hierdie studie is die data-insameling gelyktydig met 'n groep respondente gedoen, wat daartoe bygedra het dat hierdie vraelys ongeveer 2 ure geneem het om te voltooi.

Volgens Hudson (soos aangehaal deur Faul en Hanekom, 2006:81) moet enige meetinstrument oor ten minste twee psigometriese vereistes naamlik, (1) betroubaarheid en (2) geldigheid, beskik. Die validering en evaluering van hierdie meetinstrument is met 310 respondente afgeneem en daar is bevind dat die PMSI meetinstrument aan albei bogenoemde vereistes voldoen. Hierdie meetinstrument voldoen aan hoë betroubaarheid, asook inhouds-, kriterium- en konstruktgeldigheid.

3.4.1.2 Meting en interpretering van resultate

Die meetinstrument is op so 'n manier ontwerp dat die resultate van elke primêre funksioneingsarea en sub-aspek daarvan op dieselfde manier bereken word en deelnemers enige telling tussen 0 – 100 kan behaal. Volgens Stevens (soos aangehaal deur Faul en Hanekom, 2006:93), is hierdie meetinstrument 'n multi-item skaal, aangesien elke primêre funksioneringsarea uit ses of sewe sub-aspekte bestaan. Elke sub-aspek bied egter slegs 'n eendimensionele karaktertrek van die graad van sterktes of uitdagings wat ervaar word. Positiewe sub-aspekte is die aspekte wat in die primêre funksioneringsareas van Afdeling A, E, F en G van die PMSI gemeet word, terwyl negatiewe sub-aspekte die aspekte is wat deur Afdeling B, C en D gemeet word. Positiewe sub-aspekte verteenwoordig die sterktes waaroor deelnemers beskik, terwyl die negatiewe sub-aspekte die uitdagings wat deelnemers ervaar, verteenwoordig. Die resultate van die negatiewe sub-aspekte kan verder die graad van die uitdagings wat deelnemers ervaar, meet. Laer tellings in die negatiewe sub-aspekte beteken dat deelnemers se graad van uitdagings minder is, terwyl hoër tellings in die negatiewe-subaspek 'n aanduiding gee dat die graad van die uitdaging groter is en deelnemers die uitdaging meer ernstig ervaar.

Enige tyd in die studie wanneer respondente se telling hoër as 70 op die sosiale wanfunksionering sub-aspek in Afdeling B, C of D is of laer as 30 op die sosiale wanfunksionering sub-aspek in Afdeling A, E, F en G, moet die navorser daarvan bewus wees dat daar 'n moontlike mate van aggressiwiteit by die respondent

teenwoordig is. Die uiteensetting van ideale tellings, laer tellings en hoër tellings in elke primêre funksioneringsarea en sub-aspek daarvan, word in Hoofstuk 4 voorgehou.


3.4.2 Kwalitatiewe metode van data-insameling

Volgens Nieuwenhuis (2010:87) is die doel van 'n onderhoud om beskrywende data ten opsigte van die idees, perspektiewe, ervarings en gedrag van die deelnemers in te samel. Vir die kwalitatiewe gedeelte van die studie was daar van in-diepte onderhoude gebruik gemaak ten einde die deelnemers se psigososiale realiteit (Nieuwenhuis, 2010:87) te verken, om uiteindelik die psigososiale omstandighede van die deelnemers en die mate waartoe dit die implementering van die VKOP beïnvloed, te beskryf. Die onderhoude het die fenomenologiese benadering gevolg (Greeff, 2011: 342).

Die navorser het gepoog om die onderhoudskedule op so 'n manier op te stel dat die individu se funksionering en psigososiale omstandighede in die mikro-, meso- en makrosisteem ondersoek kan word. Ten einde verskillende funksioneringsaspekte te ondersoek, is die vrae in vyf verskillende kategorieë opgedeel en daar is 'n simbool aan elke kategorie toegeken. Die volgende simbole en kategorieë is gebruik



Ek;




My huis;



My Skool;



My ondersteuning;



VKOP opleiding

Ten einde die data ryker te maak, het die navorser die deelnemers versoek om ook hul response visueel voor te stel indien hul daarmee gemaklik voel. Die navorser het aan elke deelnemer vyf A3-grootte papiere gegee. Elke A3- papier het een van die simbole in die regterkantste hoek gehad. Hierdie simbool het die spesifieke kategorieë verteenwoordig. Die navorser het ook tekenmateriaal soos vetkryte, inkleurpotlode en viltpenne verskaf en elke keer wanneer daar na 'n nuwe kategorie aanbeweeg is, die ooreenstemmende A3-papier aan die deelnemers oorhandig. Deelnemers wat bereid was om die inligting ook visueel voor te stel, het dan tydens die onderhoud, terwyl hulle op die vrae in die spesifieke kategorie gereageer het, ook die inligting visueel voorgestel.

Jarbandhan en Schutte (2006:674) verduidelik belangrike tegnieke wat die navorser tydens die onderhoud moet toepas om vertrouenswaardigheid en onpartydigheid in hierdie onderhoude te verseker. Die navorser het die volgende tegnieke deurlopend toegepas:

- Die deelnemer het 90% van die praatwerk gedoen en die navorser het nie eksterne insette of onderbrekinge toegelaat tydens die data-insameling nie;
- Die onderhoudskedule is so saamgestel dat die vrae maklik verstaanbaar vir die deelnemers sou wees;
- Die navorser het begin met algemene vrae wat demografiese inligting inwin, waarna daar na meer sensitiewe vrae beweeg is;
- Die navorser het toegelaat dat deelnemers die onderhoud lei, maar het steeds beheer gehou;
- Die respondente het die nodige tyd gekry om oor die vrae te dink voordat hulle die vrae kon beantwoord.

Die onderhoudskedule wat tydens die kwalitatiewe data-insameling gebruik is, word as Bylaag B by hierdie studie aangeheg. Die presiese stappe wat gevolg is om die vertrouenswaardigheid en onpartydigheid van die onderhoude te bevestig, word later in die hoofstuk verduidelik.


3.4.3 Opsomming van die prosedure wat gevolg is tydens die data-insamelingsproses

Vanweë die feit dat slegs 13.98% van die totale populasie bereid was om aan hierdie studie deel te neem, kan daar nie statisties betekenisvolle inligting vanuit die kwantitatiewe vraelyste verkry word nie. Hierdie data word egter ingesluit om 'n oorsig te bied van die individuele respondente se psigososiale omstandighede, maar dit kan nie veralgemeen word in die groter populasie van VKO opvoeders nie.

Soos reeds genoem, het die kwalitatiewe gedeelte van die studie bestaan uit in-diepte onderhoude wat met deelnemers gevoer is. Enige deelnemer wat aan die kwantitatiewe data-insamelingsproses deelgeneem het en vrywillig aan die onderhoude wou deelneem, is genader vir die onderhoude.

Die respondente wat aangedui het dat hulle deel wou vorm van die onderhoude, is gekontak en 'n datum en tyd wat vir hulle gepas was, is geskeduleer. Die navorser het die respondente ontmoet op 'n plek waar hulle gemaklik voel om die onderhoud te voer. Een van die onderhoude het by die respondent se huidige werksplek plaasgevind, drie was in 'n stil area in Mohadin biblioteek onderneem, ses onderhoude is by respondente se huise gevoer en die oorblywende drie is by die crèches waar die respondente tans werksaam is, gevoer.

Die navorser het tydens elke onderhoud die onderhoudsproses aan die respondente verduidelik en die onderhoudskedule is met hulle deurgewerk. Elke deelnemer het vyf A3-blaaie ontvang, tesame met verskeie skryfbehoeftes, ten einde die data ook visueel uit te beeld. Anonimiteit is verseker deurdat die navorser 'n unieke nommer aan elke respondent toegeken het, wat gebruik is vir die data-insameling. Respondente se identiteit is vertroulik gehou deur die hele proses. Figuur 3.1 bied 'n oorsig van die proses wat gevolg is.



Figuur 3.1: Proses van data-insameling

3.5 DATA-ANALISE

Data-analise is die proses wat gebruik word om die ingesamelde data te struktureer en te interpreteer (Marshall & Rossman, 1999:152). Soos verduidelik by punt 4.1, is daar in hierdie studie van die Psigososiale Multifunksionering Inventaris (PMSI) gebruik gemaak om kwantitatiewe data in te samel. Die PASWIN 2000 program (PASWIN, 2000-2005) is in 2003 deur die Perspektief Kollege in Potchefstroom ontwerp om data wat vanuit spesifieke skale soos die PMSI ingesamel word, te analiseer. Die PASWIN-program (PASWIN, 2000 – 2005) is ook in hierdie studie gebruik om die kwantitatiewe data te analiseer en die data wat deur die PMSI ingesamel is, word in Hoofstuk 4 van hierdie verhandeling aangebied.

Volgens Elo en Kyngäs (2007: 107) word kwalitatiewe data meestal geanaliseer deur 'n inhoudsanalise te doen. Hulle beskryf hierdie analise as 'n navorsingsmetode waar data binne die konteks vanwaar dit ingesamel is deur die navorser geanaliseer word om die fenomeen beter te verstaan en om nuwe inligting vorendag te bring. Inhoudsanalise word deur middel van verskillende navorsingsbenaderings gedoen

ten einde die vertrouenswaardigheid daarvan te bevestig. Die kwalitatiewe data wat in hierdie studie deur middel van in-diepte onderhoude ingesamel is, is verwerk deur middel van (1) Tesch en (2) Creswell se benaderings. Tesch se benadering tot die tematiese analise van kwalitatiewe data behels die analisering en interpretering van die data binne temas, in agt basiese stappe (Poggenpoel, 1998:343). Die navorser het ook Tesch se benadering gebruik om temas en subtemas in die data te identifiseer en te interpreteer om uiteindelik die navorsingsvrae van die studie te beantwoord. Die tweede data-analise benadering wat in hierdie studie gebruik is, is op Creswell (2014:191) se benadering gegrond en word in Roux (2007:144) vervolgens verduidelik:

- Data is deur middel van onderhoude, stemopnames, verbatim, nie-verbatim response en visuele uitbeeldings van deelnemers se ervaring van hul psigososiale omstandighede verkry;
- Data is deurgelees en 'n algemene oorsig van die inligting is verkry. Daar is op die betekenis van die data as geheel gekonsentreer en die navorser het haarself die volgende vrae afgevra:
 - Wat is die algemene gedagte wat by die deelnemers na vore kom?
 - Wat is die algemene indruk van die diepte, betroubaarheid en bruikbaarheid van die inligting?
- Data is daarna georganiseer en vir ontleding voorberei. Onderhoude is verbatim getranskribeer en as hardekopië bestudeer;
- Gedetailleerde ontleding is deur middel van 'n koderingsproses gedoen. Kodering is gedoen deur inligting in kleiner dele op te deel om betekenis aan sodanige dele te gee. Daarna is die data in segmente of sinne in kategorieë geplaas en benoem. Daar is gebruik gemaak van die response op die vrae wat aan die deelnemers gestel is om die kategorieë te identifiseer;
- Die laaste fase in data-ontleding behels die interpretasie van en betekenisgewing aan die data. Dit kan saamgevat word met die vraag: "Wat is die lesse wat hieruit geleer kan word op grond van die ingesamelde data?". Hierdie lesse kan die navorser se persoonlike interpretasie wees, of 'n betekenis wat uit die vergelyking van die bevindings met inligting uit die literatuur afgelei is, of dit kan 'n interpretasie wees waar die navorser 'n

teoretiese lens gebruik om die inligting te interpreteer waaruit die navorser dan 'n aanbeveling maak.

Tesch en Creswell se benaderings tot die analise van kwalitatiewe data is gekombineer om 'n beter analise en interpretasie van die data te verkry en sodoende ook die vertrouenswaardigheid van die studie te verhoog.

3.6 ETIESE ASPEKTE

3.6.1 Etiese goedkeuring

Hierdie studie is deur die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, goedgekeur en die goedkeuringsnommer, NWU-00003-11-A1, is toegeken (dokument aangeheg as Bylaag C). Weens die feit dat die studie binne die SJGD strukture van die Universiteit plaasgevind het, is daar ook goedkeuring van die bestuur van die SJGD verkry om navorsing binne die SJGD se VKOP te doen. Hierdie toestemmingsdokument word aangeheg as Bylaag E.

3.6.2 Spesialiteite, vaardighede en wetlike bevoegdheid om studie te onderneem

Die navorser is in hierdie studie begelei deur 'n studieleier en mede-studieleier wat al as studieleiers opgetree het vir verskeie Meestersgraad en Doktorale kandidate wat hulle studies suksesvol voltooi het. Die studieleier van die studie beskik oor 'n PhD in maatskaplike werk en is al elf jaar betrokke by die SJGD en die aktiwiteite van die van hierdie organisasie. Die mede-studieleier van hierdie studie het 'n PhD in Opvoedingswetenskappe, is al sewe jaar betrokke by die SJGD en is ook die fasiliteerder van die VKOP van die SJGD.

Die navorser is 'n geregistreerde maatskaplike werker wat drie jaar ondervinding in die maatskaplikewerk veld het en werk op 'n gereelde basis met onder meer opvoeders in landelike gebiede. Die navorser was voorts vir 'n tydperk van vier jaar betrokke by die SJGD en het verskeie rolle binne dié organisasie vervul. Beide die navorser en die studieleier van hierdie studie is geregistreer by die *South African Council for Social Service Professionals* (hierna verwys as SACSSP) en is verbind

aan die SACSSP se gedragskode en etiese praktyke, soos uiteengesit in die SACSSP se Gedragskode (SACSSP:2013).

3.6.3 Waarskynlike ervarings van deelnemers aan hierdie studie

Deelnemers kan blootgestel word aan allerlei emosionele skade soos herinneringe vanuit hul eie kinderjare wat hul welstand kan beïnvloed, selfvertroue wat verminder of verhoogde stres (Neuman, 2006:132). Deelnemers aan hierdie studie kon meestal voordeel vanuit die studie trek, alhoewel daar ook risiko's aan die studie verbonde was (soos verduidelik in paragraaf 6.6). Sou dit aan die lig gekom het dat enige deelnemer aan hierdie studie se psigososiale welstand 'negatief beïnvloed is, of dat die studie enige negatiewe emosies by die deelnemers ontlok het, was daar 'n proses in plek gestel om hierdie deelnemers te help sodat enige langtermyn skade aan hul welstand, verhoed kon word. Hierdie proses om sielkundige skade te voorkom is uiteengesit in Figuur 1.1 van hoofstuk 1.

3.6.4 Privaatheid en anonimiteit van deelnemers

Alhoewel die naamlys en kontakbesonderhede van die totale populasie deelnemers vooraf verkry is ten einde die teikengroep steekproef te trek, is deelnemers se anonimiteit en privaatheid tydens die studie deurgaans beskerm. Die navorser het aan elke deelnemer 'n unieke navorsingsnommer toegeken wat deurentyd gebruik was om deelnemers te identifiseer. Deelnemers se name verskyn nie op die kwantitatiewe meetinstrument of op die onderhoudskedules nie. Geen deelnemer se naam word ook genoem in die resultate wat in Hoofstuk 4 bespreek word nie en daar word heeltyd na die deelnemers se unieke navorsingsnommer verwys ten einde deelnemers se privaatheid en anonimiteit te beskerm.

3.6.5 Toegang tot die gemeenskap en ingeligte toestemming

Die navorser het toegang tot die gemeenskap verkry deur middel van die studenteleier van die SJGD wat by die SJGD se VKOP betrokke is. Hierdie studenteleier was deurentyd as tussenganger teenwoordig om die navorser aan die deelnemers bekend te stel, die studie aan die deelnemers te verduidelik, ingeligte toestemming vir deelname te verkry en die data-insameling te fasiliteer. Die

fasiliteerder van die VKOP was ook teenwoordig tydens die kwantitatiewe data-insameling ten einde die navorsingsprosedures aan deelnemers te verduidelik.

Weens die feit dat deelnemers aan hierdie studie almal opvoeders is en daar geen minderjariges by die studie betrokke was nie, kon deelnemers self besluit of hulle aan die studie wil deelneem, al dan nie. Deelnemers het drie geleenthede gehad om vrywillig hulle bereidwilligheid tot deelname te verklaar. Die eerste geleentheid was tydens die eerste kontak wat met deelnemers gemaak is ten einde uit te vind of hulle belangstel om aan die studie deel te neem. Die tweede geleentheid het plaasgevind tydens die ondertekening van die ingeligte toestemmingsvorm nadat alle voordele, implikasies, risiko's en navorsingsprosedures aan die deelnemers verduidelik is. Die laaste geleentheid was tydens die kwalitatiewe data-insamelingsproses voordat die onderhoudskedule met die deelnemers deurgewerk is en die verwagtings aan hul verduidelik is. Deelname was dus vrywillig en alle deelnemers het 'n ingeligte toestemmingsvorm onderteken (sien Bylaag E).

3.6.6 Risiko's en voordele verbonde aan hierdie studie

Weens die feit dat deelnemers aan hierdie studie nie minderjarige-, gestremde- of bejaarde persone ingesluit het nie, vorm hulle nie deel van 'n kwesbare groep met 'n hoë risiko vir emosionele skade nie. Die deelnemers aan hierdie studie is opvoeders is wat by crèches werksaam is of was, en die risikofaktor van hierdie studie was dus laag. Die navorser het egter tydens alle fases van die studie probeer om die risikofaktore so laag as moontlik te hou.

Die navorser is van mening dat die data-insamelingsmetodes nie risiko's vir die deelnemers ingehou het nie, veral weens die feit dat die privaatheid en anonimiteit van die deelnemers deurgaans beskerm is. Tydens die voltooiing van die kwantitatiewe vraelyste, was die risiko vir emosionele skade redelik laag, aangesien elke deelnemer sy/haar eie vraelys voltooi en bloot die gepaste antwoord op die antwoordblad gemerk het. Die risiko vir emosionele skade tydens die kwalitatiewe onderhoude was effens hoër as die kwantitatiewe proses, aangesien daar onderhoude met deelnemers gevoer is en deelnemers hulself meer blootgestel het deur die vrae op die onderhoudskedule te beantwoord en te bespreek. Deelnemers was egter bewus gemaak dat hulle enige tyd van die navorsing kon onttrek indien

hulle ongemak ervaar. Sou deelnemers emosionele reaksies ervaar of behoeftes uitspreek wat opvolging vereis, was ontloftingsgeleenthede beskikbaar en kon deelnemers verwys word vir professionele hulp, indien nodig.

Die kwantitatiewe- asook kwalitatiewe data-insameling het in veilige omgewings plaasgevind waar deelnemers en die navorser nie aan gevaar blootgestel kon word nie.

Moontlike risiko's wat deelnemers wel kon ervaar, sluit die volgende in:

- Deelnemers kon bewus raak van hul eie psigososiale omstandighede wat negatiewe emosies by hul kan ontlok;
- Deelnemers kon aan hul eie effektiwiteit begin twyfel, wat 'n invloed op hul opvoedingswyse of – tegnieke kon hê.

Volgens Training and Resources in Research Ethics Evaluation (2009:22) kan 'n studie fisiese-, psigologiese-, maatskaplike- en ekonomiese voordele vir deelnemers inhou. Hierdie studie het egter geen direkte voordele vir die deelnemers ingehou nie, maar die volgende indirekte voordele is deur deelnemers ervaar:

- Deelnemers is bewus gemaak van hulpbronne in hulle eie gemeenskap;
- Deelnemers beleef 'n sin van tevredenheid en weet dat hulle 'n wesenlike verskil in die beskikbare inligting ten opsigte van deelnemers aan die SJGD se VKOP maak en bydrae tot die ontwikkeling van meer kennis in hierdie veld.

Wanneer die voorafgaande inligting in ag geneem word, is dit duidelik dat die risiko vir emosionele skade aan deelnemers baie laag is, terwyl deelnemers sommige voordele uit hierdie studie kan put. Die voordele dra gevolglik meer gewig as die risiko's verbonde aan hierdie studie.

3.6.7 Belonings aan deelnemers

Alhoewel daar geen direkte belonings of finansiële voordele is wat deelnemers uit hierdie studie put nie, is deelnemers op verskeie wyses tegemoet gekom om ongemak en uitdagings te beperk:

- Deelnemers is vanaf hul wonings na die Universiteit per bus vervoer ten einde die kwantitatiewe vraelyste te voltooi;
- Alle benodighede en skryfbehoeftes wat deelnemers moes gebruik vir die volooing van die vraelyste is aan hul voorsien;
- Daar is verversings aan deelnemers verskaf tydens die voltooiing van die kwantitatiewe vraelyste;
- Die navorser het die kwalitatiewe onderhoude met die deelnemers gevoer op 'n plek wat vir hulle gepas was;
- Die navorser het alle benodighede en skryfbehoeftes vir die kwalitatiewe onderhoude en visuele voorstelling van die data tydens die onderhoude aan deelnemers voorsien;
- Die navorser het verversings aan die deelnemers voorsien tydens die kwalitatiewe onderhoude.

3.6.8 Vertrouenswaardigheid van ingesamelde data

Volgens Maree (2010:80) is die navorser self die data-insamelingsinstrument in kwalitatiewe gedeeltes van data-insameling en juis vanweë hierdie feit is die vertrouenswaardigheid van kwalitatiewe data 'n aspek waaroor daar vele debatte in die navorsingswêreld bestaan. Verskeie teoretici het konstruke wat as kriteria vir vertrouenswaardigheid gebruik kan word, in plek probeer stel, maar tot op hede is daar geen algemene gestandaardiseerde internasionale kriteria wat toegepas kan word op kwalitatiewe data, ten einde die vertrouenswaardigheid van die navorsing te bevestig nie.

Lincoln en Guba (2007:80) het vyf konstruke geïdentifiseer wat gebruik kan word as kriteria vir vertroubaarheid, naamlik (1) geloofwaardigheid, (2) oordraagbaarheid, (3) vertrouenswaardigheid, (4) bevestigbaarheid. De Vos (2010:421) beskryf ook hierdie konstruk as objektiwiteit en (5) betroubaarheid.

Die navorser het verskeie stappe geneem om die vertrouenswaardigheid van ingesamelde data so ver as moontlik te probeer verseker. In Tabel 3.2 word die vyf konstruke wat gebruik word as kriteria om vertrouenswaardigheid te verseker, kortliks bespreek en daar word aangedui hoe elkeen in hierdie studie geïmplementeer is.

Tabel 3.2: Betroubaarheid van kwalitatiewe data

Konstrukte / Kriteria	Definisie van konstruk / kriteria	Hoe die konstruk / kriteria in die studie toegepas is
Geloofwaardigheid	Geloofwaardigheid is die vertroue dat dit wat vanuit die data wat ingesamel is, die waarheid is en of dit die navorsingsvrae kan beantwoord.	<p>Ingesamelde data word as die waarheid beskou weens die feit dat die navorser beide kwantitatiewe- sowel as kwalitatiewe data-insamelingsmetodes benut het, asook verskillende instrumente is onderhoude, veldnotas, opnames en visuele data tydens die kwalitatiewe data-insamelingsproses, benut het.</p> <p>Die kwalitatiewe data word as die waarheid beskou aangesien data-insameling voortgegaan het totdat data-versadiging bereik is.</p> <p>Data word as die waarheid beskou, aangesien die ingesamelde data 'n sterk korrelasie met die literatuur toon;</p> <p>Data word as geloofwaardig beskou weens die feit dat die navorser betrokke in die navorsingsveld is en deur kundiges begelei was tydens hierdie studie.</p>

Oordraagbaarheid	Oordraagbaarheid beteken dat data en inligting op so 'n manier ingesamel is, dat dit op soortgelyke situasies met soortgelyke deelnemers toegepas word en toekomsvoorspellings vanuit die ingesamelde data gemaak kan word.	<p>Die fasiliteerder van die VKOP, asook die studenteleier betrokke by die VKOP was deurentyd deel van die navorsing;</p> <p>Die navorser is begelei deur kundiges in die VKOP gebied en in die navorsingsterrein;</p> <p>Deur teikengroep-steekproefneming is die spesifieke populasie verkies wat verseker dat die navorsingsvrae beantwoord word en dat die resultate na ander dele van die populasie oorgedra kan word;</p> <p>Die data wat ingewin is word skriftelik en elektronies gestoor by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus;</p> <p>Data is nie alles gelykdig ingesamel nie, maar oor 'n tydsraamwerk, wat meegebring het dat faktore wat nie beheer kon word nie, in ag geneem is;</p> <p>Die navorsingsproses word gedetailleerd in die studie beskryf.</p>
Vertrouenswaardigheid	Vertrouenswaardigheid handel oor die stabiliteit van die bevindinge oor 'n tydsraamwerk.	<p>Die navorser is gedurende die studie deur kundiges begelei;</p> <p>Die totale navorsingstudie word deur interne – en eksterne eksaminatore eksamineer, ten einde vertrouenswaardigheid te bevestig.</p>

<p>Bevestigbaarheid / Objektiwiteit</p>	<p>Hierdie konstruk meet of die data wat ingesamel is, bevestig kan word en of die navorser se subjektiwiteit die data beïnvloed het.</p>	<p>Data insameling het met 13 respondente plaasgevind en die navorser het meer as eenmaal met elke deelnemer kontak gehad;</p> <p>Die navorser het gedurende data-insameling die navorser se eie denke, emosies, waardes en vooroordele, krities oorweeg.</p>
<p>Betroubaarheid</p>	<p>Die navorser moet tydens elke deel van die studie op die inligting wat ingesamel is fokus en die deelnemers se opinie moet aan die lig gebring word.</p>	<p>Die navorsingsverslag is so opgestel dat die resultate van die navorsing en opinies van die deelnemers duidelik gereflekteer word.</p>

3.6.9 Bestuur van data

Die data wat tydens die onderhoude ingesamel is, is inligting wat die navorser neergeskryf het terwyl die respondente die vrae beantwoord het (veldnotas), asook die visuele uitbeeldings van die data wat die respondente gemaak het. Die navorser het verder alle data met toestemming van die deelnemers, met 'n stemopnemer opgeneem, waarna hierdie data getranskribeer is en in 'n elektroniese formaat gestoor is.

Alle naamlyste, ingeligte toestemmingsvorme, veldnotas, visuele uitbeeldings en elektroniese data word by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus ingehandig, waar dit vir 'n tydperk van vyf jaar in 'n vertroulike data-argief gestoor sal word.

3.6.10 Bekendmaking van resultate van die studie

Tydens die proses waar alle aspekte rakende die navorsing aan deelnemers verduidelik is en die ingeligte toestemmingsvorm onderteken is, kon die deelnemers aandui of hulle in kennis gestel wil word van die resultate van die studie. Al die deelnemers het aangedui dat hulle graag die resultate van die studie wil ontvang, ten einde hulself, asook hul opvoedingswyses en –tegnieke te verbeter.

Na afhandeling van hierdie studie, sal die resultate opgesom word op 'n wyse waarop die deelnemers dit sal verstaan en die navorser sal hierdie skriftelike opsomming van die studie aan elke deelnemer oorhandig en 'n kort terugvoersessie met deelnemers skeduleer. Tydens hierdie sessie sal die resultate verder bespreek word en vrae sal beantwoord word.

'n Kopie van die navorsingsverslag sal aan die SJGD verskaf word tydens 'n kort voordrag aan die SJGD se Adviesraad. Daar sal verder gepoog word om 'n artikel in 'n vaktydskrif te publiseer en die resultate sal by verskeie kongresse voorgedra word.

3.7 GEVOLGTREKKING

Die navorsingsontwerp wat gevolg is, was beide verkennend en beskrywend van aard ten einde die fenomeen beter te verstaan en navorsingsvrae sinvol te beantwoord. Kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes is gekombineer in die ondersoek sodat die opvoeders se psigososiale omstandighede ondersoek kon word en die beïnvloeding van hierdie omstandighede op hul beroepe beskryf kon word.

Die totale populasie van respondente wat die SJGD se VKOP deurloop het, is in hierdie studie ingesluit. Hierdie populasie sluit 'n groep van die SJGD se VKOP wat die VKOP in 2011/2012 deurloop het, asook die groep van die SJGD se VKOP in 2013/2014 in en het bestaan uit 'n totaal van $n=93$ deelnemers. Na aanleiding van teikengroep steekproefneming, het slegs 13 deelnemers hulself bereidwillig verklaar om aan die studie deel te neem. Dit beteken dat slegs 13.98% van die totale populasie van die SJGD se VKOP aan hierdie studie deelgeneem het en daar nie statisties betekenisvolle afleidings of gevolgtrekkings vanuit die kwantitatiewe data gemaak kon word nie. Die kwantitatiewe data wat in hierdie studie deur middel van die PMSI-skaal ingesamel is, stel wel die resultate en die psigososiale omstandighede van die 13 individue wat aan die studie deelgeneem het, voor en word in hoofstuk 4 van hierdie studie weergegee. Hierdie kwantitatiewe data is geanaliseer deur middel van die PASWIN program (PASWIN, 2000-2005) wat ontwerp is om data verkry uit die PMSI-skaal, te analiseer. Ryker en meer betekenisvolle kwalitatiewe data is deur middel van kwalitatiewe onderhoude ingesamel wat verbatim, nie-verbatim response, asook visuele voorstellings van data, insluit. Hierdie kwalitatiewe data is na aanleiding van Tesch en Creswell se benaderings tot die analisering van kwalitatiewe data, analiseer. Alle rou data en transkripsies word vir 'n tydperk van vyf jaar by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus gestoor.

Etiese aspekte het gedurende alle fases van hierdie studie 'n belangrike rol gespeel. Alle etiese aspekte is aan deelnemers verduidelik en deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, het 'n ingeligte toestemmingsvorm onderteken ten einde aan te dui dat hulle alle etiese faktore verstaan en hulself bereidwillig stel om aan die studie deel te neem. Die moontlike risiko's wat die studie vir die deelnemers kon inhou, is

sover moontlik beperk en die deelnemers se privaatheid en anonimiteit is deurentyd in hierdie studie beskerm.

Nadat die empiriese gedeelte en uitvoering daarvan in die ondersoek in-diepte bespreek is, word die resultate van die data-insameling asook die interpretasie daarvan in Hoofstuk 4 weergegee.

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die studie aangebied, geïnterpreteer en bespreek. Die profiel van die populasie wat aan hierdie studie deelgeneem het, sal eerste geïllustreer word, ten einde 'n oorsig te gee van die deelnemers se geslag, ouderdom, taal en ras. Daarna sal die punttellings wat met die PMSI-skaal behaal is beskryf word ten einde die interpretering van die tellings beter te verstaan. Verder sal die resultate vanuit die kwantitatiewe data voorgestel en opgesom word, waarna hierdie resultate kortliks geïnterpreteer sal word. 'n In-diepte voorstelling van die kwalitatiewe data sal dan deur middel van tabelle en visuele uitbeeldings gegee word ten einde die temas en patrone wat vanuit die kwalitatiewe data voorgekom het, uit te beeld. Hierdie bevindinge sal daarna ook verder geïnterpreteer, bespreek en met literatuurkontroles ondersteun word.

4.2 PROFIEL VAN DIE DEELNEMERS

Die totale populasie van hierdie studie het uit $n = 93$ potensiële deelnemers bestaan. Die deelnemers aan hierdie studie is opvoeders wat werksaam is / was by crèches in die Tlokwe-distrik waar die SJGD van die Noordwes-Universiteit gemeenskapsdienste lewer. Hierdie populasie was nie bloot deelnemers wat by hierdie crèches werk nie, maar deelnemers wat die spesifieke VKOP opleiding van die SJGD deurloop het. Van die deelnemers is 33% Swart, terwyl 63% Bruin en 4% Wit, is. Die meerderheid van die deelnemers se moedertaal is Setswana, maar die opvoeders kan almal goed Afrikaans lees, skryf en praat. Die profiel van die deelnemers aan hierdie studie word in Tabel 4.1 voorgehou.

Tabel 4.1: Profiel van deelnemers aan die studie

	Manlik (M)/ Vroulik (V)	Ouderdom				Ras			Taal		
		18-30	31-45	46-60	61+	Wit	Swart	Bruin	Afrikaans	Engels	Se-tswana
Respondent 1	V		X					X	X		
Respondent 2	V		X			X			X		
Respondent 3	V		X					X	X	X	
Respondent 4	V	X					X		X		X
Respondent 5	V			X				X	X	X	
Respondent 6	V	X						X	X		
Respondent 7	V	X						X	X	X	
Respondent 8	V	X						X	X	X	
Respondent 9	V		X				X		X		X
Respondent 10	V		X				X		X		X
Respondent 11	V			X			X		X		X
Respondent 12	V			X			X		X		X
Respondent 13	V	X				X			X	X	
TOTAAL	13	5	5	3	0	2	5	6	13	5	5

Vanuit Tabel 4.1 kan die afleiding gemaak word dat alle deelnemers aan hierdie studie vroulik is en dat die grootste gedeelte van die deelnemers tussen 18 – 45 jaar oud is. Die grootste persentasie van die deelnemers is Bruin (46,2%) gevolg deur

38,5% Swart en 15,3% Wit bevolkingsgroep. Deelnemers aan hierdie studie kon almal goed Afrikaans lees, verstaan en praat.

4.3 BEVINDINGE VANUIT DIE KWANTITATIEWE DATA

Die kwantitatiewe data wat uit die Psigososiale Multifunksionering inventaris (PMSI-skaal) verkry is, sal vervolgens aangebied en bespreek word. 'n Totaal van 13 deelnemers aan die studie het die geskrewe PMSI-meetinstrument voltooi. Slegs 12 van die deelnemers se resultate kan weergegee word. Een respondent het van die vrae meer as een keer beantwoord en haar vraelys gevolglik ongeldig gemaak (Faul & Hanekom, 26:2006).

Data-analise het plaasgevind deur middel van die PASWIN program (PASWIN, 2000-2005). Die navorser het die antwoorde wat deelnemers op die kwantitatiewe vraelyste gemerk het op hierdie program ingelees waarna die program die data saamgevoeg en verwerk het. Soos in hoofstuk 3 bespreek, meet die PMSI primêre funksioneringsareas en sub-aspekte van hierdie areas.

Puntetellings wat strek tussen 0 – 100 van die funksioneringsareas en die sub-aspekte hiervan soos vanuit die PMSI-skaal, word hieronder getoon. Tabel 4.2 bied 'n oorsig van elke funksioneringsarea, sub-aspekte hiervan en die interpretasie van ideale/aanbevole tellings, hoër tellings en laer tellings wat verkry kan word. Bevindinge wat in hierdie studie verkry is van elke funksioneringsarea en sub-aspek daarvan word dan in grafiese voorstellings voorgedra en verduidelik. Hierna word 'n vergelyking van die tellings wat deelnemers gekry het in die spesifieke funksioneringsarea met literatuur vergelyk en op die studie toegepas. Na afloop van die bespreking van alle funksioneringsareas en sub-aspekte se tellings, word 'n opsomming van die resultate van alle kwantitatiewe data wat ingesamel is, voorgedra.

Tabel 4.2: Beskrywing van tellings van die PMSI se funksioneringsareas

Afdeling van PMSI en primêre funksioneringsareas	Sub-aspekte	Aanbevole telling en betekenis	Tellings meer / minder as aanbevole telling	Tellings tussen minder of meer as aanbevole telling
Afdeling A: Positiewe psigososiale funksionering	<ul style="list-style-type: none"> • Prestasiegerigtheid – IIS • Prestasiegerigtheid – GBS • Tevredenheid – IIS • Tevredenheid – GBS • Verwagting – IIS • Verwagting – GBS 	’n Telling van 79 of hoër is in die aanbevole gebied.	’n Telling van minder as 73 toon ’n behoefte vir verbetering aan.	Tellings wat wissel tussen 73 – 79 dui ’n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word.
Afdeling B: Negatiewe psigososiale funksionering	<ul style="list-style-type: none"> • Frustrasie -IIS • Frustrasie -GBS • Spanning -IIS • Spanning – GBS • Hulpeloosheid – IIS • Hulpeloosheid – GBS 	’n Telling van minder as 22 is in die aanbevole gebied.	’n Telling van meer as 28 toon ’n behoefte vir verbetering aan.	’n Telling wat wissel tussen 22 – 28 dui ’n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word.

<p>Afdeling C: Emosionele funksionering</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Afhanklikheid • Ontstellende gedagtes • Geheueverlies • Paranoia • Angstigheid • Selfmoordgedagtes • Sinneloosheid van bestaan 	<p>'n Telling van minder as 21 is in die aanbevole gebied.</p>	<p>'n Telling van meer as 21 toon 'n behoefte vir verbetering aan.</p>	<p>'n Telling van tussen 17 – 21 dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word.</p>
<p>Afdeling D: Selfpersepsie</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Innerlike onsekerheid • Skuldgevoelens • Nuttelosheid 	<p>'n Telling van minder as 21 is in die aanbevole gebied.</p>	<p>'n Telling van meer as 25 toon 'n behoefte vir verbetering aan.</p>	<p>'n Telling wat wissel tussen 21 – 25 dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word.</p>
<p>Afdeling E: Interpersoonlike funksionering</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Verhouding met vriende • Verhouding met gesin • Verhouding met ma • Verhouding met pa • Verhouding met maat • Verhouding met kind 	<p>'n Telling van meer as 68 is in die aanbevole gebied.</p>	<p>'n Telling van minder as 64 toon 'n behoefte vir verbetering aan.</p>	<p>'n Totaal van tussen 64 – 68 dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea</p>

	<ul style="list-style-type: none"> • Verhouding met kollegas • Sosiale ondersteuning 			gegee moet word.
Afdeling F: Geestelike funksionering	<ul style="list-style-type: none"> • Verhouding met God 	'n Telling van meer as 80 is in die aanbevole gebied.	'n Telling van minder as 76 toon 'n behoefte vir verbetering aan.	'n Telling wat wissel tussen 76 – 80 dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word.
Afdeling G: Fisiese funksionering	<ul style="list-style-type: none"> • Liggaamsbeeld • Seksuele tevredenheid 	'n Telling van meer as 73 is in die aanbevole gebied.	'n Telling van minder as 67 toon 'n behoefte vir verbetering aan.	'n Telling van tussen 67 – 73 dui 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word.


Na afloop van hierdie tabel word die individuele tellings van elke funksioneringsarea en sub-aspek daarvan wat in hierdie studie verkry is, deur middel van grafieke uitgebeeld en die tellings en betekenis daarvan vir hierdie studie, word bespreek.

4.3.1 Deelnemers se tellings ten opsigte van funksioneringsareas en sub-aspekte

Alle funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan vorm 'n geheelbeeld en wedersydse interaksie vind tussen hierdie funksioneringsareas en sub-aspekte plaas. Dit beteken dat positiewe of negatiewe resultate in een funksioneringsarea of sub-aspek daarvan tot positiewe of negatiewe resultate in ander funksioneringsareas of sub-aspekte kan lei (Faul & Hanekom, 2006:2). Die resultate vanuit die tellings van die PMSI wat psigososiale omstandighede van opvoeders meet, lei daartoe dat die navorsingsvraag naamlik, "Wat is die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by SJGD se VKOP opleidingsprogram?", beantwoord kan word. Elke funksioneringsarea en sub-aspekte hiervan word eers afsonderlik bespreek, waarna die verwantskap tussen hierdie areas weergegee word.

4.3.1.1 Positiewe psigososiale funksionering

In hierdie studie het deelnemers 'n gemiddelde telling van 80 verkry. Volgens PASWIN (2000-2005) beteken dit dat die telling in die aanbevole gebied is. Alhoewel daar baie positiewe aspekte in deelnemers se lewens is, is daar tog die potensiaal dat uitdagings wat hul geluk negatief beïnvloed, ervaar kan word. Die sub-aspekte in die positiewe funksioneringsarea word in Figuur 4.1 uitgebeeld.



Figuur 4.1: Sub-aspekte van positiewe psigososiale funksionerings-areas

- Prestasiegerigheid – IIS (Huidige telling is 82)

Die deelnemers presteer goed en besit die volgende kwaliteite: doelgerigheid, selfmotivering, die behoefte om te groei en te verbeter, deursettingsvermoë, deeglikheid en kan verantwoordelikheid vir hulself neem.

- Tevredenheid – GBS (Huidige telling is 72)

Wanneer die telling van die individuele sub-aspek laer as 73 is, dui dit dat daar 'n behoefte vir verbetering in hierdie area is. Die deelnemers se gedrag ontbreek tot 'n mate aan die volgende elemente: sinvolle gebruikmaking van vrye tyd, humor, interaksie met ander, verantwoordelike en weldeurdagte put van plesier uit die lewe.

- Tevredenheid – IIS (Huidige telling is 75)

Die deelnemers besit die volgende moontlike kwaliteite: 'n innerlike belewenis van tevredenheid, geluk, vriendelikheid en gemoedsrus. Met tye kan hul hulself egter minder positief beleef weens moeilike omstandighede en negatiewe verhoudings.

- Verwagting – GBS (Huidige telling is 82)


Die deelnemers ondersteun en help graag ander om suksesvol te wees. Hulle reik uit na mense en tree beskermend op teenoor ander. Hulle luister graag na ander se probleme en praat hulle moed in. Hulle optrede teenoor ander wys dat hulle in ander glo. Hul het waagmoed en werk aan hul uitdagings ten einde oplossings te skep en positief na moeilike omstandighede te kyk.

In die lig van die bogenoemde, is die positiewe psigososiale funksionering van deelnemers aan hierdie studie positief en die meeste van die tellings is in die aanbevole gebied. Die gemiddelde telling wat by Tevredenheid-GBS behaal is, dui egter daarop dat deelnemers uitdagings in hierdie sub-aspek ervaar wat daartoe kan lei dat positiewe psigososiale funksioneringsareas negatief beïnvloed kan word en deelnemers op 'n langtermyn basis minder geluk in hul lewens kan ervaar. Gedrag wat tot tevredenheid-GBS lei, is die manier waarop die individu 'n balans tussen werk en plesier kan vind en is in hoofstuk 3 verduidelik. Die telling wat by hierdie sub-aspek verkry is, korreleer egter met die tellings van die sub-aspekte van emosionele

funksionering wat by punt 3.1.3 in hierdie hoofstuk bespreek word. Rakumaku en Laugksch (2010:140) bevestig hierdie stelling en verduidelik dat ontevredenheid van opvoeders bydra tot 'n afname in opvoeders se produktiwiteit en tot uitbranding en die onttrekking van kollegas kan lei. Indien die positiewe psigososiale funksionering van deelnemers behou en verder verbeter wil word, moet hul ontevredenheid aangaande hulle positiewe psigososiale omstandighede aandag geniet.

4.3.1.2 Negatiewe psigososiale funksionering

In hierdie studie het deelnemers 'n telling van 29 verkry. Volgens PASWIN (2000-2005) toon 'n telling van meer as 28 'n behoefte vir verbetering aan. Die deelnemers se negatiewe subskale is soms oorgeaktiveer en dit beïnvloed hul geluk negatief. Hulle ondervind min persoonlike vervulling of tevredenheid in die lewe en beleef die lewe tot 'n mate as veeleisend en frustrerend. Die sub-aspekte van die negatiewe psigososiale funksionering word in Figuur 4.2 weergegee:



Figuur 4.2: Kernaspekte van negatiewe psigososiale funksioneringsareas

- Frustrasie – IIS (Huidige telling is 32)

Die deelnemers se innerlike belewenis van frustrasie dui op 'n gevoel van onvergenoegdheid. Dit blyk dat hulle nie altyd die onderbreking van die doelgerigte aksies as gevolg van probleme in hulself en hul omgewing goed hanteer nie en dat hulle tot 'n mate toelaat dat dit hulle verhinder om hulle aspirasies in die lewe te

bereik. Ervarings soos woede, frustrasie, irritasie, ongeduld, verbittering en agterdog vorm dus met tye deel van hulle beleweniswêreld.

- Frustrasie – GBS (Huidige telling is 21)

Alhoewel die deelnemers se innerlike belewenis van frustrasie negatief is en hul emosies soos woede, frustrasie, irritasie, ongeduld, verbittering en agterdog ervaar, spuit daar nie negatiewe gedrag vanuit hierdie gevoelens nie. Deelnemers se frustrasie word innerlik hanteer en beïnvloed so hul innerlike welstand, maar hulle probeer nie ander seermaak of terugkry op grond van hulle innerlike belewenis nie.

- Spanning – IIS (Huidige telling is 34)

Die deelnemers ondervind met tye spanning en reageer nie altyd positief op die eise van hulle omgewing nie. Ervarings soos om oorspanne, senuweeagtig, paniekerig, oorlaai, bekommerd en uitgebrand te voel, vorm deel van hulle beleweniswêreld.

- Spanning – GBS (Huidige telling is 32)

Die volgende eienskappe kan deel van die deelnemers se gedragspatroon vorm: hulle tree tot 'n mate onseker, buierig, paniekerig, angstig en senuweeagtig op. Hulle kan ook fisiese simptome soos hoof – en spierpyne en slaaploosheid ondervind.

- Hulpeloosheid – GBS (Huidige telling is 30)

Die deelnemers openbaar met tye die volgende gedragspatrone: gebrek aan doelgerigte aktiwiteite, lag nie meer nie, gooi maklik tou op, neem aan niks deel nie, vermy mense, hanteer dinge vanuit 'n negatiewe ingesteldheid en skep 'n neerdrukkende atmosfeer rondom hulle.


- Hulpeloosheid – IIS(Huidige telling is 23)

Die deelnemers voel by geleentheid dat hulle nie hul omstandighede kan beheer nie en dat alle pogings om die omstandighede te verbeter, faal. Hierdie belewenis skep gevoelens van negatiewe, doelloosheid en alleenheid. Die graad waartoe die deelnemers egter hierdie gevoelens ervaar, is laag.

Vanuit die voorafgaande inligting kan die gevolgtrekking gemaak word dat deelnemers 'n behoefte aan verbetering in hul negatiewe psigososiale funksioneringsaspek het. Volgens die PMSI toon enige telling bo 28 in hierdie area dat die negatiewe sub-aspekte oorgeaktiveer is en daartoe kan lei dat deelnemers se welstand negatief beïnvloed kan word. Boylan en McSwan (1998:11) en Olivares en Arnold (2007:703) dui aan dat aspekte soos hoë werksdruk en onrealistiese eise wat aan opvoeders gestel word 'n negatiewe effek op hulle welstand kan hê. Compton (2005:20) voeg by dat opvoeders se welstand wel positief kan wees as hulle die beroep as belonend ervaar en 'n sin van prestasie ervaar. Die eise aan opvoeders soos in Tabel 2.2 in Hoofstuk 2 kan opvoeders se spanning verhoog en veroorsaak dat hul meer stres ervaar. Wanneer hierdie literatuur met die tellings in hierdie sub-aspekte vergelyk word, is daar 'n duidelike korrelasie dat deelnemers in hierdie studie negatief reageer op eise wat aan hul gestel word, onvergenoegd voel en 'n hoë mate van spanning en stres ervaar wat hul welstand en effektiwiteit negatief beïnvloed.

4.3.1.3 Emosionele funksionering

In hierdie studie het deelnemers 'n telling van 27 verkry. Volgens PASWIN (2000 – 2005) toon 'n telling van meer as 21 'n behoefte vir verbetering aan. Die deelnemers is nie in staat om hulle emosies konstruktief te hanteer nie en dit maak hulle ongelukkig. Hulle ondervind meestal negatiewe emosies. Die sub-aspekte van emosionele funksionering word in Figuur 4.3 voorgehou.



Figuur 4.3: Kernaspekte van emosionele funksioneringsareas

- Afhanklikheid: (Huidige telling is 34):

Die deelnemers het met tye ondersteuning nodig om bepaalde uitdagings te hanteer. Dit is vir hulle moeilik om hierdie uitdagings onafhanklik te hanteer. Hulle kan ook nie altyd druk op hul eie hanteer nie en het ondersteuning nodig wanneer dinge verkeerd loop.

- Ontstellende gedagtes: (Huidige telling is 30)

Die deelnemers het idees en gedagtes wat hulle by geleentheid ontstel. Hulle dink aan ontstellende aspekte in hulle lewens wat soms hulle algemene gedagtes met negatiwiteit vul.

- Geheueverlies: (Huidige telling is 29)

Die deelnemers vergeet waar hulle alledaagse benodigdhede neersit of belangrike adresse, datums of telefoonnommers wat hulle behoort te onthou. Hulle vergeet ook veelvoudige opdragte maklik.

- Paranoia: (Huidige telling is 38)

Die deelnemers kan gedagtes ervaar soos dat mense van hulle skinder of dat hulle daarop uit is om hulle te benadeel. Hulle mag dink hul vriende wil hulle in die rug steek, dat mense probeer om hulle seer te maak, dat mense rondom hulle jaloers op hulle is en mag probeer om 'n gek van hulle te maak.

- Angstigheid (Huidige telling is 23)

Die deelnemers kan met tye gevoelens van onstabilliteit en onveiligheid ervaar. Dit kan daartoe lei dat deelnemers angstig is en hoër vlakke van stres en ongemak ervaar.

- Selfmoordgedagtes: (Huidige telling is 11)

Hierdie telling dui aan dat sommige van die deelnemers by geleentheid selfmoordgedagtes mag ervaar, veral wanneer ander emosionele funksioneringsareas ook negatief is.

- Sinneloosheid van bestaan: (Huidige telling is 21)

Die deelnemers wonder met tye oor die doel van die lewe en of hulle hul eie bestaansdoel vervul, al dan nie. Indien deelnemers onseker is of hul werklik 'n doel het en 'n verskil maak, begin hul tekens van angstigheid toon.

PASWIN (2000-2005) verduidelik dat 'n telling van meer as 21 'n behoefte vir verbetering aantoon. In hierdie funksioneringsaspek het deelnemers op ses sub-skale 'n telling van meer as 21 behaal en slegs op een sub-skaal 'n telling van minder as 21 behaal. Hierdie tellings verduidelik dat die deelnemers nie in staat is om hulle emosies konstruktief te hanteer nie en hul welstand negatief beïnvloed kan word. Deelnemers ondervind meestal negatiewe emosies in hierdie sub-aspekte wat die potensiaal het om hulle effektiwiteit as opvoeders te verlaag. Vanweë die feit dat die meerderheid van sub-aspekte in hierdie funksioneringsarea 'n behoefte aan verbetering toon, word hierdie sub-aspekte verder ondersoek en in tabelvorm weergegee. Elke sub-aspek wat hierdie negatiwiteit kan veroorsaak, korreleer met literatuur en word in Tabel 4.3 uitgebeeld.

Tabel 4.3: Sub-aspekte van emosionele funksionering wat die potensiaal het om welstand negatief te beïnvloed

Sub-aspek	Betekenis in hierdie studie	Literatuur
Afhanklikheid	Volgens PASWIN (2000 – 2005) se ontleding het 'n groep opvoeders in die studie nie die vaardighede om lewenseise op hul eie te hanteer nie en benodig eksterne ondersteuning.	Shulman en Sato (2006:179) verduidelik faktore wat psigososiale welstand van opvoeders negatief kan beïnvloed. Hulle verduidelik verder dat indien psigososiale welstand negatief beleef word, individue daartoe neig om eksterne ondersteuning te kry van ander persone, van medikasie of substansie. Die misbruik van hierdie eksterne middele kan tot afhanklikheid lei.
Ontstellende gedagtes	PASWIN (2000-2005) se ontleding verduidelik dat sommige opvoeders wat aan hierdie studie deelgeneem het, denke en gedagtes ervaar wat hul ontstel. Hierdie ontstellende gedagtes bly in hul geheue en kan hul welstand benadeel.	Rathbone, Holmes, Murphy en Ellis (2015:428) verduidelik dat volwasse persone se welstand korreleer met hul denke, gedagtes en kort- en langtermyn geheue. Wanneer individue voel dat hulle geheueverlies ervaar, het dit 'n negatiewe uitwerking op hul welstand. Dit kan verder daartoe lei dat die individu ontstellende gedagtes ervaar en gevolglik minder effektief in sy/haar
Geheueverlies	Weens die interverwantskap met ander sub-aspekte, ervaar sommige deelnemers in hierdie studie geheueverlies en vergeet alledaagse	


	aspekte op 'n gereelde basis.	werk is (Carstensen, 2006:1913).
Paranoia	PASWIN (2000 – 2005) se ontleding van data vanuit die PMSI, verduidelik dat sommige deelnemers aan hierdie studie paranoïes mag wees en die samelewing en persone se intensies wantrou.	Onderwys word gesien as een van die stresvolste beroepe in die beroepswêreld en wanneer stres nie effektief hanteer word nie het dit 'n negatiewe invloed op die onderwyser se werkseffektiwiteit wat tot angstigheid, lae werksproduktiwiteit en paranosiese denke en gedrag, kan lei (Van der Westhuizen, 2009:37)
Angstigheid	Op grond van die tellings kan daar afgelei word dat sommige deelnemers 'n gevoel van onstabieliteit en onveiligheid ervaar, wat gevoelens van angs by hul skep.	
Selfmoord gedagtes	Volgens PASWIN (2000-2005) se ontleding is daar enkele deelnemers aan hierdie studie wat selfmoordgedagtes ervaar wanneer ander aspekte van funksionering ook negatief is. Die telling dui egter 'n lae graad hiervan aan.	Enige persoon wat 'n hoë mate van stres ervaar, toon 'n groter kans om geestesongesteldheid te ontwikkel en om selfmoordgedagtes te ervaar (Huppert, Baylis & Keverne, 2007:475)
Sinneloosheid van bestaan	Vanuit die resultate kan daar afgelei word dat van die deelnemers aan hierdie studie wonder wat die sin van die lewe is en voel dat hulle nie hulle	Volgens Compton (2005:53) is 'n gevoel van sin in die lewe en die gevoel dat jy 'n doel het, gelykstaande aan hoë welstand. Sonder 'n

	doelwitte bereik nie en geen betekenis of doel in die lewe het nie.	gevoel dat die lewe die moeite werd is, is dit moeilik om positiewe welstand te ervaar en effektief in 'n beroep te wees (Robertson & Cooper, 2011:48)
--	---	--

Deelnemers aan hierdie studie toon lae emosionele welstand wat 'n invloed het op hulle algemene welstand en hul beroepslewe. Opvoeders wat 'n lae welstand het en hul psigososiale omstandighede as negatief beleef, mag uitdagings ervaar in hulle persoonlike en beroepslewe.

4.3.1.4 Selfpersepsie

In hierdie studie het deelnemers 'n telling van 26 verkry. Volgens PASWIN (2000-2005) toon 'n telling van meer as 25 'n behoefte vir verbetering aan. Die deelnemers se selfpersepsie mag negatief wees en dit het 'n beduidende invloed op hul geluk. Hulle selfwaarde word bepaal deur die valse oortuiging dat selfwaarde afhanklik is van die individu se prestasie, tesame met die opinie wat ander van die individu het. Die sub-aspekte word in Figuur 4.4 uitgebeeld.



Figuur 4.4: Kernaspekte van selfpersepsie funksioneringsareas

- Innerlike onsekerheid: (Huidige telling is 31)

Die deelnemers beleef tot 'n mate 'n gebrek aan sekuriteit in hul verhoudings en is bang om emosioneel seer te kry. Hulle voel met tye bedreig deur hul omstandighede en mag bang wees vir die toekoms. Hulle is ook dikwels bang vir mislukking en verwerping.

- Skuldgevoelens: (Huidige telling is 26)

Die deelnemers bestuur hulself nie altyd verantwoordelik nie en aanvaar tot 'n mate die skuld vir alles wat verkeerd loop. Hulle voel met tye dat hulle straf verdien en laat dan toe dat skuldgevoelens hul lewe beheer.


Vanuit die bogenoemde inligting kan die gevolgtrekking gemaak word dat deelnemers 'n behoefte het aan verbetering van die funksioneringsaspek wat met selfpersepsie te make het. Die sub-aspekte se tellings toon dat daar veral 'n behoefte aan verbetering is ten opsigte van hulle innerlike onsekerheid en die skuldgevoelens wat hulle ervaar. PASWIN (2000-2005) verduidelik dat innerlike onsekerheid veral

veroorzaak kan word wanneer individue bedreig voel deur hul omstandighede en omgewing. Ferreira en Venter (2014:1) stem hiermee saam en sê dat die omgewing en die individu se omstandighede die potensiaal het om sy/haar algehele welstand positief of negatief te beïnvloed.

In hierdie funksioneringsarea het deelnemers 'n telling van 26 vir skuldgevoelens behaal, wat beteken dat daar verbetering in hierdie area nodig is. McLoyd (1998:185) verduidelik die rede vir skuldgevoelens onder opvoeders en impak daarvan soos volg: *“Educators working in environments where negative socio-economic circumstances forms part of their daily functioning, expect themselves to have a positive effect on the wellbeing of their learners. In the event that educators feel that they cannot provide this to their learners due to their own negative circumstances, they often experience feelings of guilt.”* Conger en Donnellan (2007:178) bevestig McLoyd se stelling en verduidelik verder dat opvoeders dikwels ook skuldgevoelens ervaar wanneer hulle leerders nie na wese presteer nie.

4.3.1.5 Interpersoonlike funksionering

In hierdie studie het deelnemers 'n telling van 65 verkry. Volgens PASWIN (2000-2005) dui 'n telling wat wissel tussen 64 – 68 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word. Die deelnemers se algehele belewing van hulle verhoudings is negatief en dit maak hulle ongelukkig. Hulle beleef min persoonlike vervulling in hul verhoudings en beleef die verhoudings as veeleisend en onbevredigend. Die sub-aspekte van hierdie funksioneringsarea word in Figuur 4.5 vervat.



Figuur 4.5: Kernaspekte van interpersoonlike funksioneringsareas

- Verhouding met pa: (Huidige telling is 32)

Die deelnemers se verhouding met hulle pa's ontbreek aan die volgende elemente: liefde, respek en trots. Aspekte soos onopgeloste konflik, 'n gebrek aan respek, verwaarlosing of verwyte kan hieraan toegeskryf word.

- Verhouding met maat: (Huidige telling is 52)

Die deelnemers moet die volgende boustene in hul verhouding met hul maats ontwikkel: vertrou, sekuriteit, begrip en liefde.

- Verhouding met kollegas: (Huidige telling is 64)


Oor die algemeen ontbreek die deelnemers se verhouding met hulle kollegas aan die volgende belangrike elemente: goeie konflikbestuur en duidelike verwagtinge wat vertrou kweek, respek en bewondering en 'n gees van samewerking, spanwerk en begrip. Hierdie aspekte dra grotendeels daartoe by dat deelnemers nie altyd voel dat hulle deel van 'n span is nie.

Volgens die PMSI toon enige telling tussen 64 – 68 in hierdie area dat deelnemers 'n behoefte aan verbetering in hul interpersoonlike verhoudings het. Deelnemers het 'n gemiddelde telling van 64 in hierdie area behaal, wat beteken dat sommige van hul

verhoudings aandag moet geniet, maar dat hulle tog sekere interpersoonlike verhoudings, positief beleef. Robertson en Cooper (2011:77) dui aan dat persoonlike verhoudings wat 'n individu met ander persone het, asook familieverwante sake die interaksie in die mikrosisteem waarbinne die individu leef beïnvloed en 'n bepalende faktor ten opsigte van hulle effektiwiteit speel. In hierdie studie, dui die resultate vanuit die PMSI dat deelnemers se verhouding met hulle vaders, verhoudingsmaats en kollegas, aandag moet geniet.

4.3.1.6 Geestelike funksioneringareas

In hierdie studie het deelnemers 'n telling van 93 verkry. Volgens PASWIN (2000-2005) IS 'n telling van meer as 80 is in die aanbevole gebied. Die deelnemers beleef hulle verhouding met God as baie positief.



Figuur 4.6: Kernaspekte van geestelike funksioneringsareas


- Verhouding met God: (Huidige telling is 93)

God is vir die deelnemers 'n werklikheid en hulle erken God se leiding in hul lewe. Hulle vertrou op God en laat Hom toe om hulle te verander. God maak 'n verskil in hul lewens en hul voel veilig by Hom.

Compton (2005:196) verduidelik dat aktiewe deelname aan godsdienstige aspekte verwant is aan hoër psigososiale welstand by individue. Die deelnemers aan hierdie studie toon 'n telling van 93 in hierdie funksioneringsarea, wat in die aanbevole gebied is. Gevolglik is daar nie areas in hierdie funksioneringsaspek wat aandag moet geniet nie en deelnemers se verhouding met God en betrokkenheid by godsdienstige aspekte het 'n positiewe invloed op hul welstand.

4.3.2 Fisiese funksioneringareas

In hierdie studie het deelnemers 'n telling van 76 verkry. Volgens PASWIN (2000-2005) dui 'n telling wat wissel tussen 76 – 80 'n waarskuwing aan dat aandag aan hierdie funksioneringsarea gegee moet word. Die deelnemers beleef hulle fisiese funksionering as positief en is tevrede daarmee, maar sommige sub-aspekte kan aandag geniet om te verseker dat dit nie verswak nie. Die sub-aspekte van fisiese funksionering word in Figuur 4.7 uitgebeeld.



Figuur 4.7: Kernaspekte van fisiese funksioneringsareas

- Liggaamsbeeld: (Huidige telling is 70)

Die deelnemers het die volgende belangrike kenmerke van 'n persoon met 'n goeie liggaamsbeeld: hulle is tevrede met hulle gewig, vorm en grootte van hulle liggame.

- Seksuele tevredenheid: (Huidige telling is 81)

Die deelnemers se sekslewe is opwindend en hul geniet seks met hulle maats. Dit vorm 'n normale deel van hul verhouding met hul maats en hulle beleef hul maats as sensitief vir hulle seksuele behoeftes.

Fredriksen en Rhodes (2004:47) verduidelik dat opvoeders se beeld van hulself en die persepsie wat opvoeders aangaande hul effektiwiteit as opvoeder het, hul welstand beïnvloed. Alhoewel deelnemers aan hierdie studie 'n gemiddelde telling van 76 verkry het en dit 'n behoefte aan verbetering aandui, blyk dit dat deelnemers tans positief in hierdie area funksioneer, maar dat daar voortdurend aandag aan hierdie aspek gegee moet word, sodat dit nie 'n negatiewe belewenis vir deelnemers word nie.

4.3.3 Opsomming van alle kwantitatiewe data en toepassing op die studie

Die resultate van die kwantitatiewe data-insamelingsproses het ten doel om die eerste navorsingsvraag, naamlik “Wat is die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP opleidingsprogram?” te beantwoord.

Vanuit hierdie data is dit duidelik dat die 13 deelnemers wat aan die kwantitatiewe meting deelgeneem het, 'n mate van positiewe psigososiale welstand ervaar aangesien hulle tellings in van die funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan in die aanbevole gebied is. Daar is egter ander funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan wat aandui dat hulle psigososiale omstandighede negatief is en dat deelnemers kan baatvind indien daar aandag aan die ontwikkeling van vaardighede in hierdie gebied, gegee kan word. Alle funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan is egter interverwant en tellings in een area beïnvloed tellings in 'n ander area.


Deelnemers aan hierdie studie beleef positiewe psigososiale funksionering, positiewe geestelike funksionering en positiewe fisiese funksionering. Hulle toon egter 'n negatiewe ervaring van hul negatiewe psigososiale funksioneringsarea (frustrasie, spanning en hulpeloosheid), emosionele funksionering, selfpersepsie en swak interpersoonlike verhoudings met hul vader, verhoudingsmaat en met hul kollegas. Die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP opleidingsprogram is dus positief in sommige funksioneringsaspekte en negatief in ander funksioneringsaspekte.

4.4 BEVINDINGE VANUIT KWALITATIEWE DATA

Die kwalitatiewe data wat vanuit die in-diepte onderhoude verkry is, sal vervolgens aangebied word. 'n Totaal van 13 deelnemers het aan hierdie onderhoude deelgeneem.

Soos in hoofstuk 3 verduidelik is daar tydens die onderhoude gepoog om beide verbatim response, asook visuele voorstellings van deelnemers se response te kry ten einde ryker data-insameling te verseker. Die vrae in die onderhoudskedule is in kategorieë opgedeel en op so 'n manier geformuleer dat verskillende funksioneringsareas van die deelnemers geëksploreer kon word. Die doel hiervan

was om 'n beter begrip te verkry van deelnemers se opinies en ervarings rakende hulle funksionering in die mikro-, meso- en makrosisteme. Figuur 4.8 bied 'n oorsig van hoe elke kategorie wat verken is, 'n gesamentlike geheel vorm binne die sisteme waarin die individu funksioneer.





Figuur 4.8: Sisteme waarbinne die individu funksioneer

4.4.1 Data wat vanuit kwalitatiewe onderhoude verkry is

Die data wat vanuit die onderhoude verkry is, en die interpretasie daarvan word weerspieël in tabelle 4.4 – 4.20. Die data is volgens Tesch (Poggenpoel, 1998: 343) en Creswell (Creswell, 2014:191) se prosesse van tematiese ontleding geanaliseer en word aangebied na aanleiding van die vrae wat in die onderhoudskedule vervat is. Verbatim response, voorbeelde van visuele voorstellings, sentrale temas, toepaslike literatuurkontroles en afleidings wat gemaak kan word, word terselfdertyd by hierdie tabelle ingesluit.

Tabel 4.4: Biografiese en demografiese inligting vanuit deelnemers se kinderjare

Kategorie: EK 	
<p>Vraag</p> <p>Beeld die basiese biografiese en demografiese inligting van u kinderjare op die gegewe papier uit</p>	
<p>Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is, sodat hulle dit kon verstaan</p> <p style="text-align: center;">⇒ Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende:</p> <p style="text-align: center;">⇒ Basiese inligting van die omgewing waarbinne u grootgeword het, bv. waar het u grootgeword, hoe het die omgewing gelyk?</p> <p style="text-align: center;">⇒ Basiese inligting van u kinderjare, bv. hoeveel persone in die huishouding was, wat u verhouding met die persone was?</p>	
<p>Doel van vraag</p> <p>Die vraag het ten doel om deelnemers se vroeë ervarings en omstandighede in die kinderjare te eksploreer.</p>	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Ek het op ’n plaas buite Potch grootgeword”.</i></p> <p><i>“Ons het in dieselfde huis waarin ons nou bly, hier in Promosa grootgeword.”</i></p> <p><i>“Ek het net hier buite Potch grootgeword”.</i></p>	<p>Grootgeword in ’n landelike gebied</p>
<p><i>“Ons was vyf: ek, my ma, my pa, my broer en my suster.”</i></p> <p><i>“Ons was ’n groot gesin.”</i></p>	<p>Groot huisgesinne</p>



<p><i>“Ek het agt broers en susters”.</i></p>	
<p><i>“Daar was nie geld nie, ons het nie altyd kos gehad nie.”</i></p> <p><i>“My ma en pa het hard gewerk, maar geld was skaars.”</i></p> <p><i>“Die omgewing was onveilig – daar was baie misdad.”</i></p> <p><i>“Ons het maar altyd die deure gesluit.”</i></p> <p><i>“My ouma was baie siek, sy het AIDS gehad.”</i></p>	<p>Armoede en maatskaplike probleme</p>
<p>Voorbeeld van ’n visuele voorstelling van ’n deelnemer se ervaring van haar biografiese en demografiese inligting tydens haar kinderjare.</p>	
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>Volgens Pauen (2012:1) het Sigmund Freud bevind dat die basiese deel van ’n individuele persoonlikheid en effektiwiteit as volwassene gegrond is op sy of haar vroeë ervarings en omstandighede in die individu se kinderjare. Boylan en McSwan (1998:5) en Roberts (2005:10) verduidelik dat opvoeders in landelike gebiede, wat opvoeding in ’n landelike gebied verskaf, ook tydens hul kinderjare onderrig in ’n landelike gebied ontvang het en waarskynlik min blootstelling en ervaring buite hierdie konteks en omgewing het. Dit kan bydra tot die effektiwiteit van die opvoeder by die landelike crèche, maar opvoeders se psigologiese welstand en sosiale omstandighede kan ook stremmings veroorsaak en hul effektiwiteit laat afneem. Swak sosio-ekonomiese omstandighede in landelike</p>	

gebiede, soos geweld, haweloosheid, armoede, substansmisbruik en negatiewe rolmodelle, kan opvoeders se welstand negatief beïnvloed (McLoyd, 1998:185, Conger & Donnellan, 2007:178).

Afleidings

Al die deelnemers wat aan hierdie studie deelgeneem het, het in die landelike gebied in die Tlokwe-distrik grootgeword. Die literatuur meen dat die kans groot is dat hierdie opvoeders dan ook in 'n landelike gebied sal opvoeding gee. Swak sosio-ekonomiese omstandighede en maatskaplike probleme in hierdie gebiede kan die opvoeder se welstand laat afneem en 'n negatiewe invloed op die opvoeder se effektiwiteit, hê.

Tabel 4.5: Ervarings en herinneringe uit kinderjare

Kategorie: EK 	
Vraag	
Beeld spesifieke kinderjaar – ervarings of herinneringe wat u kan herroep, op die gegewe papier uit	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is, sodat hulle dit kon verstaan	
<p style="text-align: center;">⇒ Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende:</p> <p>⇒ Enige kinderjaar ervarings wat u kan onthou?</p>	
Doel van vraag:	
Die vraag het ten doel om deelnemers se herinneringe van hul kinderjare te verstaan, ten einde die uitwerking wat hierdie ervarings en omstandighede op die individu as 'n volwasse persoon het, te beskryf.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<i>“Ons was baie geheg aan mekaar.”</i>	Sterk familiebande

<p><i>“Al het ons nie altyd alles gehad nie, het ons mekaar gehad en dis eintlik al wat mens nodig het.”</i></p>	
<p><i>“Ek onthou ons het altyd by my Pa se familie in die Kaap gaan kuier.”</i></p> <p><i>“Ons het een vakansie see toe gegaan!”</i></p> <p><i>“Kersfees het my pa se baas ons dieretuin toe geneem.”</i></p>	<p>Positiewe kindertydse herinneringe</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>Die herkoms, kinderdae en persoonlike ervarings van opvoeders sal 'n invloed hê op hulle algemene psigososiale welstand en funksionering as opvoeders (Saban, 2003:830). Die herkoms, kinderdae en persoonlike ervarings van opvoeders sal dus ook 'n invloed hê op hulle algemene psigososiale welstand en funksionering as opvoeders.</p>	
<p>Afleidings</p>	
<p>Deelnemers lig sterk familiebande en kwaliteit tyd wat die gesin saam spandeer het uit as positiewe herinneringe van hul kinderjare. Geen deelnemer het negatiewe herinneringe herroep tydens die onderhoude nie. Dit blyk dus dat hierdie positiewe herinneringe 'n positiewe effek op die opvoeders se welstand en funksionering het.</p>	



Tabel 4.6: Deelnemers se selfpersepsie

<p>Kategorie: EK <input type="radio"/></p>
<p>Vraag</p> <p>Beeld uself as volwasse persoon uit</p>
<p>Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is, sodat hulle dit kon verstaan</p>



<p><i>“Ek weet nie altyd wat om te doen en wat om vir die kinders te sê nie.”</i></p> <p><i>“Ek voel incompetent.”</i></p>	<p>Onsekerheid</p>
<p><i>“Ek cope nie – ek het te veel stres.”</i></p> <p><i>“As ek nie seker is wat ek moet doen nie, stres ek altyd”.</i></p> <p><i>“Ek voel altyd asof iets my jaag en ek stres”.</i></p>	<p>Belewing van stres</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>’n Effektiewe opvoeder word beskryf as ’n opvoeder wat intrinsiek gemotiveer word en ondersteuning van hul vriende, familie en godsdiens ontvang (Dan, 2002:3; Rakumako & Laugksch, 2010:140; Saban, 2003:829; Ward & Henschel, 2009:397). Fredriksen en Rhodes (2004:47) beskryf onderwys egter as een van die mees stresvolle professies in die beroepswêreld. In teenstelling met psigologiese welstand kan oormatige stres die teenoorgestelde effek hê. Stres dra verder ook by tot onsekerheid, angstigheid, beïnvloedbaarheid, swak opvoedingsvaardighede, swak besluitnemingsvaardighede, afwesigheid, lae produktiwiteit en lae vlakke van werkstevredenheid (Van der Westhuizen, 2009:37).</p>	
<p>Afleidings</p>	
<ul style="list-style-type: none"> - Deelnemers aan hierdie studie word intrinsiek gemotiveer en wil graag uitreik na mense in nood. Hulle het ook ’n vaste godsdienstige fondasie en ondersteuning van hulle familie, wat hulle welstand verbeter; - In teenstelling hiermee ervaar deelnemers ’n groot mate van stres, voel onseker, dat hulle nie genoegsame vaardighede het om te cope nie en word maklik beïnvloed deur ander se opinies. Hierdie aspekte het volgens die literatuur ’n negatiewe uitwerking op opvoeders se welstand. 	

Tabel 4.7: Biografiese en demografiese inligting van deelnemers se huis

Kategorie: MY HUIS 	
Vraag Beeld die biografiese en demografiese inligting van u huis op die gegewe papier uit	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ⇒ Basiese inligting van die omgewing waarbinne u huis is, bv. waar u huis is, hoe u huis lyk, hoe die huise rondom u lyk, hoe die omgewing lyk? ⇒ Basiese inligting van u huis, bv. hoeveel persone in die huis is, wie hulle is? 	
Doel van vraag: Die doel van hierdie vraag was om te verstaan in watter omstandighede die deelnemers lewe en hoe hulle hierdie omstandighede ervaar.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
“Ons bly in ’n RDP huis en het ’n sink huis in die erf om ekstra kamers te maak.” “Dis nie my eie huis nie – dis die huis wat die government vir my gegee het.”	Woonagtig in laekoste en staatsondersteunende behuisung
“Ek bly nog in dieselfde huis as waarin ek grootgeword het, saam met my ma en pa”. “Ek bly in ’n ander huis, maar dis steeds hier in Promosa.”	Beperkte voortuitgang ten opsigte van behuisung

<p><i>“Ek bly naby aan die huis waarin ek grootgeword het”.</i></p>	
<p><i>“Ons het nie altyd kos nie, maar solank ons net baie meel het, kan ons pap maak.”</i></p> <p><i>“My boeties en sussies bly nog by my, want hulle kry nie werk nie.”</i></p> <p><i>“Hier is min geleenthede vir werk en vooruitgang in Potch.”</i></p> <p><i>“Dis gevaarlik hier waar ons bly, ek hou maar altyd die deure gesluit. Die mense hier rondom ons is almal betrokke by die verkoop van dwelms.”</i></p>	<p>Armoede en maatskaplike probleme</p>
<p><i>“Ek het kinders, maar die pa bly nie by ons nie.”</i></p> <p><i>“My kinders se pa gee nie om nie, ek weet nie eers waar hy is nie”.</i></p> <p><i>“Die pa van die kinders is maar sleg, hy betaal nie eers geld dat ek na die kind kan kyk nie.”</i></p>	<p>Afwesige vaders</p> <p>Enkel-ouer gesinne</p>
<p><i>“My ma en pa woon steeds by my.”</i></p> <p><i>“Toe my boetie van die Kaap af teruggekom het, het ek my deur vir hom oopgemaak – hy is tog familie. Nou is al ons broers en susters weer saam.”</i></p>	<p>Familie-gebonde</p>

'n Voorbeeld van 'n visuele voorstelling van 'n deelnemer se ervaring van haar biografiese en demografiese omstandighede by die huis



Literatuurkontrolle



Volgens Laaksonen, Martikainen, Lahelma, Lallukka, Rahkonen, Head en Marmot (2007:779) is daar 'n sterk korrelasie tussen sosio-ekonomiese omstandighede en welstand. Individue wat grootword in positiewe omstandighede waar min maatskaplike probleme deel van die individu se lewenswêreld vorm, is geneig om 'n hoër sin van welstand te ervaar. Die teenoorgestelde is ook waar en individue wat in omgewings grootword waar maatskaplike probleme aan die orde van die dag is, se welstand word meestal negatief hierdeur beïnvloed.

Afleidings

- Inligting in Tabel 4.4 korreleer met inligting in Tabel 4.4 en die literatuur en dit is duidelik dat deelnemers in landelike gebiede grootgeword het, steeds in hierdie gebied woon en ook onderrig gee in die landelike gebied;
- Maatskaplike probleme en armoede is aan die orde van die dag en dit beïnvloed deelnemers se funksionering negatief;
- Meeste van die deelnemers woon in laekoste behuising wat deur die regering aan hul verskaf is en kan nie dit bekostig om hulle eie huise te koop nie. Dit laat hulle dikwels voel asof hulle nie goed genoeg is nie en of hulle nie vir hul gesinne kan gee wat hulle graag sou wou nie;



- Deelnemers kry egter ondersteuning van hulle families en woon meestal nog saam met familieledede. Dit dra by tot 'n positiewe ervaring van die psigososiale omstandighede.

Tabel 4.8: Verantwoordelikhede in die huis:

Kategorie: MY HUIS 	
Vraag <ul style="list-style-type: none"> • Beeld die verantwoordelikhede wat u binne u huis het, op die gegewe papier uit; • Beeld die verantwoordelikhede wat ander lede van u huishouding het, op die gegewe papier uit. 	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ⇒ Die verantwoordelikhede wat u in u huis het? ⇒ Die verantwoordelikheid wat ander lede van u huishouding in die huis het? 	
Doel van vraag Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter verantwoordelikhede deelnemers by die huis het en hoe hierdie aspek die deelnemers se funksionering op mesovlak, beïnvloed.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<i>“Ek doen maar alles: kook, was wasgoed, maak skoon, was skottelgoed, vee en maak die stoep skoon. Niemand help my nie”.</i> <i>“Ek is 'n opvoeder tussen 08:00 en 16:00,</i>	Tweeledige rol: huisvrou versus beroepsvrou



<p><i>maar wanneer ek by die huis kom, is ek 'n huisvrou.</i></p> <p><i>“Ek doen twee werke – die skool en die huis.”</i></p>	
<p><i>“Ek doen maar alles.”</i></p> <p><i>“My ouers kan nie help nie, want hulle is siek.”</i></p> <p><i>“My broers en susters help net as hulle kan, want hulle is mos nou meestal besig om werk te soek”.</i></p> <p><i>“My kinders help net met huistake as ek hulle straf”.</i></p>	<p>Gebrekkige ondersteuning in terme van gesinstake</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>Boylan en McSwan (1998:3) en Olivares en Arnold (2007:703) het reeds geruime tyd gelede vasgestel dat hoë eise by die crèche, tesame met hoë eise by die huis, opvoeders se welstand negatief beïnvloed en bydra tot die ervaring van stres en onvergenoegdheid.</p>	
<p>Afleidings</p>	
<p>Deelnemers aan hierdie studie voel dat hulle alle huishoudelike take self moet verrig en dat hul dikwels twee rolle vervul, naamlik (1) opvoeder en (2) huisvrou. Deelnemers voel dat hul familieledede hul nie genoegsaam ondersteun met huishoudelike take nie en dit dra daartoe by dat hulle welstand negatief beïnvloed word en hul 'n hoë mate van stres ervaar.</p>	


Tabel 4.9: Bsiese behoeftes by deelnemers se huis

Kategorie: MY HUIS 	
Vraag Illustreer basiese behoeftes wat in u huis ter sprake is en dui aan of daar aan hierdie behoeftes voldoen word, al dan nie	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan ⇒ Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende: ⇒ Basiese behoeftes in u huis en of daar daaraan voldoen word?	
Doel van vraag Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter behoeftes die deelnemers het en hoe hierdie behoeftes (vervul of onvervul) hul funksionering beïnvloed.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<i>“Ons het nie genoeg kos om te eet nie”.</i> <i>“Ons water is nie skoon nie, ons het al hoeveel keer daaroor gekla”.</i>	Onvervulde basiese behoeftes
Literatuurkontrolle	
Meier en Marais (2012:43) beklemtoon die gesondheid- en voedingsbehoefte van opvoeders en dui aan dat as daar nie in hierdie behoeftes voldoen word nie, opvoeders sal sukkel om aan die gesondheid- en voedingsbehoefte van hul leerders te voldoen. Rakumako en Laugksch (2010:149) voeg verder by dat indien die basiese behoeftes van opvoeders en die toestand van hul psigososiale welstand nie aangespreek word nie, selfs die bes ontwerpte VKOP nie effektief in crèches geïmplementeer sal kan word nie.	
Afleidings	
Deelnemers leef in swak sosio-ekonomiese omstandighede en daar word dikwels nie aan hul basiese behoeftes voldoen nie. Dit het 'n negatiewe uitwerking op die	

opvoeders se effektiwiteit en hulle sukkel dan ook om die behoeftes van hulle leerders te vervul. Die literatuur verduidelik verder dat opvoeders aan wie se basiese behoeftes daar nie voldoen word nie, sukkel om programme soos die SJGD se VKOP te implementeer.

Tabel 4.10: Biografiese en demografiese inligting van deelnemers se skool

Kategorie: MY SKOOL 	
Vraag	
Beeld die biografiese en demografiese inligting van u skool op die gegewe papier uit	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan	
Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende: ⇒ Basiese inligting van u skool, bv., waar dit is, hoe dit lyk, die personeelstruktuur, die hoeveelheid leerders;	
Doel van vraag	
Die doel van hierdie vraag was om te verstaan in watter omstandighede die deelnemers werk en opvoeding gee en watter impak hierdie omstandighede op hulself, asook hulle effektiwiteit as opvoeder, het.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<i>“Die skool is hier in Promosa.”</i> <i>“Die skool is in dieselfde straat as my huis”.</i>	Crèche en huis is in dieselfde geografiese gebied geleë
<i>“Daar is 83 kinders in ons skool – in my klas is hulle 46”.</i> <i>“Daar is omtrent so 60 kinders in ons skool”.</i>	Groot groepe kleuters per klas

<p><i>“Ons het drie klasse: (1) babaklas, (2) 2 – 4 jaar, (3) Graad R klas”.</i></p> <p><i>“Ons het net twee klasse: (1) Graad R klas en (2) al die ander kinders”.</i></p>	<p>Beperkte klaskamerruimtes</p>
<p><i>“Dis die hoof, ek, my twee kollegas, die kok en die skoonmaker.”</i></p> <p><i>“Ons is net vier teachers”.</i></p>	<p>Onvoldoende hoeveelheid personeel</p>
<p><i>“Die kinders kan nie almal gelyk buite speel nie, want die erf is te klein”.</i></p> <p><i>“Die kinders kan nie buite leer om goed te doen soos tou spring nie, want daar is nie plek in die erf nie.”</i></p>	<p>Klein speelgronde</p>
<p>’n Voorbeeld van ’n visuele voorstelling van ’n deelnemer se ervaring van haar biografiese en demografiese omstandighede by die skool</p>	
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>’n Tekort aan hulpbronne in die skoolsisteem wat onderrig strem lei tot laer effektiwiteit (Boyer & Bandy, 2010:11; Robertson & Cooper, 2011:3). Maclean (1992:93) en Bobek (2002:203) meen op hul beurt dat die geografiese omgewing ook ’n invloed op welstand het en dat opvoeders wat naby aan die crèche woon, neig om meer effektief te wees.</p>	

Afleidings

- Deelnemers aan hierdie studie woon almal naby aan die crèche waar hul werksaam is, wat 'n positiewe uitwerking op hul effektiwiteit het;
- Soos in Tabel 4.4 en 4.7, is dit duidelik dat deelnemers wat in landelike gebiede grootgeword het, ook in landelike gebiede woon en in landelike crèches opvoeding gee;
- Weens 'n tekort aan klaskamers, personeel en genoegsame speelruimte, ervaar opvoeders dat hulle nie so effektief is soos wat hulle graag sal wil wees nie. Dit lei tot laer effektiwiteit en 'n negatiewe ervaring van die skoolomgewing.

Tabel 4.11: Verwagtings by deelnemers se skool:

Kategorie: MY SKOOL 
Vraag Beeld verskillende verwagtinge binne die skool op die papier uit en fokus veral op: ⇒ Wat van u verwag word by die skool; ⇒ Wat van u kollegas verwag word; ⇒ Wat van die leerders by die skool verwag word; ⇒ Wat van die leerders se ouers verwag word.
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende: ⇒ Verwagtinge by u skool: ○ wat van u verwag word; ○ wat van u kollegas verwag word;

- wat van die leerders verwag word;
- wat van die ouers verwag word.

Doel van vraag:

Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter verwagtings deel van die crèche sisteem vorm, of dit regverdig is en of deelnemers aan die verwagtings kan voldoen.

Wat van my verwag word: Verbatim response	Wat van my verwag word: Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Ek hou my klas skoon, vee die tafels af en pak die stoele in die middag op”.</i></p> <p><i>“Dit is my responsibility om my eie klas netjies te hou”.</i></p> <p><i>“As die hoof sê my klas is onnetjies, raak sy baie kwaad. Sy sê dis nie die skoonmaker se werk om my klas netjies te maak nie”.</i></p>	<p>Netheid van klaskamers</p>
<p><i>“Ek moet vroeër inkom as die kok nie opdaag nie, dan moet ek vir die kinders kook.”</i></p> <p><i>“Ek help so tussen-in met die babas ook.”</i></p> <p><i>“Ek moet help om kos te maak, al het ons ’n kok wat dit doen.”</i></p>	<p>Addisionele take soos kosmaak en babaversorging</p>
<p><i>“Ek leer die kinders al die basics”.</i></p> <p><i>“Ek leer die kinders skryf, verf, knip”.</i></p> <p><i>“Ek doen die basics met die kinders, soos shapes, colors”.</i></p>	<p>Opvoeding van kleuters</p>



<p><i>“Ek werk van 08:00 – 16:00. Ek kry wel etenstyd as die kinders slaap”.</i></p> <p><i>“Ons is mos ’n skool, so ons is van vroeg die oggend tot laat die middag oop”.</i></p> <p><i>“Jy kyk heeldag na die kinders, daar is nie iets soos rus nie”.</i></p>	Lang werksure
<p>Wat van my kollegas verwag word: Verbatim response</p>	<p>Wat van my kollegas verwag word: Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Ons almal werk eintlik maar saam en doen dieselfde”.</i></p> <p><i>“Ons beplan in die oggend saam wat ons die dag gaan doen”.</i></p>	Kollegiale samewerking
<p><i>“Die wat met die babas werk het die maklikste werk.”</i></p> <p><i>“By die babas moet ’n mens mos nou net toesig hou – dis baie makliker as dit wat ons doen as ons die kinders leer.”</i></p>	Onregverdigde werksverdeling
<p>Wat van my leerders verwag word: Verbatim response</p>	<p>Wat van leerders verwag word: Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Die kinders moet net kom.”</i></p> <p><i>“Dit is belangrik dat die kinders skool toe kom dat hulle kan leer en kan eet. Baie van hulle kry glad nie by die huis kos nie.”</i></p>	Skoolbywoning
<p>Wat van ouers verwag word: Verbatim response</p>	<p>Wat van ouers verwag word: Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Die ouers moet vergaderings en oueraande bywoon, maar hulle doen nie”.</i></p>	Groter ouerbetrokkenheid

<p><i>“As die ouers dalk net kon help as ons soos op ’n uitstappie gaan, dan sal dit help as hulle dalk net kan help om na die kinders te kyk”.</i></p>	
<p><i>“As die ouers kan, moet hulle skoolfonds betaal”.</i></p> <p><i>“As ons mos nou vra vir ’n geldjie van die ouers af, is dit vir ’n spesifieke ding vir die kind – nie vir ons eie sakke nie”.</i></p>	<p>Finansiële bystand</p>
<p><i>“Die ouers gee nie om nie. Hulle gee ook nie aandag aan die goed wat ons hulle vra nie”.</i></p> <p><i>“Dis asof hulle net hulle kinders hiernatoe bring sodat die kinders onder hulle voete uit is, hulle worry nie verder nie.”</i></p>	<p>Erkenning van opvoeder se rol</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>Shulman en Sato (2006:179), sowel as Boylan en McSwan (1998:11) dui aan dat hoë werksdruk en onrealistiese eise, dikwels opvoeders se effektiwiteit verlaag. Hierdie teoretici verduidelik ook dat lang werksure geneig is om opvoeders negatief te maak.</p> <p>Volgens Compton (2005:41) veroorsaak konflik tussen kollegas dikwels ’n afname in psigologiese welstand, maar indien daar goeie samewerking tussen kollegas is, is die teenoorgestelde ook waar.</p> <p>Volgens Gu en Day (2007:1307) kan ’n tekort aan ondersteuning van ouers en die beheerliggame van crèches, tesame met die opvoeders se psigososiale omstandighede die opvoeder se effektiwiteit verlaag.</p>	
<p>Afleidings</p>	
<ul style="list-style-type: none"> - Deelnemers aan hierdie studie voel dat daar dikwels onrealistiese eise aan hulle gestel word soos om hulle klas permanent netjies te hou en die feit dat 	

hulle addisionele take ook moet doen (byvoorbeeld help kosmaak), saam met hulle eie werk. Deelnemers voel ook negatief oor die lang ure wat hulle werk en hierdie negatieweiteit verlaag hul effektiwiteit;

- Die feit dat deelnemers en hul kollegas 'n goeie verhouding het en goed saamwerk verhoog hul welstand;
- Die feit dat ouers onbetrokke is en nie die nodige ondersteuning aan opvoeders gee nie, veroorsaak dat hulle soms die crèche as 'n negatiewe omgewing beleef en minder effektief in hulle rol by die crèche is.

Tabel 4.12: Basiese behoeftes by die skool

Kategorie: MY SKOOL 	
Vraag	
Illustreer die basiese behoeftes by u skool en dui aan of hierdie behoeftes vervul word, al dan nie	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende:	
⇒ Basiese behoeftes van u skool en dui aan watter behoeftes aangespreek word en watter nie aangespreek word nie?	
Doel van vraag:	
Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter behoeftes daar by die crèche is en hoe dit die deelnemers en hul effektiwiteit as opvoeders, beïnvloed.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<i>“Die ouers pak nie goed in wat ons nodig het om na die kinders te kyk nie – hulle dink ons het alles”.</i> <i>“Ons kort doeke en boudjie salf”.</i>	Onvoldoende middele in terme van kinderversorging

<p><i>“Ons het nooit genoeg kos nie”.</i></p>	
<p><i>“Ons het skryfbehoeftes nodig”.</i> <i>“Ons kort goed soos prente, paint, potlode en kryte – die ouers kan nie dit koop nie”.</i></p>	<p>Onvoldoende hulpmiddels Onvoldoende opvoedkundige materiaal</p>
<p><i>“Die Universiteit is betrokke en help ons baie met fisiese verbeteringe”.</i> <i>“Die mense van die Universiteit kom kyk gereeld wat ons nodig het, maar dit wat hulle gee, hou ook nie vir ewig nie.”</i> <i>“Ons kry baie borge – tot borge van Switserland”.</i></p>	<p>Positiewe betrokkenheid van eksterne instansies en donateurs</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>’n Tekort aan hulpbronne wat onderrig strem lei op sy beurt weer tot laer effektiwiteit (Boyer & Bandy, 2010:11; Robertson & Cooper, 2011:3).</p>	
<p>Afleidings</p>	
<ul style="list-style-type: none"> - Deelnemers aan hierdie studie se crèches is dikwels van donateurs afhanklik. Hierdie crèches ontvang ook op ’n geredelike basis borge, skenkings of donasies. Ten spyte hiervan het die crèches steeds nie die nodige hulpbronne ten einde in die kleuters se behoeftes aan sorg en opvoeding te voldoen nie; - Weens die feit dat opvoeders nie alles het wat hulle nodig het nie, is hulle minder effektief en dit het ’n negatiewe impak op hulle welstand. 	

Tabel 4.13: Uitdagings by die skool

Kategorie: MY SKOOL 	
Vraag Beeld die uitdagings wat u as opvoeder ervaar, op die gegewe papier uit	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende: ⇒ Enige uitdagings wat u ervaar by die skool of enige iets wat vir u moeilik is;	
Doel van vraag Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter uitdagings daar by die crèche is en hoe dit die deelnemers en hul effektiwiteit as opvoeders, beïnvloed.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Ons kry baie borge – maar die kinders sien dit nie. Ons sien dit ook nie”.</i></p> <p><i>“Ek kan nie sê ons het iets nodig nie, want ons kry borge. Die ding is net dit word nie reg bestuur nie”.</i></p> <p><i>“Die hoof vat die borge vir haarself”.</i></p> <p><i>“Ons het geld gekry om ’n ekstra klas te bou, maar toe bou die hoof vir haar huis ’n eetkamer”.</i></p> <p><i>“Ons kry donasies van Woolworths van kos wat ons vir die kinders kan gee. Die ding is net, die kinders kry nie dit om te eet nie. Die hoof hou dit vir haarself”.</i></p>	<p>Wanbestuur van fondse en donasies</p>

Literatuurkontrole



Volgens die *Children's Act* (38 van 2005), stipuleer artikel 93 dat die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, in samewerking met die Ministers van Opvoeding, Finansies, Gesondheid en provinsiale en plaaslike regeringsisteme die departementele strategieë moet implementeer ten einde 'n vroeë kinderontwikkelingsstelsel daar te stel wat genoegsaam befonds word, die nodige hulpbronne tot hul beskikking het en toepaslik bestuur word (South Africa, 2005). Indien hierdie sentrums by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is, moet die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling op 'n gereelde basis inspeksie doen, ten einde te verseker dat die VKO sentrum aan die nasionale standaarde en vereistes voldoen.

Opvoeders se welstand en effektiwiteit word deur die bestuur van die organisasie, besluitnemingsprosesse en dissiplinêre maatreëls, beïnvloed (DuBois en Miley, 2008:71).

Afleidings



- Alhoewel die wet duidelik stipuleer dat alle VKOP sentrums goed bestuur moet word, is dit dikwels nie die geval nie.
- Die VKOP crèches van die SJGD is nie noodwendig by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer nie, wat daartoe lei dat daar geen formele instansie is wat toesien dat die sentrum optimaal funksioneer en goed bestuur word nie.
- Deelnemers voel borge en skenkings in hulle crèches soms wanbestuur word en dit veroorsaak dat hulle negatief voel. Negatiwiteit lei tot 'n afname in werksproduktiwiteit.

Tabel 4.14: Motivering om 'n opvoeder te wees

Kategorie: MY SKOOL 	
Vraag Illustreer dit wat u motiveer om steeds 'n opvoeder te wees	
Wys waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan <i>Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende:</i> <p style="text-align: center;">⇒ Dit wat u motiveer om nog steeds 'n opvoeder te wees?</p>	
Doel van vraag <p>Die doel van hierdie vraag was om te verstaan wat die opvoeders motiveer om steeds as opvoeders te werk, ten spyte van behoeftes en uitdagings wat ervaar word.</p>	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Ek doen dit nie vir myself nie, ek doen dit vir die kinders”.</i></p> <p><i>“As hulle jou so vashou, dan weet jy dit wat jy doen maak 'n verskil en jy maak hulle gelukkig. Dan weet jy dat jy ook miskien eendag êrens sal uitkom”.</i></p>	<p>Intrinsieke motivering</p>
Literatuurkontrole	
<p>Saban (2003:83) argumenteer dat die meeste opvoeders onderwys as 'n loopbaan kies as gevolg van altruïstiese en intrinsieke redes. Dit kan beteken dat opvoeders met altruïstiese en intrinsieke motivering, 'n hoër vlak van psigologiese welstand mag ervaar.</p>	
Aflerings	
<p>Deelnemers aan hierdie studie ervaar steeds 'n mate van positiewe psigososiale welstand, ten spyte van al die eise, behoeftes en uitdagings in die skoolomgewing. Deelnemers het opvoeding as 'n beroep gekies op grond van intrinsieke redes en</p>	



hierdie motivering lei daartoe dat hulle steeds aanhou werk ten spyte van moeilike omstandighede.

Tabel 4.15: Deelnemers se ondersteuningsnetwerk

Kategorie: MY ONDERSTEUNING 	
Vraag <ul style="list-style-type: none"> • Beeld die verskillende ondersteuningsnetwerke in u lewe op die gegewe papier uit; • Beeld die tipe ondersteuning wat elke netwerk aan u verskaf op die gegewe papier uit; 	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan <p>Skryf of teken op die papier met die  simbool, die volgende:</p> <p>⇒ Enige plekke / mense wat vir u ondersteuning bied, bv. kerk, vriende, familie, kollegas, ondersteuningsgroepe;</p> <p>⇒ Skryf of teken watter tipe ondersteuning elkeen van hierdie mense of plekke vir u bied, bv. finansiële, emosioneel, materieel;</p>	
Doel van vraag <p>Die doel van hierdie vraag was om te verstaan hoe en deur wie die opvoeders ondersteun word en of hulle hierdie ondersteuning as genoegsaam ervaar.</p>	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<p><i>“My familie help nie regtig nie”.</i></p> <p><i>“Ek kry maar net die child support grant vir my kinders”.</i></p> <p><i>“As dit nie vir die social grant was nie, sou ek nie na my kinders kon kyk nie – ons salarisse is te min”.</i></p>	<p>Ontoereikende inkomste</p> <p>Afhanklik van maatskaplike toelaes</p>

<p><i>“Ek kry ondersteuning van my kerk”.</i></p> <p><i>“Ek praat met my pastoor as ek ongelukkig voel oor iets, hy het altyd raad”.</i></p> <p><i>“Ek en my kollegas ondersteun mekaar maar wanneer een van ons nie lus is om werk toe te gaan nie, dan sê die ander een: nee, kom ons gaan, dis tog vir die kindertjies”.</i></p>	<p>Emosionele ondersteuning uit kerke en van kollegas</p>
<p>Literatuurkontrolle</p>	
<p>Compton (2005:229) verduidelik dat opvoeders wat deel van die crèche voel, by aktiwiteite inskakel en ondersteuning van ander opvoeders ontvang, geneig is om meer effektief te wees. 'n Effektiewe opvoeder word verder ook beskryf as 'n opvoeder met goeie psigososiale omstandighede, 'n opvoeder wat intrinsiek gemotiveer word en ondersteuning van hul vriende en familie ontvang (Dan, 2002:3).</p>	
<p>Afleidings</p>	
<p>Deelnemers aan hierdie studie ontvang die nodige emosionele ondersteuning van hulle kollegas, familie en van hulle kerk. Hierdie emosionele ondersteuning dra by tot hulle effektiwiteit as opvoeders en welstand. Die deelnemers het verder ontoereikende inkomste en die primêre bron van finansiële ondersteuning is maatskaplike toelaes.</p>	

Tabel 4.16: Deelnemers se ervaring van die VKOP opleiding:



Kategorie: DIE VKOP OPLEIDING 	
Vraag Beeld dit wat vir u uitgestaan het in die SJGD se VKOP-opleiding, op die gegewe papier uit	
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan ⇒ Teken of skryf die volgende by die  simbool op die papier: ⇒ Dit wat vir u die meeste uitgestaan het in die opleiding?	
Doel van vraag Die doel van hierdie vraag was om te verstaan wat die deelnemers as positief tydens die opleiding beleef het.	
Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<i>“Almal van die Universiteit was vriendelik en het goed aangebied waarvan hulle baie weet”.</i> <i>“Die aanbieders was baie slim en mens kan sien hulle weet waarvan hulle praat.”</i>	Waardering vir die kennis en vaardighede van aanbieders (fasiliteerders)
<i>“Die kos was baie lekker”.</i> <i>“Ons kry mos nie sommer iets verniet nie, so die kos was nou vir my ’n treat”.</i>	Belewenis van waardering en bederf
Literatuurkontrolle	
Rakumako en Laugksch (2010:149) beklemtoon die feit dat, indien die basiese behoeftes van opvoeders en die toestand van hul psigososiale welstand nie aangespreek word nie, selfs die bes ontwerpte VKOP nie effektief in crèches	

geïmplementeer sal word nie.

Afleidings

Die SJGD se VKOP opleiding het probeer om aan die basiese behoeftes van die opvoeders te voldoen terwyl hulle opgelei word. Opvoeders het hierdie aspek raakgesien en waardeer en noem dat die kos wat hulle ontvang het iets was wat hulle waardeer het. Deelnemers voel verder ook dat die aanbieders oor genoegsame kennis en vaardighede beskik het om die inligting suksesvol aan hulle oor te dra.



Tabel 4.17: Maklik implementeerbare aspekte van die VKOP opleiding

Kategorie: DIE VKOP OPLEIDING 
Vraag
Illustreer aspekte van die SJGD se VKOP- opleiding wat u maklik in u crèche kon implementeer, op die papier
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan
⇒ Teken of skryf die volgende by die  simbool op die papier:
⇒ Dit wat vir u maklik was om in u crèche te implementeer en gebruik;
Doel van vraag:
Die doel van hierdie vraag was om te verstaan wat vir die deelnemers maklik was om te implementeer en watter impak dit op die deelnemers en hul effektiwiteit as opvoeders het.

Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Die inside activities was maklik, want ons het die meeste van die goed wat ons nodig het”.</i></p> <p><i>“Ons het genoeg plek om die inside activities te doen”.</i></p>	<p>Wenke vir toepaslike binnenshuise aktiwiteite</p>
<p><i>“Ons het nie geweet dat dit onhigiënies is om die waslappe oor en oor te gebruik nie. Nou gebruik ons wipes en dit werk baie beter.”</i></p> <p><i>“Ons gebruik nou lopende water om handjies te was in plaas van een bak water. As mens net een bak gebruik dan is dit asof die kieme opgaar”.</i></p> <p><i>“Ons het geleer dat ons nie regtig die higiëne regdoen nie en dit was vinnig en maklik om dit te verander”.</i></p>	<p>Verbeterde insig ten opsigte van higiëne in 'n crèche</p>
<p><i>“Ons het geleer om soos saam met die kinders te speel om op hulle vlak te kom”.</i></p> <p><i>“Vandat ons saam met die kinders speel, luister die kinders ook meer na ons”.</i></p> <p><i>“Ek sit nie meer net in die son nie, ek speel nou saam met die kinders en spring saam met hulle riem”.</i></p>	<p>Optimale benutting van speelaktiwiteite</p>

Literatuurkontrolle
Englebriht, Fox en Schirmacher (2012:206) verduidelik dat indien opvoeders programme soos die VKOP verstaan en dit maklik vind om te implementeer, dit 'n positiewe effek op hul welstand het. Die teenoorgestelde is ook waar.
Afleidings
Deelnemers verduidelik dat die binnenshuise aktiwiteite maklik was om te implementeer, aangesien hulle die nodige hulpbronne het. Hulle het dit ook maklik gevind om hulle higiëne gewoontes te verander en om op die kind se vlak toe te tree. Die feit dat hulle dit so maklik kon regkry, laat hulle goed voel en dra by tot 'n positiewe ervaring van hulself en van die VKOP opleiding.

Tabel 4.18: Moeilik implementeerbare aspekte van die VKOP opleiding

Kategorie: DIE VKOP OPLEIDING 
Vraag
<ul style="list-style-type: none"> • Illustreer aspekte van die SJGD se VKOP-opleiding wat u moeilik in u crèche kon implementeer, of glad nie kon implementeer nie, op die papier;
Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan
<p style="text-align: center;">⇒ Teken of skryf die volgende by die  simbool op die papier:</p> <p style="text-align: center;">⇒ <i>Dit wat vir u moeilik was om in u crèche te implementeer en gebruik;</i></p>
Doel van vraag:
Die doel van hierdie vraag was om te verstaan wat vir die deelnemers moeilik was

om te implementeer en watter impak dit op die deelnemers en hul effektiwiteit as opvoeders het.

Verbatim response	Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Ons kan nie die outside play doen nie, want die erf is te klein”.</i></p> <p><i>“Die outside play is moeilik, want ons het nie soveel spasie nie”.</i></p>	<p>Gebrekkige infrastruktuur vir buite speelaktiwiteite</p>

Literatuurkontrole

Shulman en Sato (2006:181) verduidelik dat VKOP slegs effektief en korrek in crèches geïmplementeer kan word indien die crèches die nodige hulpbronne het en die onderwyser die VKOP goed verstaan.

Afleidings

Deelnemers voel dat die buite speelaktiwiteite moeilik was om te implementeer weens die feit dat hulle nie genoegsame spasie by hulle crèches het nie. Hulle voel egter nie negatief hieroor nie, maar sê bloot dat hulle die boeke met die buite speelaktiwiteite bêre totdat hulle voldoende spasie het om dit te begin implementeer.

Tabel 4.19: Verwagtings ten opsigte van die VKOP opleiding




Kategorie: DIE VKOP OPLEIDING

Vraag

Illustreer die verskillende verwagtinge en of daar daaraan voldoen was, in terme van:

- Dit wat u van die VKOP-opleiding verwag het;
- Dit wat van u verwag was tydens die opleiding;
- Dit wat ander kollegas wat die opleiding deurloop het, van u verwag;
- Dit wat ander kollegas wat nie die opleiding deurloop het nie, van u verwag;

Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan

⇒ Teken of skryf die volgende by die  simbool op die papier:

- ⇒ Wat het u van die opleiding verwag en is dit wat u verwag het gedoen?
- ⇒ Wat was van u verwag tydens die opleiding en kon u daaraan voldoen?
- ⇒ Wat verwag kollegas wat saam met u die opleiding deurloop het van u?
- ⇒ Wat verwag kollegas wat nie die opleiding deurloop het nie, van u?


Doel van vraag

Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter verwagtinge deel van die VKOP opleiding vorm, of dit regverdig is en of deelnemers aan die verwagtinge kon voldoen.

<p>Wat ek van die opleiding verwag het:</p> <p>Verbatim response</p>	<p>Wat ek van die opleiding verwag het:</p> <p>Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Ek het gedink ek gaan ’n qualified juffrou word”.</i></p> <p><i>“Ek het gedink dis ’n Level wat ons doen en dat ons so ’n sertifikaat gaan kry”.</i></p>	<p>Verwerwing van ’n formele kwalifikasie</p>
<p>Wat van my verwag was:</p> <p>Verbatim response</p>	<p>Wat van my verwag was:</p> <p>Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Kyk die busse het ons al 7 uur kom haal en ons was partykeer eers na 4 uur die middag klaar”.</i></p> <p><i>“Dit was op Saterdagdae gewees, so die goedjies wat mens gewoonlik op ’n Saterdag doen, moes ingeboet word”.</i></p>	<p>Verbintenis in terme van opleiding oor naweke</p>
<p>Wat my kollegas wat saam met my die opleiding bygewoon het, van my verwag:</p> <p>Verbatim response</p>	<p>Wat my kollegas wat saam met my die opleiding bygewoon het, van my verwag:</p> <p>Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Ons praat met mekaar en help mekaar as ons iets vergeet”.</i></p> <p><i>“Ons recap gereeld om te onthou wat ons nou weer moet doen”.</i></p>	<p>Kollegiale ondersteuning ten opsigte van kennis en vaardighede geassosieer met VKOP</p>

<p>Wat my kollegas wat nie saam met my die opleiding bygewoon het nie, van my verwag:</p> <p>Verbatim response</p>	<p>Wat my kollegas wat nie saam met my die opleiding bygewoon het nie, van my verwag:</p> <p>Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Die wat nie saam met ons was nie, dink nou dat ons alles weet en omdat ons alles weet moet ons nou alles doen”.</i></p> <p><i>“Hulle dink nou ons is beter as hulle en ons weet meer”.</i></p>	<p>Kennis aangaande alle aspekte van VKOP, hetsy opleiding daarin verkry is al dan nie</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>Die samelewing verwag toenemend dat opvoeders van kleuters ’n onderwysgraad of naskoolse opleiding in VKO moet hê ten einde effektiewe onderwysers te wees en programme soos die VKOP effektief te kan implementeer (Early, Maxwell, Burchinal, Bender, Ebanks, Henry, Iriondo-Perez, Mashburn, Pianta, Alva, Bryart, Cai, Clifford, Griffin, Howes, Jeon, Peisner-Feinberg, Vandergrift & Zill, 2007:559). Opvoeders by Suid-Afrikaanse landelike crèches het dikwels nie die geleentheid of finansiële vermoë om ’n formele kwalifikasie te verwerf nie.</p>	
<p>Afleidings</p>	
<ul style="list-style-type: none"> - Die deelnemers in hierdie studie het verwag dat die SJGD se VKOP opleiding uiteindelik ’n formele kwalifikasie aan hulle sal verskaf en dat hulle dan gekwalifiseerde onderwysers sal wees. Alhoewel deelnemers steeds ’n behoefte aan ’n formele kwalifikasie het, voel hulle egter dat hulle wel baie geleer het tydens die opleiding; - Opvoeders voel dat hierdie opleiding baie tyd geneem het, maar dat dit op die langtermyn bruikbaar was, aangesien hul vaardighede verbeter het; - Opvoeders wat kollegas het wat ook die opleiding bygewoon het, voel dat hulle meer ondersteuning het en mekaar kan bystaan tydens die implementering van die VKOP van die SJGD. 	

Tabel 4.20: Die VKOP opleiding se invloed op deelnemers se funksionering

Kategorie: DIE VKOP OPLEIDING 	
<p>Vraag</p> <p>Beeld in elke blok van die papier uit hoe die SJGD se VKOP- opleiding u funksionering beïnvloed het</p>	
<p>Wyse waarop vraag aan deelnemers gestel is sodat hulle dit kon verstaan</p> <p style="text-align: center;">⇒ Die eerste deel van die papier is in 4 blokke verdeel met al 4 simbole in hul eie blok:</p> <p>⇒ Teken / skryf in elke blok hoe die SJGD se VKOP-opleiding daardie deel van jou lewe beïnvloed het, met ander woorde:</p> <ul style="list-style-type: none"> ○ Hoe dit uself beïnvloed het; ○ Hoe dit u huis beïnvloed het; ○ Hoe dit u skool beïnvloed het; ○ Hoe dit u ondersteuningsnetwerke beïnvloed het. 	
<p>Doel van vraag</p> <p>Die doel van hierdie vraag was om te verstaan watter invloed die VKOP opleiding op die deelnemers se funksionering gehad het.</p>	
Invloed op myself: Verbatim response	Invloed op myself: Geïdentifiseerde temas
<p><i>“Ek het definitief meer selfvertroue”.</i></p> <p><i>“Ek het agtergekom ek weet nie so min soos ek gedink het ek weet nie, nou voel ek sommer beter”.</i></p> <p><i>“Die kursus het definitief my selfvertroue geboost”.</i></p>	<p>Ervaring van bemagtiging as opvoeder</p> <p>Toename in selfvertroue</p>

<p>Invloed op my huis: Verbatim response</p>	<p>Invloed op my huis: Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Ek weet nou sommer meer van my eie kind af”.</i></p> <p><i>“Nou die dag was my kind se maag nie lekker nie, toe kyk ek net in die boek wat om te doen”.</i></p>	<p>Nuwe kennis en vaardighede ten opsigte van kinderopvoeding en eie kinders</p>
<p>Invloed op my skool: Verbatim response</p>	<p>Invloed op my skool: Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Ek verstaan die kinders nou beter”.</i></p> <p><i>“Ek kan nou op die kinders se vlak werk”.</i></p>	<p>Meer begrip vir kinders se behoeftes en funksionering</p>
<p>Invloed op my ondersteuningsnetwerk: Verbatim response</p>	<p>Invloed op my ondersteuningsnetwerk: Geïdentifiseerde temas</p>
<p><i>“Ek het nou die dag vir my een vriendin wat saam met my die kursus bygewoon het, gaan kuier.”</i></p> <p><i>“Ons help mekaar meer want ons weet dat ons dieselfde weet”.</i></p>	<p>Positiewe kollegiale ondersteuningsnetwerk</p>
<p>Literatuurkontrole</p>	
<p>Volgens Boyer en Bandy (2010:2) het opvoeders in landelike gebiede dikwels 'n tekort aan selfvertroue en kennis wat daartoe lei dat hul sukkel om hul eie opvoedkundige programme te ontwerp, en gevolglik inskakel by 'n VKOP om toegerus te word. Opvoeders wat egter gedetermineerd en aktief aan die VKOP deelneem en inligting wat deurgegee word internaliseer, kan die VKOP effektief in</p>	

sy of haar crèche implementeer (Boylan & McSwan, 1998:18 & Olivares en Arnold, 2007:703).

Afleidings

Deelnemers aan hierdie studie voel dat die SJGD se VKOP opleiding daartoe gelei het dat hulle kennis verbreed het, hulle meer selfvertroue het en verhoogde onderlinge ondersteuning ervaar.

4.4.2 Opsomming van alle kwalitatiewe data en toepassing op die studie

Die eerste navorsingsvraag in hierdie studie word by punt 3.2 in hierdie hoofstuk bespreek. Vanuit die voorafgaande kwalitatiewe data en besprekings kan die tweede en derde navorsingsvrae naamlik “Hoe ervaar opvoeders hul eie psigososiale omstandighede?” en “Hoe beïnvloed die opvoeders se psigososiale omstandighede die implementering van die SJGD se VKOP by hul crèches?” beantwoord word.

Al die deelnemers wat aan hierdie studie deelgeneem het, het in die landelike gebied in die Tlokwe-distrik grootgeword en is steeds woonagtig in hierdie gebied. Die crèches waar hul werksaam is, is ook in hierdie gebied geleë. Swak sosio-ekonomiese omstandighede, armoede en maatskaplike probleme is egter aan die orde van die dag en veroorsaak dat die opvoeder se welstand afneem en het 'n negatiewe invloed op die opvoeder se effektiwiteit. Deelnemers herroep egter net positiewe herinneringe vanuit hul kinderjare en hierdie positiewe herinneringe het 'n positiewe effek op hulle welstand en funksionering as opvoeders.

Deelnemers aan hierdie studie word intrinsiek gemotiveer en wil graag uitreik na mense in nood. Hulle het ook 'n vaste godsdienstige fondasie en ondersteuning van hulle familie, kollegas en kerk wat hulle welstand verbeter. In teenstelling hiermee ervaar deelnemers 'n groot mate van stres, voel onseker dat hulle nie genoegsame vaardighede het om te cope nie en word maklik beïnvloed deur ander se opinies. Hierdie aspekte het volgens die literatuur 'n negatiewe uitwerking op opvoeders se welstand. Deelnemers aan hierdie studie voel dat hulle alle huishoudelike take self moet verrig en dat hul dikwels twee rolle vervul, naamlik (1) opvoeder en (2)

huisvrou. Deelnemers voel dat hul familieledede hul nie genoegsaam ondersteun met huishoudelike take nie en dit dra daartoe by dat hulle welstand negatief beïnvloed word en hul 'n hoë mate van stres ervaar.

Weens 'n tekort aan klaskamers, personeel en onvoldoende infrastruktuur ervaar opvoeders dat hulle nie so effektief by die crèche is soos wat hulle graag sal wil wees nie. Dit lei tot laer effektiwiteit en 'n negatiewe ervaring van die skoolomgewing. Deelnemers voel verder ook dat daar onrealistiese eise aan hulle gestel word en voel negatief oor die lang ure wat hulle werk. Hierdie aspekte verlaag deelnemers se welstand. Die feit dat ouers onbetrokke is en nie die nodige ondersteuning aan opvoeders gee nie, veroorsaak dat hulle die crèche weer as 'n negatiewe omgewing beleef en minder effektief in hulle rol by die crèche is.

Deelnemers aan hierdie studie se crèches word dikwels deur donateurs in stand gehou. Hierdie crèches ontvang ook op 'n geredelike basis borge en skenkings. Ten spyte hiervan, het die crèches steeds nie die nodige hulpbronne om aan hul behoeftes te voorsien nie. Deelnemers voel dat die bestuur van borge en skenkings in hulle crèches nie altyd verantwoordbaar is nie en dit veroorsaak dat hulle negatief voel. Negatiwiteit lei tot 'n afname in werksproduktiwiteit.

Deelnemers aan hierdie studie ervaar steeds 'n mate van positiewe psigososiale welstand, ten spyte van al die eise, behoeftes en uitdagings in die skoolomgewing. Deelnemers het opvoeding as 'n beroep gekies op grond van intrinsieke redes en hierdie motivering veroorsaak dat hulle steeds aanhou werk ten spyte van moeilike omstandighede.

Die SJGD se VKOP opleiding het groot waardering vir opvoeders getoon en hulle bederf met byvoorbeeld verversings terwyl hulle opgelei is. Opvoeders het hierdie aspek raakgesien en noem dat die verversings wat hulle ontvang het iets was wat hulle besonder waardeer het. Deelnemers voel verder ook dat die aanbieders oor genoegsame kennis en vaardighede beskik het om die inligting suksesvol aan hulle oor te dra.

Deelnemers verduidelik dat die binnenshuise aktiwiteite wat hulle in die VKOP opleiding geleer het maklik was om te implementeer, aangesien hulle oor die nodige hulpmiddels beskik. Hulle het dit ook maklik gevind om praktyke rondom higiëne in die crèche te verander en om op die kind se vlak toe te tree. Die feit dat hulle dit so maklik kon regkry laat hulle goed voel en dra by tot 'n positiewe ervaring van hulself en van die VKOP opleiding. Deelnemers voel dat die buite speelaktiwiteite moeilik was om te implementeer weens die feit dat hulle nie genoegsame spasie by hulle crèches het nie. Hulle voel egter nie negatief hieroor nie, maar sê bloot dat hulle die boeke met die aktiwiteite bêre totdat hulle voldoende spasie het.

Die deelnemers in hierdie studie het verwag dat die SJDG se VKOP opleiding uiteindelik 'n formele kwalifikasie aan hulle sal verskaf en dat hulle dan gekwalifiseerde onderwysers sal wees. Alhoewel deelnemers steeds 'n behoefte aan 'n formele kwalifikasie het, voel hulle egter dat hulle wel baie geleer het tydens die opleiding. Deelnemers aan hierdie studie voel dat die SJDG se VKOP opleiding daartoe gelei het dat hulle kennis verbreed het, hulle meer selfvertroue het en verhoogde ondersteuning ervaar.

4.4.3 Verband tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe data

Nadat die kwantitatiewe en kwalitatiewe ontleed is, is hierdie data getrianguleer ten einde 'n sinvolle interpretasie van die data te verseker.

Deelnemers aan hierdie studie ervaar beide positiewe en negatiewe psigososiale omstandighede en hierdie omstandighede het beide 'n positiewe en 'n negatiewe effek op deelnemers se welstand en effektiwiteit. Resultate vanuit beide die kwantitatiewe en die kwalitatiewe data dui aan dat daar baie positiewe aspekte in deelnemers se lewens is wat hulle gelukkig laat voel en hulle welstand bevorder. Hulle ervaar egter ook uitdagings soos armoede, maatskaplike probleme en negatiewe verhoudings, wat hierdie geluk weer negatief kan beïnvloed.

Deelnemers het grootgeword in landelike gebiede in die Tlokwe distrik waar maatskaplike probleme aan die orde van die dag was. Ten spyte hiervan kon geen van die deelnemers negatiewe kindertydse ervarings herroep nie.

Tydens hierdie studie is daar bevind dat deelnemers 'n sterk verhouding met God het en dat hulle elke aspek van hulle lewens met God deel en 'n doel vir elke uitdaging sien. Figuur 4.6 korreleer met Tabel 4.6 en Tabel 4.15 waar deelnemers aandui dat hulle 'n sterk geloof het en emosionele en geestelike ondersteuning van die kerk ontvang. Die beleving van 'n positiewe verhouding met God dra by tot die ervaring van positiewe psigososiale welstand. Vanuit die kwalitatiewe resultate wat in Tabel 4.6 weerspieël word, kom dit na vore dat deelnemers 'n geneigdheid het om uit te reik na ander. Hierdie data korreleer met data in Figuur 4.1 waar daar vanuit die kwantitatiewe resultate bevind is dat deelnemers ander ondersteun en help om suksesvol te wees. Deelnemers reik graag uit na ander, luister na ander, het empatie met ander en probeer ander help om hulle probleme en uitdagings te hanteer. By Figuur 4.1 word daar aangedui dat deelnemers 'n hoë sin vir prestasiegerigheid het en doelgerig en selfgemotiveerd is. Hierdie prestasiegerigheid van deelnemers word ook in die kwalitatiewe data in Tabel 4.14 bevestig, waar deelnemers aandui dat hulle 'n hoë mate van intrinsieke motivering het. Deelnemers dui verder dat hul positiewe fisiese funksionering ervaar en is tevrede met hul liggaamsbeeld en sekslewe. Al hierdie aspekte laat deelnemers gelukkig voel en dra daartoe by dat hulle hul psigososiale omstandighede as positief beleef en hul welstand bevorder word.

In teenstelling hiermee ervaar deelnemers 'n hoë graad van spanning, frustrasie, onsekerheid en hulpeloosheid. Hierdie gevoelens word in Figuur 4.2 in die kwantitatiewe resultate voorgehou en korreleer ook met Tabel 4.6 waar deelnemers kwalitatief bevestig dat hulle onsekerheid en stres ervaar. Dit blyk verder dat deelnemers nie hulle emosies konstruktief kan hanteer nie, wat op sy beurt 'n negatiewe invloed op die individu se welstand het. Deelnemers bevestig met beide kwantitatiewe, sowel as kwalitatiewe data dat hulle angstig, onstabiel en onveilig voel. Deelnemers dui aan dat hulle basiese behoeftes onvervuld is en dat hulle ontstellende gedagtes ervaar wanneer hulle voel dat verwagtinge wat die eksterne omgewing aan hulle stel, onrealisties is. Deelnemers se inkomste is ontoereikend en hulle is afhanklik van maatskaplike toelaes om aan hul eie behoeftes te voldoen. Die kwantitatiewe data het ook daarop gedui dat deelnemers eksterne ondersteuning benodig ten einde die lewenseise te hanteer. Volgens die kwantitatiewe resultate het

deelnemers 'n gebrek aan 'n positiewe selfpersepsie wat 'n beduidende invloed op hulle geluk het. Deelnemers het 'n valse oortuiging dat hul selfwaarde afhanklik is van die opinies wat ander mense van hulle het. Hierdie resultate word kwalitatief ook bevestig wanneer deelnemers aandui dat hulle beïnvloed word deur ander se opinies en dat hul dikwels erkenning vir die rol wat hul vervul, verwag. Hulle ervaar innerlike onsekerheid en gebrekkige sekuriteit.

Hierdie negatiewe emosies laat die deelnemers ontevrede met hulle lewens voel en hulle ervaar dan hul psigososiale omstandighede as negatief. Figuur 4.1 dui aan dat deelnemers se gedrag ontbreek aan die sinvolle gebruik van vrye tyd. Dit word bevestig in Tabel 4.11 waar die kwalitatiewe data aandui dat deelnemers lang werksure het en nie vrye tyd het nie. Tabel 4.7 verduidelik verder dat deelnemers hulself as persone met 'n tweeledige rol sien: hulle is beide 'n beroepsvrou en 'n huisvrou. Deelnemers ervaar egter hierdie twee rolle as konflikterende rolle weens die feit dat beide rolle eise aan deelnemers stel wat hulle nie noodwendig kan hanteer nie. Deelnemers dui aan dat hulle 'n groot gesin en sterk familiebande het en dikwels saam met hul eie ouers, broers en susters in 'n huis woon. Ten spyte hiervan beleef deelnemers dat die gesin hulle nie ondersteun en hulp aanbied ten opsigte van huishoudelike take nie. Gevolglik moet deelnemers dikwels hulle vrye tyd inboet ten einde die huistake af te handel en dit maak hulle negatief. Figuur 4.5 se kwantitatiewe resultate dui egter aan dat deelnemers hul verhouding met hulle gesin as positief beleef. Dit dui verder aan dat hulle hul verhoudings met hulle vaders, sowel as hulle lewensmaats as veeleisend en onbevredigend beleef. Geen deelnemer het egter tydens die onderhoud bevestig dat hul verhoudings met hulle vader negatief is of wat die oorsaak daarvan is nie. Tabel 4.7 se kwalitatiewe resultate bevestig wel dat deelnemers 'n negatiewe verhouding met hul lewensmaats het en deelnemers dui aan dat hulle dikwels nie eers weet waar hulle lewensmaats hulself bevind nie. Hierdie bevinding is teenstrydig met die feit dat deelnemers aandui dat hulle 'n positiewe sekslewe het. Dit kan moontlik wees dat deelnemers skaam gevoel het en nie eerlik was tydens die voltooiing van die vrae op die PMSI-skaal wat oor seks gehandel het nie.

Deelnemers se huis en crèche is in dieselfde geografiese gebied geleë. Die crèches waar deelnemers werksaam is, het dikwels groot groepe kleuters, beperkte klaskamerruimtes, onvoldoende hoeveelheid personeel en beperkte speelgronde. Deelnemers dui verder aan dat hierdie crèches dikwels onvoldoende middele in terme van kinderversorging en kinderopvoeding het. Daar is 'n positiewe betrokkenheid van eksterne instansies en donateurs by hierdie crèches, maar skenkings en donasies word dikwels wanbestuur. Deelnemers voel dat daar hoë eise aan hulle gestel word en dat hulle dikwels nie hieraan kan voldoen nie. In Figuur 4.5 dui die kwantitatiewe resultate wat verkry is daarop dat deelnemers hulle verhoudings met kollegas as veeleisend en onbevredigend beleef en dat samewerking in hierdie verhouding ontbreek. In teenstelling hiermee, word daar verskeie kere in die kwalitatiewe resultate bevind dat opvoeders positiewe kollegiale samewerking beleef. Deelnemers lig op geen plek in die studie die rede vir hierdie teenstrydige resultate uit nie. Dit is moontlik dat deelnemers dalk 'n verhouding wat deur konflik gekenmerk word met hulle kollegas gehad het gedurende die tyd wat die kwantitatiewe toetsing plaasgevind het en dat die spanning in hierdie verhouding opgelos is voordat die kwalitatiewe toetsing onderneem is. In so 'n geval sou deelnemers tydens die kwalitatiewe toetsing die kollegiale verhouding as 'n positiewe verhouding beleef. Hierdie teenstrydigheid kan ook voorkom as 'n resultaat daarvan dat deelnemers moontlik nie die vraag korrek verstaan het tydens die kwantitatiewe data-insamelingsproses nie of dat deelnemers nie eerlik was tydens die beantwoording van hierdie vrae op die PMSI-skaal nie. 'n Ander alternatief wat die teenstrydighede kan verduidelik kan beskryf word as die feit dat die verhoudingsvrae eers in die tweede laaste afdeling van die PMSI-skaal ter sprake kom. Dit is moontlik dat deelnemers al moeg was en bloot die vrae beantwoord het met die oog daarop om die vrae te voltooi, in plaas daarvan om elke vraag te oorweeg en oordink alvorens dit beantwoord is.

In die lig van die voorafgaande inligting is dit duidelik dat opvoeders hulle psigososiale omstandighede as beide positief en negatief ervaar.

4.5 GEVOLGTREKING

Die populasie van hierdie studie het uit $n = 93$ potensiële deelnemers bestaan. Die totale populasie van deelnemers aan hierdie studie is opvoeders wat werksaam is / was by crèches in die Tlokwe-distrik waar die SJGD van die Noordwes-Universiteit dienste lewer. Hierdie populasie was nie bloot deelnemers wat by hierdie crèches werk nie, maar deelnemers wat die spesifieke VKOP opleiding van die SJGD deurloop het.

Data is ingesamel deur middel van kwantitatiewe, sowel as kwalitatiewe metodes. Dertien deelnemers het die geskrewe PMSI-skaal wat die kwantitatiewe komponent van die studie vorm, voltooi. Daar kon egter net van twaalf van hierdie vraelyste gebruik gemaak word, aangesien een van die deelnemers van die vrae op die meetinstrument twee-maal gemerk het en gevolglik die vraelys ongeldig gemaak het. Die kwantitatiewe data is verwerk deur die PASWIN program (PASWIN, 2000-2005). Die kwalitatiewe komponent van die data het bestaan uit in-diepte onderhoude wat met al 13 deelnemers gevoer is. Hierdie data is deur middel van Tesch en Creswell se benaderings verwerk.

Vanuit die data is dit duidelik dat die 13 deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, 'n mate van positiewe psigososiale welstand ervaar aangesien hulle tellings in van die funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan in die aanbevole gebied is. Daar is egter ander funksioneringsareas en sub-aspekte wat aandui dat hulle psigososiale omstandighede negatief is en dat deelnemers kan baatvind indien daar aandag aan die ontwikkeling van vaardighede in hierdie gebied, gegee kan word. Alle funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan is egter interverwant en tellings in een area beïnvloed tellings in 'n ander area.

Deelnemers aan hierdie studie beleef positiewe psigososiale funksionering, positiewe geestelike funksionering en positiewe fisiese funksionering. Tydens die onderhoude word dit bevestig en is dit duidelik dat hulle 'n goeie sterk verhouding met God het en oorwegend 'n positiewe selfpersepsie het. In terme van die deelnemers se negatiewe psigososiale funksioneringsareas het dit vanuit die onderhoude geblyk dat hoë vlakke van frustrasie, spanning en hulpeloosheid die

oorsaaklike faktore is. Alhoewel hulle oor die algemeen sterk familiebande het en ondersteuning vanaf hul interpersoonlike verhoudings ontvang, beleef hulle egter hulle verhouding met hul vaders en hul lewensmaat as negatief. Tydens die onderhoude verduidelik deelnemers dat die meeste van hulle nie 'n positiewe verhouding met hulle lewensmaat het nie en dikwels weet hul nie eers waar hierdie persoon homself bevind nie.

Die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP opleidingsprogram is dus positief in sommige funksioneringsaspekte en negatief in ander funksioneringsaspekte. Opvoeders ervaar hulle psigososiale omstandighede as positief en negatief en hierdie omstandighede beïnvloed die manier waarop hul die SJGD se VKOP implementeer in die crèches waarin hulle werk.

Nadat die resultate van die studie in hierdie hoofstuk aangebied is en die interpretasie van hierdie resultate bespreek is, word gevolgtrekkings wat vanuit die studie gemaak kan word in Hoofstuk 5 weergegee. Die data sal voorts met die sentrale teoretiese argument vergelyk word en aanbevelings vanuit die bevindinge sal gemaak word. Die laaste hoofstuk word afgesluit deur die unieke bydrae van hierdie studie te bespreek.

HOOFSTUK 5: SAMEVATTENDE OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Nadat die resultate van die studie in hoofstuk 4 uiteengesit en geïnterpreteer is, vorm Hoofstuk 5 die laaste hoofstuk van hierdie verhandeling. Hier word 'n samevatting van elke hoofstuk gegee en die navorsingsmetodologie sal kortliks opgesom word. Verder sal die gevolgtrekkings wat vanuit die data gemaak kan word bespreek word waarna data met die sentrale teoretiese argument vergelyk word. Hierdie hoofstuk word afgesluit deur aanbevelings wat die navorser vanuit die bevindinge maak en die unieke bydrae van hierdie studie, te bespreek.

Die algemene doelstelling van hierdie studie was om die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by die SJGD te ondersoek en die invloed van sodanige omstandighede op die implementering van die SJGD se VKOP te bepaal. Ten einde hierdie doelstelling te bereik is daar 'n literatuurstudie, sowel as 'n empiriese ondersoek onderneem. Die navorsingsverslag is in verhandelingsformaat aangebied en in vyf hoofstukke weergegee. Die inhoud van elke hoofstuk kan vervolgens saamgevat word.

5.2 SAMEVATTING

Die inleiding en oriëntering tot die studie is in **Hoofstuk 1** bespreek. Hier is gefokus op die konteks van die studie deur die rasionaal van die studie, doelstellings en doelwitte en die metode van ondersoek te verduidelik. Hierdie hoofstuk is afgesluit deur die beperkings wat gedurende die tydperk van die studie ervaar is, weer te gee.

Hoofstuk 2 van die studie handel oor die agtergrond en die aard van die opvoeders se psigososiale omstandighede deur middel van 'n literatuurstudie waar bestaande literatuur wat van toepassing op die studie bespreek is.

Hoofstuk 3 het die navorsingsmetodologie bespreek, waar die navorsingsontwerp en die metodologie wat gevolg is, volledig uiteengesit is. Hier is gefokus op die sentrale teoretiese argument, die populasie en steekproefneming. Die beskrywing

van meetinstrumente en hul betroubaarheid en 'n volledige uiteensetting van die data-insamelingsproses is ook in hierdie hoofstuk weergegee.

Die resultate van die studie is in **Hoofstuk 4** voorgestel. Die resultate vanuit die kwantitatiewe data is beskryf en opgesom deur middel van tabelle, figure en grafiese voorstellings, terwyl die temas en patrone wat vanuit die kwalitatiewe data verkry is, in tabelvorm opgesom en beskryf is.

Hoofstuk 5 vorm die slothoofstuk van die verhandeling waarin die belangrikste gevolgtrekkings waartoe daar gekom is bespreek word en aanbevelings gemaak word.

5.3 OPSOMMING VAN NAVORSINGSMETODOLOGIE

Ten einde die doelwitte van hierdie studie te bereik en sodoende die navorsingsvrae te beantwoord, is 'n literatuurstudie onderneem en 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes is tydens die empiriese ondersoek benut.

5.3.1 Literatuurstudie

Deur middel van die bestudering van bestaande en beskikbare literatuur aangaande VKO, VKOP en die psigososiale omstandighede van opvoeders, kon die navorser dieper insig rakende die navorsingsprobleem ontwikkel. Ten einde 'n uitgebreide literatuurstudie te onderneem, is daar van nasionale, sowel as internasionale literatuur gebruik gemaak in hierdie studie. Die navorser het verskeie handboeke, vaktydskrifte, proefskrifte, navorsingsverslae, VKOP-, sowel as SJGD dokumentasie bestudeer ten einde 'n in-diepte literatuurstudie te onderneem. Databasisse soos EBSCO HOST, Academic Search Premier, Eric, SA Publications, ProQuest en LexisNexis is geraadpleeg ten einde 'n gefokusde literatuur soektog te verseker.

Literatuur rakende die welstand en psigososiale omstandighede van opvoeders en die impak wat hierdie omstandighede om die implementering van programme soos die VKOP het, is egter nie geredelik beskikbaar nie en literatuur wat wel beskikbaar is, is dikwels verouderd.

5.3.2 Empiriese ondersoek

'n Kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes is benut ten einde die fenomeen, naamlik die psigososiale omstandighede van opvoeders en die mate waarop hierdie omstandighede die implementering van die VKOP in hul crèches, beïnvloed, te verstaan. Die studie was verkennend en beskrywend van aard. Teikengroep steekproeftrekking is benut om deelnemers te selekteer vir insluiting in hierdie studie.

Die kwantitatiewe komponent van die studie het bestaan uit 'n gestandaardiseerde vraelys wat die opvoeders se psigososiale omstandighede meet, terwyl die kwalitatiewe komponent daarop gefokus het om deur middel van onderhoud vas te stel hoe die opvoeders hul eie psigososiale omstandighede ervaar en tot watter mate die opvoeders se psigososiale omstandighede die implementering van die SJGD se VKOP, beïnvloed.

5.4 GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE RESULTATE

VKO verwys na die eerste agt jaar van 'n kind se lewe waar fundamentele ontwikkeling plaasvind. Hierdie ontwikkeling lewer 'n bydrae tot 'n kind se akademiese suksesse en die kind se ontwikkeling en omstandighede in hierdie lewenstydperk kan 'n se kind groei en funksionering as 'n volwasse persoon beïnvloed. VKO het gedurende die 1990's meer prominent in Afrika geword en verskeie wetgewing en beleide is daarvoor in plek gestel.

Die SJGD van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus het tydens 2011-2014 'n projek waar opvoeders vanuit bron-arm gemeenskappe in die Tlokwe-distrik 'n VKOP opleidingsprogram deurloop, gefinansier. Die doel van hierdie opleidingsprogram is om opvoeders se kennis en vaardighede ten opsigte van VKO en onderrig te verbeter, sodat hulle dit in hul crèches kan implementeer. Hierdie projek is egter nog nooit formeel geëvalueer nie en dit was tot op hede onseker of hierdie opleiding effektief is en of opvoeders hierdie opleiding in hul crèches kan implementeer. Volgens literatuur is dit belangrik om opvoeders wat programme soos die SJGD se VKOP implementeer, se psigososiale omstandighede in ag te neem tydens die opleiding. Indien hierdie omstandighede nie in ag geneem word nie en

daar word nie aan opvoeders se behoeftes voldoen nie, kan dit daartoe bydra dat die SJGD se VKOP minder effektief in crèches geïmplementeer word.

Tydens hierdie studie is daar bevind dat opvoeders wat betrokke is by die SJGD se VKOP 'n mate van positiewe psigososiale welstand ervaar aangesien hulle tellings in van die funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan in die aanbevole gebied is. Daar is egter ander funksioneringsareas en sub-aspekte daarvan wat aandui dat hulle psigososiale omstandighede negatief is en dat deelnemers kan baat vind indien daar aandag aan die ontwikkeling van vaardighede in hierdie funksioneringsareas gegee kan word.

Deelnemers aan hierdie studie beleef positiewe psigososiale funksionering, positiewe geestelike funksionering en positiewe fisiese funksionering. Tydens die onderhoude word dit bevestig en is dit duidelik dat hulle 'n sterk verhouding met God het en 'n positiewe selfpersepsie het. In terme van die deelnemers se negatiewe psigososiale funksioneringsareas het dit vanuit die onderhoude geblyk dat hoë vlakke van frustrasie, spanning en hulpeloosheid die oorsaaklike faktore is. Alhoewel hulle oor die algemeen sterk familiebande het en ondersteuning vanaf hul interpersoonlike verhoudings ontvang, beleef hulle egter hulle verhouding met hul vader en hul lewensmaat as negatief. Tydens die onderhoude verduidelik deelnemers dat die meeste van hulle nie 'n positiewe verhouding met hulle lewensmaat het nie en dikwels weet hul nie eers waar hierdie persoon homself bevind nie. Die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die SJGD se VKOP opleidingsprogram is dus positief in sommige funksioneringsareas en negatief in ander areas. Opvoeders ervaar hulle psigososiale omstandighede as positief en negatief en hierdie omstandighede beïnvloed hulle algehele welstand en dus ook die manier waarop hul die SJGD se VKOP implementeer in die crèches waarin hulle werk.

Die crèches waar die deelnemers werksaam is, het dikwels onvoldoende hulpmiddels en hulpbronne om die kleuters te stimuleer en te versorg. Daar is bevind dat daar 'n groot aantal leerders per klas is, terwyl die klaskamerruimtes beperk is. Daar is dikwels ook nie genoegsame personeel by die crèches om programme soos die VKOP effektief te implementeer nie. Deelnemers dui aan dat alle aktiwiteite wat

deur die SJGD se VKOP opleiding voorgestel word, nie effektief geïmplementeer kon word nie, aangesien die crèche 'n tekort aan hulpbronne of gebrekkige infrastruktuur het. Die crèches het wel 'n positiewe betrokkenheid van donateurs en ontvang skenkings op 'n gereelde basis. Dit het egter vanuit die studie aan die lig gekom dat hierdie donasies soms wanbestuur word en nie aangewend word om die omstandighede by die crèche te verbeter nie of dat die kleuters nie noodwendig baat vind by die skenkings nie. Hierdie omstandighede, tesame met die belewenis van hul eie psigososiale omstandighede, maak dit dikwels moeilik vir opvoeders om die SJGD se VKOP effektief in hul crèches te implementeer.

5.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument, soos in hoofstuk een gestel, word deur hierdie navorsingsverslag bevestig. Die kwantitatiewe data wat verkry is verduidelik wat die deelnemers se psigososiale omstandighede is, terwyl die kwalitatiewe data die deelnemers se ervaring van hierdie omstandighede, sowel as die impak wat hierdie omstandighede op die implementering van programme soos die SJGD se VKOP het, beskryf.

Wanneer die data oorweeg word, is dit duidelik dat die implementering van die SJGD se VKOP deur opvoeders by crèches in die Tlokwe-distrik beïnvloed word deur die opvoeders se psigososiale omstandighede.

5.6 AANBEVELINGS

Op grond van die resultate wat vanuit hierdie studie verkry is, kan daar verskeie aanbevelings gemaak word wat nasionaal, vir die SJGD en die Noordwes-Universiteit relevant mag wees.

5.6.1 Nasionaal: Aanbevelings aan staatsdepartemente

- Meer studies moet nasionaal gedoen word om 'n nasionale profiel van VKO opvoeders saam te stel, sodat daar meer resente inligting beskikbaar is en ooreenstemmende intervensies beplan kan word;
- VKO opvoeders moet ondersteun word ten opsigte van hul eie psigososiale omstandighede en daar moet voorligtings- en bemagtigingsprogramme

aangebied word aangaande die hantering van interpersoonlike en sosio-ekonomiese probleme;

- Beter interdepartementele samewerking moet geskied ten einde aan die opvoedkundige-, psigososiale-, gesondheids- en finansiële behoeftes van crèches en die opvoeders werksaam by die crèches te voldoen. Soos gestipuleer in die *Children's Act* (38 van 2005) moet die Departemente van Onderwys, Finansies, Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling saamwerk ten einde VKO in Suid-Afrika optimaal te laat realiseer;
- VKO crèches moet meer ondersteuning van die Departemente van Onderwys, Gesondheid, Finansies en Maatskaplike Ontwikkeling ontvang in terme van finansies en infrastruktuur, ten einde te verseker dat die crèches aan die nasionale standaard voldoen om formeel geregistreer te word;
- Daar moet 'n realistiese tydsraamwerk saamgestel word waar al die VKO-crèches 'n geleentheid gegun word om formeel by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling te registreer as 'n VKO-sentrum;
- Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, in samewerking met die Departemente van Onderwys, Gesondheid en Finansies moet op 'n meer gereelde basis VKO-crèches inspekteer en evalueer ten einde toe te sien dat die crèches aan nasionale standaard voldoen en dat geen wanbestuur of onetiese praktyke by die crèches plaasvind nie.

5.6.2 Plaaslik: Aanbevelings aan die Fakulteite Gesondheids- en Opvoedingswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus

- Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe moet voortgaan om die VKOP opleiding vir opvoeders vanuit bron-arm gebiede aan te bied;
- Die beskikbare hulpbronne en bestaande infrastruktuur by crèches in die Tlokwe-distrik moet in ag geneem word tydens die ontwerp van die VKOP opleidingsprogram sodat die opvoedingsvaardighede en voorgestelde aktiwiteite sinvol in crèches geïmplementeer kan word;
- Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, spesifiek die Vakgroepe Maatskaplike Werk en Sielkunde behoort betrek te word by die opleidingsprogram sodat die

opvoeders 'n lewensvaardigheidsprogram en ander soortgelyke programme kan deurloop wat opvoeders se psigososiale omstandighede kan bevorder;

- Besprekings met die ander kampusse van die Noordwes-Universiteit, sowel as ander Universiteite moet plaasvind ten einde te bepaal of hierdie instansies ook hierdie VKOP opleiding, of 'n soortgelyke opleiding aan crèches in hulle distrikte kan aanbied.

5.6.3 Plaaslik: Die SJGD van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus

- Daar word aanbeveel dat die SJGD voortgaan met die befondsing van die VKOP opleiding wat aan opvoeders vanuit bron-arm gemeenskappe gebied word;
- Dit is belangrik om te fokus daarop om die crèches in die Tlokwe-distrik waar die SJGD betrokke is by te staan en toe te rus ten einde die crèches by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer te kry;
- Die befondsing wat aan die crèches gegee word, tesame met die verbetering van infrastruktuur en die skenking van nie-finansiële middele, moet beheer en gemoniteer word ten einde te verseker dat die crèches hierdie hulp reg bestuur en daar geen wanpraktyke plaasvind nie.

5.7 UNIEKE BYDRAE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie is uniek in die opsig dat geen soortgelyke studie al onderneem is nie. Literatuur wat opvoeders se psigososiale omstandighede en die impak wat dit op die implementering van programme soos die SJGD se VKOP het beskryf, is beperk en feitlik onbekend in die Opvoedingswetenskappe en dissiplines soos maatskaplike werk. Die beperkte literatuur wat wel beskikbaar is, is taamlik verouderd en hou nie tred met die ontwikkeling in die wêreld en in Suid-Afrika nie. Ten spyte van die feit dat hierdie program van die SJGD al sedert 2011 aan VKO opvoeders aangebied word, is hierdie program tot op hede nog nie formeel geëvalueer nie. Hierdie studie was nodig ten einde die psigososiale omstandighede van die opvoeders wat die SJGD se VKOP opleiding deurloop het te bepaal en om te bepaal of deelnemers by die opleidingsprogram baatvind en dit sinvol in hul crèches implementeer, al dan nie.

Hierdie studie het die navorser 'n geleentheid gegee om dieper na die omstandighede van opvoeders wat by die SJGD se VKOP opleiding betrokke is, te kyk. Die literatuurstudie wat onderneem is, het die navorser gehelp om die psigososiale omstandighede van Suid-Afrikaanse opvoeders in geheel beter te verstaan. Die deelnemers aan hierdie studie het die geleentheid gehad om hulle menings ten opsigte van hulself, hul gesinne, hul crèches, hul ondersteuningsnetwerke en die VKOP opleidingsprogram van die SJGD te gee. Die nasionale Departemente, die SJGD, sowel as die Fakulteite Opvoedings- en Gesondheidswetenskappe van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus kan waarde uit hierdie studie put en kan baatvind deur die aanbevelings wat die navorser maak, te implementeer.

5.8 GEVOLGTREKING

Die algemene doelstelling van hierdie studie was om die psigososiale omstandighede van die opvoeders betrokke by die SJGD te ondersoek en die invloed van sodanige omstandighede op die implementering van die SJGD se VKOP te bepaal. Hierdie doelstelling is bereik deur 'n literatuurstudie te onderneem en 'n empiriese ondersoek met kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologie te benut. Die kwantitatiewe data wat verkry is verduidelik wat die deelnemers se psigososiale omstandighede is, terwyl die kwalitatiewe data die deelnemers se ervaring van hierdie omstandighede, sowel as die impak wat hierdie omstandighede op die implementering van programme soos die SJGD se VKOP het, beskryf. Die navorsingsverslag is in verhandelingsformaat aangebied en in vyf hoofstukke weergegee.

Die sentrale teoretiese argument, soos in hoofstuk een gestel, word deur hierdie navorsingsverslag bevestig. Daar is bevind dat die psigososiale omstandighede van opvoeders betrokke by die Studente Jool Gemeenskapsdiens se Vroeë Kinderontwikkelingsprogram 'n invloed op die implementering van die Vroeë Kinderontwikkelingsprogram in hul crèches het. Deelnemers beleef hulle psigososiale omstandighede as beide positief en negatief en hierdie omstandighede het dan 'n positiewe en negatiewe invloed op hul welstand. Indien hul welstand negatief beïnvloed word, sukkel deelnemers om sodanige programme in hul

onderskeie crèches te implementeer. Op grond van die resultate wat vanuit hierdie studie verkry is, is verskeie aanbevelings gemaak wat nasionaal, vir die SJGD en die Noordwes-Universiteit relevant is.

Hierdie studie is uniek in die opsig dat geen soortgelyke studie al onderneem is nie. Literatuur wat opvoeders se psigososiale omstandighede en die impak wat dit op die implementering van programme soos die SJGD se VKOP het beskryf, is beperk en feitlik onbekend in die Opvoedingswetenskappe en dissiplines soos maatskaplike werk. Hierdie studie het die navorser 'n geleentheid gegee om dieper na die omstandighede van opvoeders wat by die SJGD se VKOP opleiding betrokke is, te kyk.

BIBLIOGRAFIE

African National Congress. 1994. The Reconstruction and Development Programme (RDP): a policy framework. Johannesburg: ANC.

Alatis, J.E. 2004. The psychic rewards of teaching. *English today*, 1(4):30-37.

Alston, M. & Bowles, W. 2007. Research for social workers: an introduction to methods. 2nd ed. New York: Routledge Taylor & Francis Group.

Anderson, L.M., Shinn, C., Fullilove, T., Scrimshaw, S.C., Fielding, J.E., Normand, J., Carande-Kulis, V.G. & Task Force on Community Preventive Services. 2003. The effectiveness of early childhood development programs. *American journal of preventive medicine*, 24(3):32-46.

Anon. 2008. Understanding and dealing with stress. <http://www.mtstcil.org/skills/stres-definition-1.html> Date of access: 11 August 2015.

Babbie, E.R. 2004. The practice of social research. 10th ed. Belmont, Calif.: Thomson / Wadsworth.

Bergh, Z. 2004. Work adjustment. (In Bergh, Z.C. & Theron, A., eds. Psychology in the work context. Oxford: Oxford University Press. p. 438-450.)

Berry, L. & Guthri, T. 2003. The situation of children in South Africa. Cape Town: Children's Institute.

Bobek, B.L. 2002. Teacher resiliency: a key to career longevity. *Teacher resiliency*, 75(4):202-205.

Boyer, W.A.R. & Bandy, H. 2010. Rural teachers' perceptions of the current state of inclusion: knowledge, training, teaching practices and adequacy of support systems. *Exceptionality: a special education journal*, 7(1):1-18.

Boylan, C. & McSwan, D. 1998. Long staying teachers: who are they? *Australian journal of education*, 1:1-22.

Bradley, R.H. & Corwyn, R.F. 2002. Socioeconomic status and child development. *SES and child development*, 53:371-399.

Brewer, J. 2007. Introduction to early childhood education: preschool through primary grades. 6th ed. Boston, Mass.: Pearson Education.

Brinkmann, S. & Kvale, S. 2008. Ethics in qualitative psychological research. (In Willig, C. & Stainton-Rogers, W., eds. *Qualitative research in psychology*. London: Sage. p. 263-279.)

Cape Town City Council. Planning and Environment Directorate. 2003. Policy for Early Childhood Development Centres (ECD). Cape Town.

Children's Act **kyk** South Africa

Compton, W.C. 2005. An introduction to positive psychology. Belmont, Calif.: Wadsworth Cengage Learning.

Conger, R.D. & Donnellan, M.B. 2007. An interactionist perspective on the socioeconomic context of human development. *Annual review of psychology*, 58:175-179.

Constitution of the Republic of South Africa **kyk** South Africa

Creswell, J.W. 2014. Qualitative inquiry and research design. 2nd ed. London: Sage.

Currie, J. 2001. Early childhood education programs. *Journal of economic perspectives*, 15(2):213-238.

Dan, G. 2002. Mystery of good teaching. *Hoover Institution Press Audience*, 2(1):1-7.

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. Scientific theory and professional research. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human services professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 28-44.)

De Vos, J. 2010. Personal characteristics and behaviour of victimised educators and their bullies that contribute to workplace violence. Potchefstroom: North-West University. (Thesis - PhD.)

Department of Social Development **kyk** South Africa

Dubois, B. & Miley, M.M. 2008. *Social work: an empowering profession*. 6th ed. Boston, Mass.: Pearson Education.

Early, D.M., Maxwell, K.L., Burchinal, M., Bender, R.H., Ebanks, C., Henry, G.T., Iriondo-Perez, J., Mashburn, A.J., Pianta, R.C., Alva, S., Bryant, D., Cai, K., Clifford, R.M., Griffin, J.A., Howes, C., Jeon, H., Peisner-Feinberg, E., Vandergrift, N. & Zill, N. 2007. Teacher's education, classroom quality and young children's academic skills: results from seven studies of preschool programs. *Child development*, 78(2):558-580.

Elo, S. & Kyngäs, H. 2007. The qualitative content analysis process. *Journal of advanced nursing*, 62(1):107-115.

Englebright Fox, J. & Schirmacher, R. 2012. *Art and creative development for young children*. 7th ed. Belmont, Calif.: Wadsworth Cengage Learning.

Faul, A.C. & Hanekom, A.J. 2006. *Adult assessment: the personal multi-screening inventory*. Potchefstroom: Perspective Training College.

Feistritzer, C.E. 2008. Profile of alternative route teachers. Washington, D.C.: National Centre for Education Information.

Ferreira, J.G. & Venter, E. 2014. Omgewingsopvoeding se rol in die integrasie van omgee vir die omgewing en menslike welstand. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir natuurwetenskap en tegnologie*, 33(1):1-6.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011a. Formal formulations. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 89-99.*)

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2011b. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 133-141.*)

Fredriksen, K. & Rhodes, J. 2004. The role of teacher relationships in the lives of students. *New directions for youth development*, 103:45-54.

Gibson, L.G., Ivancevich, J.M., Donnelly, J.H. & Konopaske, R. 2006. Organizations: behaviour structure processes. Boston, Mass.: McGraw-Hill.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 328-339.*)

Gu, Q. & Day, C. 2007. Teachers resilience: a necessary condition for effectiveness. *Teaching and teacher education*, 23:1302-1316.

Hanushek, E.A., Kain, J.F., Brien, D.M. & Rivkin, S.G. 2005. The market for teacher quality. *National Bureau of Economic Research journal*, 12:1-38.

Hargreaves, A. 1999. The psychic rewards (and annoyances) of teaching. (*In* Hammersley, M., ed. *Researching school experience*. London: Falmer Press. p. 87-107)..

Huppert, F.A., Baylis, N. & Keverwe, B. 2007. *The science of well-being*. New York: Oxford University Press.

Ilifa Labantwana. 2014. *Early Childhood Development (ECD) in SA is on the move: what does that mean for the NPO Training Sector?* Cape Town: Ilifa Labantwana.

Ivankova, N.V., Creswell, J.W. & Plano Clark, V.L. 2007. Foundations and approaches to mixed methods research. (*In* Maree, K., ed. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 248-294.)

Janse van Rensburg, O. 2006. *Die invloed van 'n konseptuele stimuleringsprogram op Graad 1-leerders*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif - PhD.)

Jarbandhan, D.B. & Schutte, D. 2006. Using the survey procedure and interview data collection technique. *Journal of public administration*, 41(3):669-681.

Jeffrey, B. & Troman, G. 2004. Time for ethnography. *British educational research journal*, 30(4):535-548.

Joubert, R. 2010. *Die evaluering van die REDS-Program in die Matlosane distrik, Noordwes Provinsie*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif - PhD.)

Kondos, G.T. 2012. *Development and testing of an assessment framework for the Student Rag Community Service at the North-West University, Potchefstroom Campus*. Potchefstroom: North-West University. (Dissertation - MA.)

Kreuger, L.W. & Neuman, W.L. 2006. *Social work research methods: qualitative and quantitative applications*. Boston, Mass.: Pearson Education.

Letseka, M. 2010. Early childhood development (ECD) trends in the province of the Eastern Cape, South Africa. *Commonwealth youth and development*, 8(1):56-71.

Lidz, C.S. 2003. Early childhood assessment. New York: Wiley.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 2007. But is it rigorous? Trustworthiness and authenticity in naturalistic evaluation. *New directions for program evaluation*, 30:73-84.

Maclean, R. 1992. Teachers' career and promotion patterns: a sociological analysis. Bristol: Falmer Press.

Maree, K. 2010. First steps in research. 6th ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1999. Designing qualitative research. 3rd ed. London: Sage.

McLeod, V.C. 1998. Socioeconomic disadvantage and child development. *American psychologist*, 32:185-190.

Meier, C. & Marais, P. 2012. Education management in early childhood development. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Miley, K.K., O'melia, M. & Dubois, B. 2009. Generalist social work practice: an empowering approach. 6th ed. Boston, Mass.: Pearson Education.

Monette, D.R., Sullivan, T.J. & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: tool for human sciences. Belmont, Calif.: Thomson Wadworth.

National Planning Commission **kyk** South Africa

Nel, B.S. 2011. The transition from social worker to non-profit organisation manager: a challenge to grow. Potchefstroom: North-West University. (Thesis - PhD.)

- Neuman, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston, Mass.: Pearson Education.
- Nieuwenhuis, J. 2010. Qualitative research designs and data gathering techniques. (In Maree, K., ed. First steps in research. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 70-92.)
- Nyeko, J.P.T. 2011. Exposure of children to early childhood development programs and subsequent school entry and grade progression within the broader context of the home environment in Uganda. Victoria, B.C.: University of Victoria. (Thesis - PhD.)
- Olivares, M.M. & Arnolds, M. 2007. Personal and demographic characteristics of retained teachers of special education. *Education*, 126(4):702-710.
- Oxford Mini School Dictionary. 2007. 3rd ed. Brazil: Oxford University Press.
- Padayachee, R., Atmore, E., Biersteker, L. & Evans, J. 1994. Report on the South African study on early childhood development: recommendations for action in support of young children. Washington D.C.: World Bank. Centre for Education Policy Development.
- PASWIN. 2000-2005. Computer software. Potchefstroom: Perspective Training College.
- Pauen, S.M. 2012. Looking back and looking forward: milestones in research on early childhood development. (In Pauen, S.M., ed. Early childhood development and later outcome. Mexico: Cambridge University Press. p. 1-9.)
- Pearce, J. 2011. Teacher identity and early career resilience: exploring the links. *Australian journal of teaching education*, 36:48-59.

Pence, A., *et al.* 2004. ECD Policy Development and implementation in Africa. *International journal of educational policy, research, and practice: reconceptualizing childhood studies*, 5(3):13-29.

Poggenpoel, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (*In De Vos, A.S., ed. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 334-353.*)

Poulin, J. 2000. Collaborative social work: strengths-based generalist practice. Belmont, Calif.: Wadsworth / Thomson Learning.

Rakumako, A. & Laugksch, R. 2010. Demographic profile and perceived INSET needs of secondary mathematics teachers in Limpopo province. *South African journal of education*, 30:139-152.

Rathbone, C.J., Holmes, E.A., Murphy, S.E. & Ellis, J.A. 2015. Autobiographical memory and well-being in aging: the central role of semantic self-images. *Consciousness and cognition*, 33(2015):422-431.

Reynolds, A.J., Temple, J.A. & White, B. 2010. Cost-effective early child programs from preschool to third grade. Minneapolis, Minn.: University of Minnesota.

Reynolds, C. 2010. Social work responsibility towards stress management. *Social work / Maatskaplike werk*, 46(1):26-35.

Roberts, P. 2005. Staffing an empty schoolhouse: attracting and retaining teachers in rural, remote and isolated communities. New York: Eric Pearson.

Robertson, I. & Cooper, C. 2011. Well-being: productivity and happiness at work. New York: Palgrave Macmillan.

Roux, Z. 2007. Job and home characteristics, negative work-home interaction and ill-health of employed females in South Africa. Potchefstroom: North-West University. (Thesis - PhD.)

Rule, P. 2005. Ten years of early childhood development: a case study of Little Elephant Training Centre for Early Education. *Journal of education*, 35:121-138.

Saban, A. 2003. A Turkish profile of prospective elementary school teachers and their views of teaching. *Teaching and teacher education*, 19:829-846.

Sargent, T. & Hannum, E. 2005. Keeping teachers happy: job satisfaction among primary school teachers in rural Northwest China. *Comparative education review*, 49(2):173-204.

Shulman, J.H. & Sato, M. 2006. Mentoring teachers towards excellence: supporting and developing highly qualified teachers. San Francisco, Calif.: Jossey-Bass.

Sikes, P. 1999. Understanding teacher's lives: the influence of parenthood. (In Hammersley, M., ed. *Researching school experience*. London: Falmer Press. p. 107-22.)

Simeon, E., Herbst, A.G. & Nienaber, A. 2014. The effect of a leadership development programme on a group of adolescents from a resource-restricted community. *Social work practitioner-researcher*, 26(1):4-23.

SJGD Studente Jool Gemeenskapsdiens. 2004. Grondwet. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

South Africa. 1996. Constitution of the Republic of South Africa, Act No. 108 of 1996. <http://www.gov.za/documents/constitution/1996/a108-96.pdf> Date of access: 15 April 2015.

South Africa. 2005. Children's Act, Act 38 of 2005. Pretoria: Department of Social Development.

South Africa. 2009. White Paper on Education Development and Policy 2009-2019: raising the standard, maximizing resources, aligning with best practices- promoting success for all. Cape Town.

South Africa. Department of Education. 2001. The nationwide audit of ECD provisioning in South Africa. Pretoria: Department of Education.

South Africa. Department of Social Development. 2011. All about non-profit organisations. Pretoria: Department of Social Development.

South Africa. National Planning Commission. 2011. National Development Plan 2030: our future - make it work. Pretoria: National Planning Commission.

South African Council for Social Service Professions' (SACSSP). 2013. Policy guidelines for course of Conduct, code of Ethics and the rule for social workers. www.sacssp.co.za/website/wp-content/uploads/.../CODE-of-Ethics.pdf Date of access: 18 August 2015.

Strydom, H. 2011a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 113-129.*)

Strydom, H. 2011b. Sampling in the quantitative paradigm. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 222-234.*)

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p. 390-396.)

Swanepoel, H.J. 2003. 'n Kritiese evaluering van White en Epston se Narratiewe Hantering van die Sosiale Konstruksie "afwykende gedrag". Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO. (Proefskrif- PhD.)

Taylor, C. 2015. Learning in early childhood: experiences, relationships and "learning to be". *European journal of education*, 50(2):160-174.

Tlokwe City Council. 2012. Draft integrated development plan for the Tlokwe City Council Third Generation IDP. Compiled in terms of Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000). Potchefstroom: Tlokwe City Council.

Tlokwe City Council. 2013. Tlokwe Municipality demographics and services rendered by different departments. Potchefstroom: Tlokwe City Council.

Training and Resources in Research Ethics Evaluation (TREEE). 2009. Module 2.1: Research ethics evaluation. <http://elearning.treee.org> Date of access: 26 October 2015.

Troman, G. 1999. Researching primary teachers' work: examining theory, policy and practice through interactionist ethnography. (In Hammersley, M., ed. Researching school experience: explorations of teaching and learning. London: Falmer Press. p. 33-51.)

Vally, S. 2005. Citizenship and children's education rights in South Africa. *Journal of education*, 35:31-47.

Van der Walt, J.P., Swart, I. & De Beer, S. 2014. Informal community-based early childhood development as a focus for urban public theology in South Africa. *HTS theological studies*, 70(3):1-16.

Van der Westhuizen, M. 2009. Evaluation of the REds programme in the North-West Province. Potchefstroom: North-West University. (Dissertation - MA.)

Ward, V. & Henschel, J. 2009. Mary Seely, visionary scientist and dedicated teacher. *South African journal of science*, 105:397-398.

Weiten, W. 2007. Psychology themes and variations. 7th ed. Belmont, Calif.: Thomson Wadsworth.

Weyers, M.L. & Herbst, A.G. 2014. Training university students for community engagement: lessons from a KAB study. *Social work practitioner-researcher*, 26(2):1-24.

White Paper on Education Development and Policy **kyk** South Africa

Williams, T., Samuels, M.L., Mouton, J., Ratele, K., Shabalala, N., Shefer, T. & Strebel, A. 2001. The nationwide audit of ECD provisioning in South Africa. Pretoria: Department of Education.

Winston, P.J. & McCollum, J.A. 2008. Preparing and supporting high quality education. *Early childhood practitioners: issues and evidence*, 7:1.

Zastrow, C. & Kirst-Ashman, K.K. 2010. Understanding human behaviour and the social environment. 8th ed. Belmont, Calif.: Brooks Cole Cengage Learning.

BYLAAG A: VOORBEELD VAN DIE PMSI-MEETINSTRUMENT



**Perspective
Training College**

**Perspektief
Opleidingskollege**

***Personal Multi-Screening
Inventory (PMSI)***

***Persoonlike Multi-Sifting
Inventaris (PMSI)***

**Potchefstroom
South Africa**

PO Box 20842 Posbus
Noordbrug, Potchefstroom, 2522

7 Grietjie Street / Straat 7
Dassierand, Potchefstroom, 2531

Tel +27 18 293 1416
Fax 0866 921 322

E-mail / E-pos:
perspektief@lantic.net

Questionnaire / Vraelys

Besoek ons webwerf:
Visit our website:

www.perspectivetrainingcollege.com

Lede / Members:
AC Faul & AJ Hanekom

Perspektief in Menswees
CK 1992/029890/23

Banking Details:
Perspektief in Menswees
Standard Bank Potchefstroom
Branch Code: 052838
Account Number: 012380040

**Comprehensive Personal
Assessment**

**Omvattende Persoonlike
Assessering**

Personal Multi-Screening Inventory (PMSI)

About your PMSI Profile

Confidentiality

We want you to know that the personal information you share will remain just that, personal. Your confidentiality will be respected.

Purpose

The PMSI is designed to improve the quality of your life by evaluating your present functioning and making recommendations for the future. For the report to be accurate, all questions need to be answered to the best of your ability.

A few Suggestions

Answer the questions as quickly and as honestly possible. Do not speculate too long before you answer. This is not a test and there are no right or wrong answers. The first answer that comes to mind is usually the correct one.

Procedure

- Mark the relevant number on the answer sheet, by encircle the number.
- Check to be sure you have answered every question.
- If a specific question is not applicable, please encircle the **X** on the answer sheet.

Example

I am full of life

If your answer is **often**, encircle **4**

Persoonlike Multi-Sifting Inventaris (PMSI)

Oor u PMSI Profiel

Vertroulikheid

Ons wil hê u moet weet dat die persoonlike inligting wat u met ons deel persoonlik bly. U vertroulikheid sal beskerm word.

Doel

Die PMSI is ontwerp om kwaliteit van u lewe te verhoog deur u huidige funksionering te evalueer en aanbevelings vir die toekoms te maak. Vir die verslae om akkuraat te wees moet al die vrae na die beste van u vermoë beantwoord word.

'n Paar Voorstelle

Antwoord die vrae so vinnig en eerlik moontlik. Moenie te lank oor 'n antwoord dink nie. Dit is nie 'n toets nie en daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die eerste antwoord wat in u gedagtes opkom, is normaalweg die korrekte een.

Prosedure

- Merk die relevante nommer op die antwoordblad, deur die nommer te omring.
- Maak seker u het elke vraag geantwoord.
- Indien 'n spesifieke vraag nie op u van toepassing is nie, omsirkel die **X** op die antwoordblad.

Voorbeeld



Ek is vol lewe

Indien u antwoord **dikwels** is, trek 'n sirkel om **4**.

1 2 3 ④ 5

Copyright © 2002-2005 Perspektief Training College

No part of this assessment scale may be copied or reproduced in any manner without written permission from the publisher.

Perspektief Training College, PO Box 20842, Noordbrug 2522


Tel +27 18 297 3716, Fax +27 18 297 4775, E-mail perspektief@lantic.net

PMSI-2


**Personal Multi-Screening Inventory (PMSI)
Persoonlike Multi-Sifting Inventaris (PMSI)**

Questionnaire / Vraelys


Mark the relevant item on the answer sheet, using the following numerical scale:	Merk die betrokke item op die antwoordblad deur die volgende skaal te gebruik:
--	--




I feel rejected.	1	Ek voel verwerp.
I maintain the belief that things will turn out fine.	2	Ek behou geloof dat dinge goed sal afloop.
I act in a tense way.	3	Ek tree gespanne op.
I feel frustrated.	4	Ek voel gefrustreerd.
I have willpower.	5	Ek het wilskrag.
I get head aches and/or other aches as a result of tension.	6	Ek kry hoof- en/of ander pyne as gevolg van spanning.
I am hopeful about my future.	7	Ek is hoopvol oor my toekoms.
I feel as tense as a tightly coiled spring.	8	Ek voel so gespanne soos 'n opgewende veer.
I have stopped laughing.	9	Ek het opgehou om te lag.
I feel life is unfair.	10	Ek voel die lewe is onregverdig.
I avoid people.	11	Ek vermy mense.
I feel people demand too much from me.	12	Ek voel daar word te veel eise aan my gestel.
I take action to solve my problems.	13	Ek neem aksie om my probleme op te los.
I feel panicky.	14	Ek voel paniekerig.
I find it difficult to get started.	15	Ek sukkel om aan die gang te kom.
I find it difficult to keep up the pace.	16	Dit is vir my moeilik om die pas vol te hou.
I feel powerless to do anything about my circumstances.	17	Ek voel magteloos om iets aan my omstandighede te doen.
I act in a listless way.	18	Ek tree lusteloos (sonder energie) op.
I feel satisfied with the standard of my life.	19	Ek voel tevrede met die standaard van my lewe.
I act without any purpose.	20	Ek tree doelloos op.
I become entangled in arguments.	21	Ek raak in argumente betrokke.
I take control of my problems.	22	Ek neem beheer van my probleme.
I act panicky when I experience stress.	23	Ek tree paniekerig op wanneer ek spanning ervaar.
I create an unpleasant atmosphere when I feel frustrated.	24	Ek skep 'n onaangename atmosfeer wanneer ek gefrustreerd voel.
I show my frustrations to others.	25	Ek wys my frustrasies aan ander.
I feel good about the course my life is taking at present.	26	Ek voel goed oor die huidige verloop van my lewe.
I am downhearted.	27	Ek is temeergedruk.
I feel irritated.	28	Ek voel geïrriteerd.




I get what I want by making others feel too threatened to oppose me.	29	Ek kry my sin deur ander mense te bedreig te laat voel om my teen te staan.
I socialise with others.	30	Ek verkeer sosiaal met ander.
I feel cheerful.	31	Ek voel opgewek.
I become embittered.	32	Ek raak verbitterd.
I only do the minimum.	33	Ek doen net die minimum.
I feel angry.	34	Ek voel kwaad.
I act disordered when I experience stress.	35	Ek tree verward op wanneer ek spanning ervaar.
I encourage others because I believe things will turn out well.	36	Ek praat ander moed in want ek glo alles sal goed gaan.
I manage life with a smile.	37	Ek hanteer die lewe met 'n glimlag.
I am goal oriented.	38	Ek is doelgerig.
It is important to me to work hard.	39	Dit is vir my belangrik om hard te werk.
I feel satisfied with my present accomplishments.	40	Ek voel tevrede met dit wat ek tans bereik.
People can see from my actions that I am afraid.	41	Mense kan uit my optrede sien dat ek bang is.
I feel prevented from reaching my objectives.	42	Ek voel verhinder om my doelwitte te bereik.
I achieve little.	43	Ek bereik min.
I act unproductively.	44	Ek tree onproduktief op.
I feel down-in-the-dumps.	45	Ek voel neerslagtig.
I complete what I set out to do.	46	Ek maak klaar met dit waarmee ek begin.
